

**Die relevansie van kerklike tug in 'n post-moderne wêreld: 'n  
Studie van die kerkorde van die Ned. Geref. Kerk**

Deur Sias Werner Burger

Verhandeling ingedien by die Departement Ekklesiologie van die Fakulteit  
Teologie van die Universiteit van die Vrystaat om te voldoen aan die vereistes  
vir die graad Magister Theologiae.

Promotor: Prof P J Strauss

Datum: Januarie 2015

## **VERKLARING**

Ek verklaar dat die verhandeling wat hierby vir die kwalifikasie Magister Theologiae aan die Universiteit van die Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander universiteit of fakulteit ingedien is nie. Ek doen ook hiermee afstand van die outeursreg ten gunste van die Universiteit van die Vrystaat.

---

S.W. Burger

# INHOUDSOPGAWE

## INLEIDING

1.	Die aard van die navorsing	1
2.	Metode	2
3.	Motivering vir en vraagstelling van die studie	3
4.	Die struktuur van die Nederduits-Gereformeerde-Kerkorde	3
5.	Artikel 59-60 se onmiddellike konteks	5
6.	Die historiese kantaantekeninge by die NGK-KO en sy konteks	6
6.1.	Die naam kerkorde	6
6.2.	Die Presbiteriaal-Sinodale kerkregtelike tradisie in Nederland	7
6.2.1.	Londense Kerkorde van 1554	7
6.2.2.	Die Ordonnances Ecclésiastiques van Genève	8
6.2.3.	Die Discipline Ecclésiastiques van 1559	9
6.2.4.	Die convent van Wezel 1568	10
6.2.5.	Die Nasionale Sinode van Emden 1571	10
6.2.6.	Die kerklike orde wat deur die provinsiale staten Holland en Zeeland ontwerp is, 1576	11
6.2.7.	Die Nasionale Sinode van Dordrecht, 2 – 18 Junie 1578	11
6.2.8.	Die Nasionale Sinode van Middelburg, 1581	12
6.2.9.	Die Nasionale Sinode van Den Haag, 1586	12
6.2.10.	Die Nasionale Sinode van Dordrecht, 1618 – 1619	13
6.2.11.	Die kerkorde in die Kaapse Kerk en daarna in die Nederduitse Gereformeerde kerk in Suid-Afrika	14
6.2.12.	Samevatting	16
7.	Postmodernisme	16
8.	Uiteensetting	18

## **DIE OORSPRONG VAN DIE TUG**

### **AFDELING 1**

20

## **ONTSTAAN VAN DIE TUG**

### **HOOFSTUK 1**

1.	Inleiding	21
2.	Titel en betekenis van die Kerklike Tug	21
3.	'n Ou-Testamentiese perspektief oor die Kerklike Tug	23
3.1.	Die tughandeling vanaf Adam tot Moses	23
3.2.	Die tughandeling vanaf Moses tot die Ballingskap	24
4.	'n Nuwe-Testamentiese perspektief oor die Kerklike Tug	27
4.1.	'n Blik op Matt. 16:19	27
4.2.	Christus en die Kerklike Tug	28
5.	Samevatting	29

## **EIENSKAPPE VAN DIE TUG**

### **HOOFSTUK 2**

1.	Inleiding	31
2.	Die tug kom deur liefde tot uitvoering	31
3.	Die geestelike karakter van die kerklike tug	33
4.	Ander karaktereienskappe wat die kerklike tug beïnvloed	36
4.1.	Regtelike karakter	36
4.2.	Pedagogiese karakter	36
4.3.	Genesende karakter	37
5.	Samevatting	37

## **HOE CHRISTUS DIE TUG UITOEFEN?**

### **HOOFSUK 3**

1.	Inleiding	39
2.	Christus as subjek van die kerklike tug	39
3.	Christus en die kerklike tug; 'n saak van erns	41
3.1.	Christus verorden die tug omdat Hy barmhartig is	41
3.2.	Die tug raak die heiligheid van die gemeente aan	42
3.3.	Die tug raak ook die getuienis van die kerk en haar invled op die wêreld aan	42
3.4.	Die tug is laastens deur Christus verorden omdat dit die eer van God aanraak	43
4.	Samevatting	44

## **DIE NOODSAAKLIKHEID VAN DIE TUG**

### **HOOFSUK 4**

1.	Inleiding	46
2.	Teenkanting teen die tug	46
3.	Die noodsaaklikheid van die tug in die kerk	47
3.1.	Die noodsaaklikheid van die Tug in die Skrif	47
3.2.	Die tug is noodsaaklik vir die kerk	48
3.3.	Die tug is noodsaaklik vir die lidmate	49
4.	Samevatting	51

**DIE ANALISE VAN DIE KERKORDE –ARTIKEL 59 EN 60**  
**AFDELING 2**

53

**DIE ANALISE VAN ARTIKEL 59 VAN DIE NGK-KO**  
**HOOFSTUK 5**

1.	Inleiding	54
2.	'n Analise van Artikel 59	54
2.1.	Die Kerklike opsig word gehou en kerklike tug uitgeoefen	55
2.1.1.	Tot eer van God	56
2.1.2.	Tot heil van die Kerk	57
2.1.3.	Tot behoud van die sondaar	59
2.1.4.	Kort samevatting	60
2.2.	Volgens voorskrifte van	60
2.2.1.	Die Woord van God	61
2.2.2.	Die Belydenisskrifte	61
2.2.3.	Die Kerkorde en ander bepalinge van die Kerk	61
2.2.4.	Die diensooreenkoms	62
3.	Samevatting	62

**DIE ANALISE VAN DIE ARTIKEL 60 VAN DIE NGK-KO**  
**HOOFSTUK 6**

1.	Inleiding	64
2.	'n Analise van die Artikel 60	64
2.1.	Analise van Artikel 60.1	65
2.2.	Analise van Artikel 60.2	67
2.3.	Analise van Artikel 60.3	68
2.3.1.	Audi alteram partem	69
2.3.2.	Nemo iudex in cause sua	70
2.3.3.	Onpartydigheid	70

2.3.4.	Aandagbesteding	70
2.4.	Analise van Artikel 60.4	71
3.	Samevatting	72

## **DIE PRAKTIESE TOEPASSING VAN DIE TUG**

<b>AFDELING 3</b>		74
-------------------	--	----

## **MENSEREGTE, GEMEENTES EN TEENKANTING OOR DIE KERKLIKE TUGHANDELING**

### **HOOFSUK 7**

1.	Inleiding	75
2.	Die tug en menseregte	75
3.	Die toepassing van die tug in die kerk	77
4.	Teenkanting	79
5.	Samevatting	80

## **DIE BEOEFENING VAN DIE TUG IN DIE PRAKTYK**

### **HOOFSUK 8**

1.	Inleiding	82
2.	Die stappe van 'n tugondersoek	82
2.1.	Tugwaardige sonde	83
2.2.	Aanmelding van 'n tugszaak	83
2.3.	Stappe om geldigheid van tugondersoek te verseker	84
2.4.	Die Tugondersoek	86
2.5.	Die uitslag	88
3.	Die tugondersoek	90
3.1.	Tugondersoek een	90
3.2.	Tugondersoek twee	93
3.3.	Opsomming	94

4.	Samevatting	95
<b>SAMEVATTING</b>		
<b>AFDELING 4</b>		97
<b>SAMEVATTING</b>		
1.	Inleiding	98
2.	Die oorsprong van die tug	98
3.	'n Analise van die kerkordes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk	100
4.	Impak en praktiese toepassing van die tug	102
5.	Samevatting	103
<b>OPSOMMING</b>		105
<b>SUMMARY</b>		107
<b>KERNBEGRIPPE</b>		109
<b>BIBLIOGRAFIE</b>		110
<b>ADDENDUM</b>		113



# INLEIDING

## 1. Die aard van die navorsing

Die aard van die navorsing is ‘n teologiese analise van die kerkregtelike term tug. In die analise word daar gefokus op die aard van die tug. Daar word dus gefokus op hoofstuk 5 van die kerkorde van NGK.

Die vraag is of die tughandeling enigsins van belang is vir die kerk. Soos wat die Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 29 dit stel: “Die kenmerke waaraan ons die ware kerk kan uitken, is die volgende: Wanneer die kerk die *evangelie suiwer preek, die sakramente suiwer bedien* soos Christus dit ingestel het en *die kerklike tug* gebruik om die sondes te straf—kortom, wanneer almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is, verwerp en Jesus Christus as die enigste Hoof erken. Hieraan kan ons met sekerheid die ware kerk uitken, en niemand het die reg om hom daarvan af te skei nie.”<sup>1</sup> Die gevolg is dat tug deel uitmaak van die *notae ecclesiae* (kenmerke van die kerk). Die ander twee kenmerke van die kerk is suiwer woordverkondiging en sakramente.

Al drie die *notae ecclesiae* is iets waarsonder die kerk nie kan funksioneer nie. Dat daar tug in die kerk moet wees is een van die mees algemene feite wat daar kan wees. Alhoewel dit ‘n algemene stelling is, is die tughandeling een van die drie kenmerke wat baie versak word deur die kerk. Alhoewel die tughandeling nie altyd uitgevoer word nie is die vraag egter of dit enigsins van belang is in ‘n post-moderne wêreld? ‘n Wêreld waarin die individu se regte en gewete bo die van die gemeenskaplike kerklike norme gestel word.

Soos wat die kerk bely is tug ‘n handeling wat in liefde uitgevoer moet word. Alhoewel die kerk bely dat tug in liefde uitgevoer moet word, word die tug in die post-moderne wêreld nie altyd so positief gesien nie. Tug word gesien as mense wat inmeng of “oordeel” oor ander mense. As gevolg hiervan het die tug ‘n negatiewe konnektasie. Dus as die tug toegepas word, word die tug verwerp en is die lidmate geneig om oor te gaan na ‘n ander gemeente of denominasie. Die gevolg is dat die christelike geloof haarself nie meer wil onderwerp aan die kerklike tughandeling nie.

---

<sup>1</sup> Ons glo (2008:29)

Die tug het ten doel dat die verheerliking van God, die heil van die kerk en laastens die behoud van die sondaar bewerk en behoue bly. Die gevolg is dat as die tughandeling geminag word dat hierdie drieledige doel van die tug verlore gaan. Tug as kerklike begrip het 'n dieper betekenis as net bv. afsnyding of "oordeel". Hierdie dieperliggende doel moet ontgin word in hierdie studie deur die vraag te vra: wat is die aard van die kerklike tug?

Met hierdie vraag word daar 'n ongelooflike diepte aan die studie gegee. Daar word nie net gelet op dit wat die tug inhou nie, maar dit gaan spesifiek daarvoor om die diepste motief en ontstaan, of meer spesifiek die aard van die kerklike tug te ontgin.

Die onderhawige studie val dus uiteen met die ontstaan van die kerklike tug, die karaktereenskappe van die tug, hoe Christus die tug uitoefen, die noodsaaklikheid van die tug, die post-moderne mens se siening oor die tug en laastens, wat is die aard van die tug in 'n post-moderne wêreld. Die studie vereis ook 'n in-diepte ondersoek na die Nederduitse Gereformeerde Kerkorde (NGK-KO) Artikel 59 sowel as Artikel 60.

## **2. Metode**

Die metode wat gevolg gaan word is 'n eksegetiese metode sowel as 'n literatuurstudie. Dit gaan hier om die uitleg, interpretasie en die verstaan van 'n teks. Die tekste wat ontleed gaan word is NGK-KO Artikel 59 sowel as Artikel 60. Die Heilige Skrif word ook bygebring, juis omdat die NGK-KO op die Skrif geskoei is, asook die Belydenisskrifte.

Voordat daar gelet kan word op hierdie twee artikels is dit egter ook belangrik om onderskeie hoofstukke te wy aan die ontstaan van die tug, die eienskappe van die tug, hoe Christus die tug uitoefen en die noodsaaklikheid van die tug.

Die rede hiervoor is dat daar eers 'n aanvoeling gekweek word vir die rede waarom die tughandeling van belang is. Dit is dus nodig om te vra wat die aard van die kerklike tughandeling is in 'n post-moderne wêreld.

### **3. Motivering vir en vraagstelling van die studie**

Die vraag wat gevra moet word is juis waarom hierdie twee artikels van die NGK-KO analiseer word in hierdie studie. Die antwoord hierop is dat die kerklike tughandeling een van die *notae ecclesiae* (kenmerke van die kerk) is. Sou die kenmerk geminag word, wat hou dit in vir die kerk? Die vraag na wat die aard van die tug is, word 'n belangrike vraag. In 'n gemeenskap waar daar nie aandag aan die tug gegee word nie, maar tug een van die kenmerke van die ware kerk is, dwing dit 'n studie af om te bepaal of dit nog enigsins meriete dra om as een van die drie *notae ecclesiae* gesien te word al dan nie.

Die onderliggende vraag is: wat is die aard van die kerklike tug? Watter denkstrukture is onderliggend aan waar die artikels oor die kerklike tug in die NGK-KO voorkom? In die volgende paragraaf word die denkstrukture van die NGK-KO dus kortliks uiteengesit, met die doel om te wys wat die denkstrukture is vir die plasing van die artikel oor die tug in hierdie hoofstuk waarin hy homself bevind.

### **4. Die struktuur van die Nederduitse Gereformeerde Kerkorde**

As daar na die NGK-KO gekyk word is dit belangrik om die vraag af te vra: waar pas die gedeelte in oor die kerklike tughandeling in die geheelstruktuur van die Kerkorde? Die struktuur van die NGK-KO is dan as volg:

Die kerkorde begin met hoofstuk 1 wat die inleidende gedeelte van die kerkorde is. Die hoofstuk handel oor die belydenisse sowel as die verduideliking rondom die orde van die kerk. Die hoofstuk beslaan dan artikel 1 en 2 van die kerkorde.

Hoofstuk 2 van die kerkorde handel oor die ampte van die kerk. Dit begin met artikel 3 en 4 wat die algemene bepalinge is. Hierop volg artikel 5 tot 14 wat handel oor die bedienaar van die woord en die laaste gedeelte van die hoofstuk is artikel 15 tot 17 wat handel oor die amp van ouderlinge en diakens.

Hoofstuk 3 van die NGK-KO handel oor die vergaderinge van die kerk. Dit word weer ingelei met algemene bepalinge wat strek vanaf artikel 18 tot 25. Hierna volg artikel 26-47

wat die besondere bepalinge insluit. Op sy beurt volg die kerkraadsvergadering wat artikel 26 tot 28 uitmaak van die NGK-KO. Hierop volg die ring - artikel 29-3, die sinode - artikel 32 tot 37 en laastens volg die Algemene Sinodevergadering wat strek vanaf artikel 38 tot 47. Met hierdie artikel sluit hoofstuk 3 af.

Die volgende hoofstuk, hoofstuk 4 handel oor die arbeid van die kerk. Die hoofstuk begin met artikel 48 wat handel oor die openbare erediens. Hierop volg artikel 49 wat handel oor die sakramente. Artikel 50 wat daarop volg handel oor die jeugbediening in die kerk. Hierop volg artikel 51 wat handel oor herderlike sorg. Gemeentebediening volg op sy beurt sowel as sending en getuienis. Artikel 54 wat daarop volg handel oor diens van barmhartigheid. Die dienswerk van die gelowiges - artikel 55 - word gevolg deur artikel 56 wat handel oor leer en aktuele sake. Die twee laaste artikels van hoofstuk 4 nl. artikel 57 en 58 handel onderskeidelik oor rentmeesterskap en diensverhoudinge.

Die kerklike opsig en tug vorm op sy beurt deel van hoofstuk 5. Die gedeelte strek vanaf artikel 59 tot 66. Die eerste gedeelte strek vanaf 59 tot 60 en handel oor die aard van die tug. Artikel 61 to 62 handel oor die tugwaardige sondes. Hierop volg artikel 63 wat handel oor die amptelike ondersoek. Die artikel wat hierop volg handel oor die tugmaatreëls. Artikel 65 handel oor die appèlle en hierop volg die laaste artikel van die hoofstuk - artikel 66 - wat handel oor die opheffing van die tugmaatreëls.

Die laaste hoofstuk van die NGK-KO is hoofstuk 6 wat handel oor die betrekkinge van die kerk na buite. Die hoofstuk begin met artikel 67 wat handel oor die kerk en staat. Hierop volg artikel 68 wat kerk, maatskappye en vrye verenigings insluit. Op dié artikel volg die twee laaste artikels - artikel 69 en 70 - wat onderskeidelik handel oor die kerk en onderwys en laastens die kerk en ekumeniese betrekkinge.

Die NGK-KO kan gevolglik in ses hoofstukke gedeel word naamlik, belydenis en orde van die kerk, die ampte van die kerk, die vergaderinge van die kerk, die arbeid van die kerk, kerklike opsig en tug en laastens betrekkinge van die kerk na buite. Artikel 59-60 vorm deel van die inleiding van die hoofstuk wat oor die tug handel. Die konteks van die artikel is dat dit deel vorm van die groter geheel van die vyfde hoofstuk van die kerkorde naamlik, kerklike opsig en tug.

## **5. Artikel 59-60 se onmiddellike konteks**

Die artikels vorm deel van die vyfde hoofstuk van die NGK-KO. Die hoofstuk handel oor die Kerklike Opsig en Tug. Die gedeelte is ook die inleiding tot die gedeelte wat handel oor die Kerklike Opsig en Tug. Soos reeds vermeld vorm die twee artikels deel van die inleiding van hoofstuk 5 van die NGK-KO wat handel oor die kerklike opsig en tug. Behalwe hiervoor is dit tog nodig om te verstaan wat die doel van die kerklike tug is en ook hoe dit uitgeoefen word. Die twee artikels onder bespreking lui as volg:

Volgens die Nederduitse Gereformeerde-Kerkorde:

### ***Artikel 59***

Artikel 59 handel oor die kerklike opsig en tug wat uitgeoefen word juis tot eer van God, die heil van die kerk en tot die behoud van die Sondaars. So val Artikel 59.1 met sy onderskeie afdelings uiteen.

Artikel 59.2 wat hierop volg handel oor die uitoefening van die opsig en tug wat plaasvind volgens voorskrifte wat daargestel word deur die Woord van God, sowel as die Belydenisskrifte. Behalwe hiervoor is daar ook bygevoeg dat dit plaasvind deur die kerkorde en ander bepalinge van die Kerk

### ***Artikel 60***

Artikel 60.1 stel dat die kerklike opsig en tug 'n geestelike karakter dra en dat dit ook pas by die kerk as 'n liefdesgemeenskap. Die gevolg hiervan is dat die tug op 'n kerklike wyse plaasvind, maar dat dit ook met geestelike middele uitgeoefen word.

Artikel 60.2 handel oor die amptelike uitoefening van die tug deur kerkvergaderinge of hulle gevolmagtigdes wat nie die roeping van die onderlinge vermaning van gelowiges se roeping vervang nie, maar dit dan juis aanvul.

Die laaste subartikel van 60 is artikel 60.3 wat stel dat die amptelike kerklike opsig en tug pastoraal-kerkregtelik van aard is. Dit stel ook dat dit moet toegepas word uit 'n Bybelse geestelike oogpunt, wat beteken dat dit billik en regverdig sal plaasvind.

Volgens die Dordtse Kerkorde:

### **Artikel 71**

*Gelykerwijs de christelijke straf geestelijk is, en niemand van het burgerlijk gericht en straf der overheid bevrijdt, also wordt ook, benevens de burgerlijke straf, de kerkelijke censuur noodzakelijk vereist, om de zondaar met de kerk en zijn naaste te verzoenen, en de ergernis uit de gemeente van Christus weg te nemen.*<sup>2</sup>

## **6. Die historiese kantaantekeninge by die NGK-KO en sy teks**

Dit is nodig om te beredeneer waarvandaan die NGK-KO en sy teks sy oorsprong vind. Dus word daar gelet op verskeie paragrawe wat soos volg uiteengesit gaan word:

- Die naam Kerkorde;
- Die Presbiteriaal-Sinodale kerkregtelike tradisie in Nederland.

### **6.1. Die naam kerkorde**

Die naam kerk en ordening (kerkorde) dateer van die Sinode te Middelburg in 1581. Voor die tyd word daar eenvoudig van Artikels of Aktes van die Sinode gepraat. “Maar de Synode te Middelburg, 1581, voegde bij wijze van excerpt of kort uittreksel de artikelen, die van algemene strekking waren en voor alle kerken belang hadden, samen en noemde die *corpus disciplinae* ofte *kerckenordeninghe*, om daarop de approbatie (goedkeuring) der oveheid te verkrijgen.”<sup>3</sup> Die volgende Sinode in Gravenhage in 1586 brei die titel uit en die opskrif word: “*Kerckenordeninghe der Nederlandtsche Gereformeerde Kercken.*”<sup>4</sup> Hierdie byvoeging

---

<sup>2</sup> De Gier (1989:371)

<sup>3</sup>Jansen (1952: 6)

<sup>4</sup> Jansen (1952: 6)

word egter deur die Sinode van Dordrecht 1618-19 weer weggelaat. Alhoewel hierdie byvoeging weggelaat word en dit nie deel vorm van die Sinode van Dordrecht se kerkorde titel nie, bly dit nog steeds behoue. Dit word gesien in die Sinode van Utrecht in 1905 waar tot die ou titel van 1586 teruggekeer word en die titel of opskrif as volg aanvaar word: “*Kerkenordening von de Gereformeerde Kerken in Nederand.*”<sup>5</sup>

Die woord Kerkorde lê dan klem daarop dat dit spesifiek gaan om dienaar van die kerk te wees. Dit word gesien in die *Kerkenordening*<sup>6</sup> se verwante betekenis nl. *Kerckendienaar*<sup>7</sup>. Die woord *Kerckendienaar*<sup>8</sup> dui daarop dat die kerkorde die raad en dienaar van ’n kerk is. Dit gaan verder nie oor die burgerlike, maatskaplike of staatkundige verordening nie, maar dit handel oor die kerklike orde. Dit impliseer ’n orde van Kerklike aard. Dit is ’n orde waar Christus die Hoof van sy kerk is. Die doel van die kerkorde is dus om die goeie orde van Christus in sy kerk te onderhou, juis omdat ons God ’n God van Orde is.

## **6.2. Die Presbiteriaal-Sinodale kerkregtelike tradisie in Nederland**

Hier word gekyk na die verloop van die ontstaan van die presbiteriaal-sinodale kerkregtelike ontwikkeling van die kerkorde in Nederland. Dit begin by die Londense Kerkorde van 1554 en eindig met die kerkorde in die Kaapse Kerk en daarna in die Nederduitse Gereformeerde kerk in Suid-Afrika. Hierna volg ’n samevatting. Die onderskeie paragrawe volg:

### **6.2.1. Londense Kerkorde van 1554**

Die Londense kerkorde is die orde wat in die oudste Nederlandse gemeentes gebruik was. Die kerkorde is saamgestel deur Johannes à Lasco, Martin Micron en die ouderling Jan Utenhove. À Lasco het alreeds in 1551 ’n kerkordelike geskrif geskryf nl. *Forma ac Ratio etc.* Die agtergrond van die Londense kerkorde word ook gegrond op die opvattinge van die Zwingli, sowel as die reëlins wat deur Martin Bucer vir Strasburg geskryf is. Verder is daar ook ’n ooreenstemming met die Geneefse praktyk van Calvyn. “Die *Ordonnances*

---

<sup>5</sup> Jansen (1952: 7)

<sup>6</sup> Jansen (1952: 7)

<sup>7</sup> Jansen (1952: 7)

<sup>8</sup> Jansen (1952: 7)

*Ecclesiastiques* is reeds in 1541 uitgegee, maar die invloed op die Londense orde wat in 1554 gepubliseer is, was nie groot nie.”<sup>9</sup>

Die inhoud van die Londense Kerkorde begin met ‘n hoofstuk oor die dienaar van die gemeente. Daarna volg ‘n gedeelte oor die ouderlinge, superintendente, verkiesing van die ampsdraers. Hoofstuk 8 handel oor die Woorddiens, daarna volg ‘n gedeelte oor die orde van die diens in die gemeentelike Godsdiensoefening omskrywe. Hoofstuk 10 handel oor Kategese. Die agtergrond van die Londense kerkorde word ook gegrond op die opvattinge van die Zwingli, sowel as die reëlings wat deur Martin Bucer vir Strasburg geskryf is. Verder is daar ook ‘n ooreenstemming met die Geneefse praktyk van Calvyn. Daarna volg hoofstukke oor buite kerklikes, vas- en biddae, huwelik, siekebesoek en die laaste hoofstuk wat die Londense kerkorde mee afsluit is hoofstuk 32 wat handel oor die begrafnis.

### **6.2.2. Die Ordonnances Ecclésiastiques van Genève**

Nadat Calvyn uit Strasburg teruggekeer het, het hy dadelik aandag begin gee aan die opstel van ‘n kerkorde in Genève. Daar is in ‘n kort tyd met die ontwerp van die kerkorde klaargemaak deur Calvyn en ses lede van die Klein Raad. Die ontwerp is voorgelê aan die burgemeester die Klein en groot Raad van Tweehonderd.

Die ontwerp is voorgelê aan die burgemeester, sowel as die Klein en Groot Raad van Tweehonderd. Alhoewel daar groter en ook kleiner wysigings aan die kerkorde gebring is, kan nog steeds gesien word dat die kerkorde ‘n skepping van Calvyn is wat ooreenstemming toon met sy denkrigting. “Op 20 November 1541 is die burgery van Genève met trompetgeskal en klokgelui opgeroep om na die St Pierre-kerk en daar is die kerkorde plegtig voorgelees.”<sup>10</sup> Die *Ordonnances Ecclésiastiques* het een van die belangrikste kerkordes van die sestiende eeu geword omdat dit geskoei is op die Calvinisties- presbiteriale kerk regeringstelsel.

Die kerkorde val uiteen in drie hoofdele. Die eerste deel handel oor die vier ampte nl. die predikante (artikel 4-42); die doktorale amp (artikel 43-47); die ouderlinge amp (artikel 48-

---

<sup>9</sup> Pont (1981:19)

<sup>10</sup> Pont (1981:21)



55); en laastens, die diakens (artikel 56-68). Die tweede deel handel oor die sakramente wat begin by artikel 69-79, die huwelik (artikel 83-135); die begrafnis (artikel 136-138); die noodsaaklikheid om siekte aan te meld (artikel 139); en laastens, die versorging van die gevangenes. Die derde en laaste hoofdeel handel oor die Kerklike opsig en Tug en dit strek vanaf artikel 141-166.

Daar is wel ook 'n hersiene uitgawe van die kerkorde en dit is die kerkorde van 1561. Alhoewel dit 'n hersiene uitgawe is, is die uitgawe van 1561 bloot 'n uitbreiding op die eerste kerkorde met geringe wysigings.

“Nuwe artikels wat nie in 1541 voorkom nie is art11, 12, 31-38, 42, 46, 51-54, 66, 71, 83-135, 148-150, 160-163, en 167-173.”<sup>11</sup>

### **6.2.3. Die Discipline Ecclésiastique van 1559**

In 1557 is die eerste poging aangewend om 'n kerkorde op te stel. Die titel hiervan is “Articles polytiques pour l’Eglise rëformëe selon lê Saint Evangile (Artikels vir die orde van die kerk wat hervorm is volgens die Heilige Evangelie).”<sup>12</sup> Met die ontwikkeling is daar op 25 of 26 Mei 1559 'n eerste sinodale vergadering met al die Franse gemeentes in Parys gehou. Uit hierdie vergadering het die kerkorde met die naam *Discipline Ecclésiastique* die lig gesien. Die kerkorde is dan ook geskoei op die *Ordonnances Ecclésiastiques van Genève 1541*.

Die *Discipline Ecclésiastique* het egter geen spesifieke onderverdeling nie, maar die artikels kan tog aanvullend tot mekaar wees. Artikel 1-5 handel oor die vergaderings. Artikel 6-25 handel oor die dienste of ampte. Artikel 26-32 handel oor die dissipline en tug. Artikel 33-38 handel oor die huwelik. Artikel 39-40 handel oor die onderworpenheid aan die meerdere vergaderings en die gesag van die kerklike orde.

---

<sup>11</sup> Pont (1981:22)

<sup>12</sup> Pont (1981:48)

#### 6.2.4. Die convent van Wezel 1568

Marnix van St Aldegonde het die baanbrekerswerk gedoen om juis hierdie vergadering te reël wat die einde van Oktober 1568 sou plaasvind te Wezel. Die vergadering was egter nie 'n sinodale vergadering nie, maar dit was slegs leiers en woordvoerders wat daar vergader het. “Die reëlings wat te Wezel getref het, was dus voorbereidend en voorlopig.”<sup>13</sup> Dus kan daar gestel word dat Wezel die konsep van 'n kerkorde was en dat die kerkorde te Emden vasgestel is.

Dit is dus duidelik dat ons hier met 'n konsepkerkorde te doen het. Die artikels van Wezel kan dus ook in agt hoofstukke gedeel word. Die hoofstukke val as volg uiteen: die meerdere vergaderings; die dienaars en doktore; die kategismus; die ouderlinge; die diakens; die sakramente; die huwelik en laastens die dissipline.

#### 6.2.5. Die Nasionale Sinode van Emden 1571

Daar is in die vorige gedeelte reeds verwys na Emden. Op 5 Oktober 1571 is die eerste sinodevergadering van die Calvinisties-hervormde Nederlandse gemeentes in Emden gehou. Die sinode kan dus gesien word as die eerste nasionale sinode van die Nederlandse kerk, juis ook hier word die grondslae gelê vir die kerkregering van die Nederlandse gemeentes.

By Emden is daar wel nie formeel op 'n kerkorde besluit nie. Die reeks besluite aangaande die kerkorde en kerkregering is egter tot 'n kerkorde saamgevoeg. Daarna is die reëlings wat van toepassing is op die klassikale, provinsiale en nasionale sinodes toegevoeg en is daar afgesluit met die *Quaestiones Particulaes*<sup>14</sup> wat te doen het met die besondere vrae wat op elke sinodale vergadering gevra en beantwoord is.

Die kerkorde bestaan dan uit 53 artikels. Na 'n paar inleidende artikels word daar agtereenvolgens gehandel oor die kerklike vergaderings; ampsdraers; sakramente; huwelik; dissipline; reëlings i.v.m. gemeentes in die verstrooiing en onderlinge hulp aan mekaar; die instelling van attestate; en laastens, 'n aantal los artikels. Een van die artikels wat nogal van

---

<sup>13</sup> Pont (1981:70)

<sup>14</sup> Pont (1981:93)

uitmuntende belang is, is die heel eerste artikel wat ook bekend staan as die anti-hiërargiese artikel.

### **6.2.6. Die kerklike orde wat deur die provinsiale staten Holland en Zeeland ontwerp is, 1576**

In die jaar 1575 het die staten van Holland en Zeeland 'n kommissie benoem om 'n reëling aangaande die owerheidsweë te tref om die gang van sake op kerklike wyse te orden. Die owerheidsreëling is egter nooit formeel aanvaar of behandel nie - “Die oorgrote meerderheid van die predikante op daardie stadium was Calviniste en het streng gehou aan die Calvinistiese geloofsleer en kerklike orde.”<sup>15</sup> Ander owerheidspersone is beïnvloed deur 'n Nederlandse beweging van die Sakramentariërs wat onder andere baie ophef gemaak het van die geskrifte van die humanis Desiderius Erasmus van Rotterdam.

Die gevolg van die twee groepe wat teenoor mekaar te staan gekom het, was eerstens dat die teoloë niemand tot die staatskerk toegelaat het wat nie die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Heidelbergse Kategismus wou aanvaar nie. Die kerk wou verder ook gehad het dat die staat druk moes uitoefen op die wat nie hulleself wou onderwerp aan die kerk nie. Die gevolg hiervan was egter dat daar baie twis tussen die kerk en die owerhede was. Alhoewel daar wel twis was, was die ontwerp-orde van kardinale belang, want hieruit is beeld gegee van hoe die owerheid gedink het dat die kerklike orde moes geskied. Alhoewel die kerkorde van 1574 te Dordrecht nie deur die staat aanvaar is nie, het dit nog steeds 'n invloed op die ontwerp-orde van 1576 gehad.

Die kerklike wette tref egter net reëlins ten opsigte van die ampsdraer ens. Wat egter hier opmerklik is, is dat daar geen ruimte gelaat word vir die ampte om die kerk te regeer nie.

### **6.2.7. Die Nasionale Sinode van Dordrecht, 2-18 Junie 1578**

Na die Nasionale Sinode van Emden van 1571 was die hoop daar dat die volgende Nasionale Sinode in 1572 sou plaasvind. Dit het egter nie gebeur nie, met die gevolg dat die saak oor waar die volgende Nasionale Sinode sou plaasvind bespreek is op die provinsiale sinode van

---

<sup>15</sup> Pont (1981:119)

Dordrecht van 1574. Daar is veral aanvuurwerk gedoen deur Heydanus wat die saak met mening aangepak het. Die datum is toe in Februarie 1578 vasgestel deur 'n beskikbare klassikale samekoms, waarop die datum vasgestel is op Junie 1578.

Die inhoud van die kerkorde van Dordrecht 1578 kan in ses verskillende hoofstukke verdeel word. Die indeling van die kerkorde lui as volg: hoofstuk 1, art 1-15 - die ampte; hoofstuk 2 - die vergaderings; hoofstuk 3 handel oor die skole en Christelike opvoeding; hoofstuk 4 handel oor die leer, sakramente en die seremonies; hoofstuk 5 handel oor die huwelik; en die laaste hoofstuk, hoofstuk ses handel oor die kerklike vermaning en bestraffing.

### **6.2.8. Die Nasionale Sinode van Middelburg, 1581**

Op die sinode van Dordrecht is daar 'n besluit geneem dat die Nasionale Sinode elke drie jaar sou plaasvind, met die gevolg dat die volgende Nasionale Sinode op 29 Mei 1581 plegtig geopen is. Net soos by die Dordtse sinode van 1578 is hier ook kerkorde ontwerp en die partikuliere vrae beantwoord.

Die doel van die kerkorde word in die eerste Artikel van die kerkorde duidelik uiteengesit. Die artikel lui as volg: "Om goede orde inder Ghemeijnte Christi te onderhouden, zijn daer inne noodich, de Diensten, Tsamencoemsten, Opsicht der Leere, Sacramenten ende ceremoniën, ende Christelijcke straffe: waer van hier na ordentlick gehandelt sal werden."<sup>16</sup> Verder word die kerkorde ook in vier hoofdele gedeeltes verdeel: dienste; vergaderings; seremonies i.v.m. die sakramente; en laastens, die handhawing van die kerklike opsig, tug en kerklike dissipline.

### **6.2.9. Die Nasionale Sinode van Den Haag, 1586**

Die vergadering is gehou op 20 Junie 1586 in Den Haag. Die kerkorde meer spesifiek, was 'n verwerking van die kerkorde van Middelburg, en het op sy beurt weer die basis vir die kerkorde van Dordrecht 1618-1619 gevorm.

---

<sup>16</sup> Hooijer (1809:200)

Die kerkorde bestaan ook soos die kerkorde van Middelburg uit vier hoofstukke nl. die dienste; die vergaderings; die leer, die sakramente en die ander seremonies; en laastens, die dissipline. “Die stelling kan dan ook gemaak word dat die kerkorde van Den Haag die grondslag gevorm het vir die kerkordelike reëlings van die Nederlandse hervormde kerk.”<sup>17</sup>

### **6.2.10. Die Nasionale Sinode van Dordrecht, 1618-1619**

Die sinode is nie primêr byeengeroep ter wille van kerkordelike reëlings nie, maar om die hewige stryd wat in die kerk tussen Remonstrant en Contra-Remonstrant geheers het, te besleg. Die sinode het in twee duidelike fases verloop. Die eerste fase het begin met die opening van die sinode op 13 November 1618. Na die vasstelling van die vyf Leerreëls van Dordrecht en 154 sittings later op 5 Mei 1619 is die werksaamhede met die buitelandse kerke afgesluit. Op 13 Mei 1619 het die Nederlandse verteenwoordigers weer byeengekom om binnelandse aangeleenthede af te handel. Hier is die sake soos die hersiening van die kerkorde en maatreëls oor die handhawing en uitvoering van die besluite van die sinode bespreek. Ander sake het gehandel oor die kategese, Bybelvertaling en die verhouding met die owerheid.

’n Groot deel van die kerkorde van Dordrecht van 1619 is gebaseer op die kerkorde van die Nasionale Sinode van Den Haag 1586. Die kerkorde word dus verdeel in vier hoofafdelings, nl. die eerste hoofstuk wat handel oor die dienste of ampte (art 2-28); die tweede afdeling wat handel oor die kerklike vergaderings (art 19-52); die derde afdeling wat handel oor die leer, sakramente en seremonies (art 53-70); en die laaste afdeling wat handel oor die sensuur en kerklike vermaning (art 71-86).

Die kerkorde van Dordrecht het lank nadat dit geformuleer is steeds groot gesag ingeboesem. Die rede hiervoor is waarskynlik die feit dat soos A. D. Pont<sup>18</sup> daarop wys, is die volgende Nasionale Sinode eers in 1816 gehou. Die gevolg hiervan was dat na die sinode van Dordrecht daar nie werklik sprake was van ontwikkeling op die kerkregtelike vlak nie. “By Dordrecht is die orde geformuleer en die lyne getrek en daarna het die provinsiale sinodes en

---

<sup>17</sup> Pont (1981:163)

<sup>18</sup> Pont (1981:168)

klassikale vergaderings niks meer gedoen as om binne hulle vermoë die hoofsaak van hierdie beginsel toe te pas nie.”<sup>19</sup>

### **6.2.11. Die kerkorde in die Kaapse Kerk en daarna in die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika**

Die eerste predikant wat aan die Kaapse kerk beroep en bevestig was, was ds. J. van Arckel. Die opvolgers van ds. Van Arckel is met uitsondering van ds. Maerlandt, deur die Classis van Amsterdam uitgestuur. Van Arckel self is deur die Classis Walcheren beroep en bevestig. “Hierdie Classis het in die praktyk die Dordtse Kerkorde gevolg en die predikante moes hulle volgens Klassikale Akte daaraan hou.”<sup>20</sup> Die gevolg was dat suiwer teoreties en juridies gesien, was die Dordtse kerkorde die kerkorde wat gegeld het vir die Kaapse Kerk. Tydens die tyd van Kompanjie se bewind is daar nog steeds na Dordtse Kerkorde verwys as die figurerende kerkorde.

As ons na ’n studie kyk wat gedoen is deur Kleynhans is dit duidelik dat vanaf na 1795 af, ’n mens tot die slotsom kan kom dat daar tot van tyd tot tyd wysigings aan die kerkorde aangebring word - “Dat verskeie faktore skadelike invloed op die kerkregering uitgeoefen het, en dat die kerkorde met name van kollegialistiese onsuiverhede nie gevrywaar is nie, moet toegegee word.”<sup>21</sup> Uit die geskiedenis van die N.G. Kerk kan gesien word dat die kerkregering gereformeerd wou wees en ook inderdaad was.

In 1824 het die Kaapse kerk die goewerneur die vergunning gevra of die staatsdrukkery die Kerkorde van die Nasionale Sinode van Dordrecht kan laat druk om onder die kerk as ’n “stuk van alle Regulatiën onzer Kerk, waaraan elk onzer gehouden is.”<sup>22</sup> Soos wat ook hierbo genoem is, word hiermee die N.G. Kerk se gehegtheid aan die Dordtse kerkorde uitgespreek, ondanks die feit dat die staatsoorheersing ’n ander kerkorde vir die kerk opgelê het.

---

<sup>19</sup> Pont (1981:188)

<sup>20</sup> Vorster (1956:85)

<sup>21</sup> Kleynhans (1973:342)

<sup>22</sup> Vorster (1960:12-18)

In die 19de eeu kan gesien word dat die kerk daarby hou dat hy die Dordtse Kerkorde van 1618-1619 as die norm gedien het. Die rede hiervoor was dat die Dordtse kerkorde as gesaghebbend beskou was na afloop van hersiening. Dus het die kerk nie kerkregtelik verander nie, maar het sy haar trou aan die Gereformeerde stelsel bevestig. “Hiervoor is daar maar net een verklaring: Die N.G. Kerke het nooit die Dordtse Kerkorde verloën nie en die Gereformeerde-Presbiteriale stelsel is nie ’n vreemde plant op ons kerklike erf nie.”<sup>23</sup>

Die gevolg van die nuwe kerkorde van die N.G. Kerk wat saamgestel is, was dan juis dat daar positiewe en negatiewe reaksie daarop was. Benewens die reaksie op die kerkorde is dit belangrik om daarop te let dat die kerkorde geskoei is op die Dordtse Kerkorde van 1618-1619 en dus gereformeerde van aard was.

Sake waarvan daar wel verskil was kan bloot net genoem word en dit lui as volg:

- 1) Die Koningskap van Christus in die Kerk,
- 2) Die meerdere vergaderinge,
- 3) Die betekenis van NGK-KO.

Hier is dit tog belangrik om daarop te let dat die kerkorde gereformeerde is, want dit is op die Dordtse kerkorde geskoei. Verder word die kerkorde net soos die Dordtse Kerkorde aangepas vir die eise van die tyd - “Waar dit die bindende kerkorde vir die kerk sal wees, sal dit nie in die lig van die huishoudelike reglemente van die afsonderlike sinodes geïnterpreteer word nie, maar sal die huishoudelike reglemente aan die kerkorde genormeer word.”<sup>24</sup> Verder het die kerkorde ten doel gehad om die kerke te verenig wat deur ’n hofbeslissing verplig was om organisatories afsonderlik te leef.

Vorster sluit sy artikel af met die bepaling van die nuwe kerkorde van die N.G. Kerk deur weer die belydenis van 1824 te herhaal nl. dat die kerkorde van Dort ’n fundamentele stuk van die regering van ons kerk uitmaak.<sup>25</sup>

---

<sup>23</sup> Vorster (1960:12-18)

<sup>24</sup> Vorster (1960:12-18)

<sup>25</sup> Vorster (1960:12-18)

## **6.2.12. Samevatting**

Na aanleiding van die kort geskiedenis is dit duidelik dat die kerkorde van die N.G. Kerk nie net uit die lug gegryp is nie, maar dat dit op die Gereformeerde boustene van die reformasie gebou is. Meer spesifiek, die Kerkorde van die N.G. Kerk is gebou op die Dordtse Kerkorde soos wat blyk uit die bogenoemde. Dus volg die verhandeling ook die riglyn wat daargestel is in die NGK-KO.

Wat egter van uitmuntende belang is, is die feit dat iets soos die kerklike tughandeling of dissipline, van die begin af deel vorm van die Presbiteriaal-Sinodale kerkregtelike tradisie. Dit dwing ook nog 'n dieper kyk na die bedoeling en aard van die kerklike tug af, juis omdat dit belangrik geag is deur die opstellers van die eerste kerkordes van die Presbiteriaal-Sinodale Kerkregtelike tradisie.

Na aanleiding van bogenoemde kan gesien word dat die kerkorde uiteengesit word in vier groot afdelings nl. dienste, ampte, sakramente en laastens die tug. Dus vorm die tug 'n integrale deel van die kerkorde. Omdat die opstellers van die kerkorde in diepte na die kerklike tug kyk en daar verskeie artikels is wat handel oor die tug, is ons ook genoodsaak om veral twee artikels uit te lig waarvan dit deel vorm soos genoem in die hoofstuk wat handel oor die kerklike Tug, nl. 59 en 60.

Die studie wat hier afgedwing word, is dus 'n dieper kyk na kerklike tug se prinsipiële aspekte. Na aanleiding van bogenoemde is dit nie net 'n saak wat uit die lig gegryp word nie, maar dit is 'n saak wat deur die opstellers van die eerste kerkorde belangrik geag was en ook deur die opstellers van die NGK-KO. Die gevolg is dat die tug aan die begin van die eerste Algemene Sinodesitting steeds 'n prominente rol vervul het en dus is die vraag of dit steeds vandag die prominente rol vervul al dan nie.

## **7. Postmodernisme**

Hierdie filosofiese beweging is grootliks 'n reaksie teen die modernisme van die Westerse geskiedenis. Hier teenoor is postmoderniteit die era waarin hierdie kritiese instelling in die kultuur dominant geword het. Filosofe wat hier 'n groot rol gespeel by die beweging was



Friedrich Nietzsche, Ludwig Wittgenstein en Martin Heidegger. Hierdie beweging vat egter eers sterk pos in die tweede helfte van die twintigste eeu. Die term post-modernisme is die eerste keer in die 1950's aangewend in die literêre kritiek om 'n bepaalde afwyking van die modernistiese beginsel aan te toon. Hierdie term vind sy weg deur die argitektuur beeldende kunste sowel as films. "Gedurende die middel 1970's verhuis die term via Parys en Frankfurt na Europa waar dit die filosofiese debat binnedring."<sup>26</sup>

Dit is tog nodig om eerstens te let op wat die Modernisme se verstaansraamwerk is om daarna te let op hoe die Postmodernisme uiteenval.

Eerstens kyk ons na die verstaan van die Modernisme. Hierdie beweging het in die Verligting sy finale stempel gekry. Dit is 'n reaksie teen die tradisie en outoriteit ter wille van rede en wetenskap. Modernisme moedig die herevaluering van elke aspek van die bestaan aan. Die rede hiervoor is om dit wat die vooruitgang terughou, hok te slaan en dit vervang met nuwe maniere om dieselfde doel te bereik.

Hierteenoor kom Postmodernisme op die voorgrond. "Postmodernism is generally taken to be something of a cultural sensibility without absolutes, fixed certainties, or foundations, which takes delight in pluralism and divergence, and which aims to think through the radical situatedness of all human thought."<sup>27</sup> In elkeen van die situasies moet dit gesien word dat postmodernisme 'n reaksie in totaliteit teen die Verligting was. Wat op die voorgrond tree met postmodernisme is die voorafgestelde idee om alles te relativeer, wat uitloop op die ideologie van relativisme, in teenstelling met sekerheid.

Een aspek van postmodernisme wat dalk die impak van postmodernisme duideliker sal maak is die invloed wat dit het op die interpretasie van tekste. Die invloed hiervan op 'n teks is dat die identiteit en die doel van die skrywer relatief is teenoor die interpretasie van 'n teks. Daar word twee algemene beginsels gegee wanneer 'n teks so geles word. "1. Anything that is written will convey meaning which its author did not intend, and could not have intended. 2. This author cannot adequately put into words what he or she means in the first place."<sup>28</sup> Wat

---

<sup>26</sup>De Villiers (2008:890)

<sup>27</sup> McGrath (2007:73)

<sup>28</sup> McGrath (2007:74)

hieruit duidelik word, is dat alle interpretasie ewe geldig of ewe betekenisloos is. Die hele interpretasie rondom tekste in postmodernisme wys uit dat daar nie een presiese uitleg van 'n teks is nie, maar dat daar meer moontlikhede is, want alles word gesien as relatief.

Postmodernisme beskryf en is deel van 'n beweging terwyl die term Postmodern 'n spesifieke tydperk in die geskiedenis aandui, wat dit ook deel maak van die kontemporêre geskiedenis. Wat duidelik word, is dat postmodernisme alles relativeer. Waar postmodernisme en teologie mekaar ontmoet is daar ook 'n impak. Want postmoderne geloof maak plek en aanvaar verskillende weergawes van die waarheid. Individue in postmodernistiese era put hulle geloof juis uit die siening van alles wat bewys moet word. Die gevolg is dat alles bevraagteken, uitgedaag en gekritiseer word juis omdat die individu se interpretasie onomwonde is.

Hieruit kan gesien word dat as die tug bygebring word in die tydperk en ideologie. Daar 'n koppestamp gaan wees. Dus dan deels ook die rede vir die studie.

## **8. Uiteensetting**

Die studie val uiteen in 9 hoofstukke wat in vier afdelings verdeel kan word. In die hoofstukke word daar ook gelet op die dieper betekenis van die tug. Aan die einde van elke hoofstuk word daar 'n samevatting gegee. Vervolgens word 'n gevolgtrekking verskaf aan die einde van die studie.

Die hoofstukke is as volg:

### ***Afdeling 1: Die oorsprong van die tug***

In afdeling 1 word daar spesifiek gelet op die aard van die tug. Die afdeling het spesifiek ten doel om die oorsprong van die tug te verduidelik. Hieruit volg dat afdeling 1 'n samehorige eenheid vorm wat uiteenval in onderskeidelik vier hoofstukke nl.:

Die eerste hoofstuk handel oor die *Ontstaan van die tug*;

Die tweede hoofstuk handel oor *Die eienskappe van die tug*;

Die derde hoofstuk handel oor *Hoe Christus die tug uitoefen*;

Die vierde hoofstuk handel oor *Die noodsaaklikheid van die Tug*.

### ***Afdeling 2: Die analise van die kerkorde artikels 59 en 60***

In afdeling 2 word daar spesifiek gekyk na wat die betekenis en doel van die kerklike tug is soos opgeteken in die Kerkorde van die NGK. Vanweë die feit dat die kerkorde 'n eenheid is word die artikels saam onder een afdeling bespreek, maar om elke artikel tot sy eie reg laat kom, word dit in twee onderskeie hoofstukke verdeel:

Die vyfde hoofstuk handel oor *Die analise van Artikel 59 van die N.G. Kerkorde*;

Die sesde hoofstuk handel oor *Die analise van Artikel 60 van die N.G. Kerkorde*.

### ***Afdeling 3: Die praktiese toepassing van die tug***

Hierdie is 'n logiese gevolg. Omrede daar reeds na teologiese aspekte gekyk is en daarna na die kerkregtelike aspekte, is die logiese gevolg om te kyk na hoe die tug beleef word in gemeentes en hoe dit prakties toegepas word.

Die sewende hoofstuk handel oor *Menseregte, gemeentes en teenkanting oor die kerklike tughandeling*.

Die agtste hoofstuk handel oor *Die beoefening van die tug in die Praktijk*.

### ***Afdeling 4: Samevatting***

Die studie word afgesluit waar die Woord, die kerk en die mens se siening van die tug tot 'n samevatting ontsluit word. In die Samevatting word al drie die bogenoemde afdelings se gevolgtrekkings saamgevat en weergegee om die studie tot 'n eenheid te omvorm.

Die *Samevatting* soos vervat in hoofstuk 9 is ook die laaste hoofstuk van die studie.

# **DIE OORSPRONG VAN DIE TUG**

## **AFDELING 1**

Die afdeling val in vier hoofstukke uiteen nl.

- Hoofstuk 1: Ontstaan van die tug
- Hoofstuk 2: Die eienskappe van die tug
- Hoofstuk 3: Hoe Christus die tug uitoefen
- Hoofstuk 4: Die noodsaaklikheid van die Tug

Die sameval van die hoofstukke het ten doel om die oorsprong van die tug te verduidelik. Verder word daar ook in die afdeling gekyk na die benoeming van die tug m.a.w. die eienskappe van die tug, deur wie die tug uitgeoefen word en laastens of die tug noodsaaklik is al dan nie.

# ONTSTAAN VAN DIE TUG

## HOOFTUK 1

### 1. Inleiding

In hierdie hoofstuk word daar spesifiek gekyk na die ontstaan van die tug, m.a.w. hoe het ons by iets soos die tug uitgekom. Daar word dus gekyk na die woord Tug - spesifiek na die titel en die betekenis daarvan. Verder word daar ook gekyk na wat die Bybel oor die tug sê. Aan dié gedeelte word daar spesifiek twee paragrawe afgestaan wat onderskeidelik handel oor hoe tug figureer in die Ou Testament en hoe tug in die Nuwe Testament tot stand kom. Aan die einde word 'n teologies-kritiese gevolgtrekking gemaak.

### 2. Titel en betekenis van die Kerklike Tug

Die kerklike reg gaan uit van die standpunt dat Christus sy kerk regeer. Die implikasie hiervan is dat Jesus Christus direk en persoonlik oor sy kerk regeer. Dus kan en mag die kerk nie die belydenis vergeet by die beantwoording van die vraag oor wie in die kerk regeer nie. “Kerkreg wat nie van voor tot agter beheers word deur die waarheid van die Koningskap van Christus nie, is valse kerkreg.”<sup>29</sup> Dit is belangrik om te verstaan dat die kerkreg en meer spesifiek iets soos die tug nie sonder die regering van Christus in sy kerk deur sy Woord kan plaasvind nie. Dus kan ons hier tot die slotsom kom dat soos wat Jonker male sonder tal dit stel “Christus gesag is Woord gesag.”<sup>30</sup>

“De kerkelijke tucht berust op de macht der kerk, haar door haar koning gegeven. Zij is rechtstreeks uitvloeisel van het koninklijk ambt van Christus.”<sup>31</sup> Na aanleiding van bogenoemde is dit belangrik dat die tug deur die kerk uitgeoefen word oor die feit dat dit juis ook Christus is wat sy kerk regeer. Met ander woorde, die tug vind plaas vanuit die regering van Christus oor sy

---

<sup>29</sup>Jonker (1965: 1)

<sup>30</sup> Jonker (1965: 6)

<sup>31</sup>Bouwman (1912: 11)

kerk. Verder moet alle gesag in die kerk plaasvind deur die Woord van God. Deur die Woord praat die Koning met sy gemeente. Die Woord van God het dus alle bindende gesag en die leer en die orde van die kerk moet daaraan getoets word. Die gevolg hiervan is dat die reg of mag van die kerk 'n dienende mag of orde word soos gesien kan word in Rom. 1:1 waar Paulus homself ook 'n dienaar van Christus noem.

Verder word dit ook duidelik met die woorde van 1 Kor. 4:1 “So moet julle ons dan sien: ons is dienaars van Christus en bestuurders aan wie die geheimenisse van God toevertrou is.”<sup>32</sup> Na aanleiding hiervan is dit duidelik dat die mag of reg van die kerk geestelik van aard is en dat dit ‘n dienende mag of reg is.

“Eweneens kan niet ontkend worden, dat aan de kerk toekomt het recht een oordeel uit te spreken over iemands houding in de kerk, zoowel in leer als in leven.”<sup>33</sup> Hierdie mag of reg kan veral onderskei word in die drie ampte van Christus, nl. die profeties; priesterlike en die koninklike amp. Die drie ampte het dan elkeen ‘n ander doel nl. lerend, regerend en laastens barmhartigheid. Alhoewel die drie ampte verskillend is, vorm dit tog deel van mekaar. Waar daar lering is en daar selfs ook regering is, is daar in albei die ampte ook iets van die amp van barmhartigheid teenwoordig. Die drie ampte kan dus nie van mekaar geskei word nie.

Verder soos hierbo genoem regeer Christus sy kerk deur sy Woord en die Woord maak op sy beurt deel uit van die *notae ecclesiae* (kenmerke van die ware kerk). Die drie kenmerke van die kerk kan nie van mekaar geskei word terwyl dit deur God verorden word nie. “Het woord en de sacramenten zijn verordend door Christus as genademiddelen om het geloof te werken en te versterken om mensen te roepen tot den dienst Gods en hen daarin sterken, terwijl de tucht in de gemeente is ingesteld, opdat de gemeente Gods nie worde ontheiligd, opdat de bediening van Woord en sacrament niet worde verworpen, de ordeningen word gehandhaafd en de zonde gestraft.”<sup>34</sup> Gevolglik het die tug ten doel het om die gemeente en haar lede te help om te wandel volgens die instellings van God se Woord. Tug kan verstaan word as die regtelike handhawing

---

<sup>32</sup> Die Bybel (1983)

<sup>33</sup>Bouwman (1912:14 ).

<sup>34</sup>Bouwman (1912: 15)

van die heiligheid van die gemeente van God teenoor die vernietigende mag van die bose in die lewens van diegene binne die gemeente wat deur die sonde beheer word.

Die tug kan dus nie geskied sonder die Woord van God nie en dus kan dit ook nie geskied sonder Christus wat sy kerk deur sy Woord regeer nie. Die tug is dus 'n regstreekse uitvloeisel van die koninklike amp van Christus.

Daar is egter ook twis oor wat die bedoeling van die tug eintlik is en om 'n nadere ondersoek in te stel is dit noodsaaklik om die ondersoek te rig na wat die Skrif self aangaande die tug bely. Hierna volg twee afsonderlike paragrawe oor wat die Ou Testament sowel as die Nuwe Testament oor die kerklike tug vir ons leer.

### **3. 'n Ou-Testamentiese perspektief oor die Kerklike Tug**

“Het eigenaardige karakter der tucht in het Oude Testament licht hierin, dat God ons hare beginselen veel meer uit de geschiedenis van en de leiding met Zijn volk doet kennen dat uit bepaalde teksten.”<sup>35</sup> Volgens iemand soos Jansen laat God ons die saak van tug eers deur ervaring ken en daarna die titel en die betekenis daarvan beseef en ook verstaan. Om dit nog duideliker in die Bybel te sien kan 'n mens dit in twee onderafdelings verdeel nl. Die tughandeling vanaf Adam tot Moses en die tweede afdeling, die tughandeling vanaf Moses tot die Ballingskap.

#### **3.1. Die tughandeling vanaf Adam tot Moses**

Volgens Jansen lê die uitgangspunt van alle tug in die bekende moederbelofte van Gen. 3:15 wat die volgende stel: “Ek stel vyandskap tussen jou en die vrou, tussen jou nageslag en haar nageslag. Haar nageslag sal jou kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt.”<sup>36</sup> Dus sal God self met die tug intree. Die gevolg van die tug is dat die twee se nageslagte ook uit mekaar sal

---

<sup>35</sup>Jansen (1913: 2)

<sup>36</sup>Die Bybel (1983)

dryf - “Er zal scheidung komen tusschen satan en Eva, zijn zaad en haar zaad, d.i. tusschen het onheilig en het heilige geslacht, de ongeloovigen en de geloovigen, de wereld en de kerk, de zonde en de genade.”<sup>37</sup> Dit is dus duidelik dat die grondgedagte by die tug juis is om uit mekaar te dryf dit wat nie bymekaarhoort nie. M.a.w. daar word deur die tug vyandskap gestel tussen die ryk van lig en die ryk van duisternis.

Na buite gerig maak God skeiding tussen die goddeloses en die vromes. Dit kan gesien word in die verhouding wat tussen Kain en Abel was. Na binne gerig is God van die begin af besig om sy volk deur die tug te heilig. Dit kan gesien word in Gen. 3:22-24 wat soos volg gestel word: “Toe het die Here God gesê: ‘Die mens het nou soos een van Ons geword deurdat hy alles kan ken. As hy nou maar net nie sy hand uitsteek en die vrug van die boom van die lewe vat en daarvan eet en altyd bly lewe nie!’” Daarom het die Here God die mens weggestuur uit die tuin van Eden uit om die aarde te gaan bewerk; die aarde waaruit hy gemaak is. Die Here God het die mens uitgedryf, en om die toegang tot die boom van die lewe te bewaak, het Hy oos van die tuin van Eden gerubs gesit, en ook ’n vlamme swaard wat heen en weer beweeg.”<sup>38</sup> Reg deur die gedeelte van Adam tot Moses is dit egter duidelik dat die tug ’n pertinente rol in die Woord van God speel. “Naar buiten maakt God, de Almachtige, scheidung tusschen Abraham aan de eene en het geslacht van Sem aan de andere zijde. Abarham’s roeping is voor Sem en zijne nakomelingen, uit wie Abraham gestropen is een strenge tuchttiging.”<sup>39</sup> Dit kan verder gestel word dat die tug voortdurend nodig is. Die tug tot dusver in beginsel is tot nou toe nog net in hooflyne merkbaar, maar dit neem in die geskiedenis van die volk nog ’n duideliker vorm aan. In die volgende paragraaf word daar gekyk na die verloop van die tughandeling vanaf Moses tot die Ballingskap.

### **3.2. Die tughandeling vanaf Moses tot die Ballingskap**

Die volk is deur God as Sy eie volk aangeneem; die gevolg hiervan was dat die volk onder die tug van die wet gestel word. “Deze tucht neemt nu een meer vasteren vorm aan in den ban, die

---

<sup>37</sup>Jansen (1913: 2)

<sup>38</sup>Die Bybel (1983)

<sup>39</sup>Jansen (1913: 4)



zoowel de verhouding tot de omwonende volkeren der wereld naar buiten, als het eigen leven naar binne regelt.”<sup>40</sup>

Die woord ban is die vertaling van die Hebreuse woord “*Cherem*” חרם wat volgens vertaling afsnyding beteken. Die woord dui eerstens die ban-gelofte aan, die gevolg hiervan is dat mens en besitting so onherroeplik aan die Here toegewyd is en bly, dat daar geen loskoping is nie. ’n Voorbeeld van so ’n gelofte kan gevind word in Num. 21:2 wat soos volg lees: “Israel het ’n gelofte aan die Here gedoen: ‘As U hierdie volk en hulle stede in ons mag gee, sal ons hulle stede as banoffers aan U offer.’”<sup>41</sup> Ons lees ook in Deut. 13:13-18 dat die Here Harad en sy volk, aan sý volk, Israel, sal oorgee. Hier sien ons dat nie alleen besittings, nie maar ook die vee en mense by die banoffer ingesluit word.

In die tweede plek dui die Hebreuse woord “*Cherem*” op “*Theocratische straf*”<sup>42</sup> wat deur God beveel word in sy wet, en wat sowel na buite teen die Heidense volke gerig word as na binne waar dit spesifiek van toepassing gemaak word op die volk Israel. As ons kyk na die impak van die “teokratiese straf” na buite, soos wat Jansen dit noem, sien ons dat die Here beveel het dat die Kanaänitiese nasies deur die ban uitgeroei moes word. “Ongetwyfeld stond de Cherem, hoe ontsettend zijne toepassing ook was, in dienst van het verbond, dat Jehovah met Israël sloot.”<sup>43</sup> Volgens Jansen is die ban die roede van die verbond waarmee God die nasies verslaan en sy eie mense beskerm; het enigste afdoen middel om vermenging van Israel met die omwonende Kanaäniete te voorkom. Deut. 7:3 en 4 lui soos volg in hierdie verband “Jy mag nie met hulle ondertrou nie: jou dogter mag jy nie aan een van hulle seuns gee nie en vir jou seun mag jy nie een van hulle dogters as vrou vat nie, want hulle sal jou kinders wegrokkel van die Here af en hulle sal ander gode dien. Dan sal die toorn van die Here teen jou ontvlam en Hy sal jou gou uitdelg.”<sup>44</sup>

---

<sup>40</sup>Jansen (1913: 6)

<sup>41</sup>Die Bybel (1983)

<sup>42</sup>Jansen (1913: 7-8)

<sup>43</sup>Jansen (1913: 9)

<sup>44</sup> Die Bybel (1983)

Soos reeds aangedui werk die “*Cherem*” ook na binne met die doel om die sonde uit die midde van die volk te verwyder. Die gevolg hiervan is dan juis om die volk te beskerm teen die gevaar van sonde.

“Deze wijze van regering is met recht genoemd Theocratie (Godsregering), die bij geen enkel ander volk heeft bestaan of kan bestaan.”<sup>45</sup> Ou Israel ken dus geen skeiding van iets soos kerk of staat of die skeiding van godsdien en die staatslewe nie. Die gevolg hiervan was dat die godsdien nie geskei was van die daaglikse lewe nie, maar dat die lewe self godsdien was. Hieruit volg dat die verskillende lewensterreine nie met mekaar vermeng is nie. Verder kan die lewensterreine nie geskei word nie, maar moet dit wel onderskei word.

Die tug volgens Jansen is nog meer verwaarloos in die tyd van die rigters. Elkeen het gedoen wat reg was in sy oë. Dit was elke stam se prioriteit om die verowering van ander volke voort te sit. “De Heere gebruikte dan ook de omwonende volken als een roede, waarmee Hij Zij eigen volk sloeg, opdat het leeren zou zich tot Hem bekeeren.”<sup>46</sup> In die volgende tydperk van die koningskap tot met die skeuring van die ryk is duidelik dat die volk weens nalatigheid self deur God gestraf word omdat hulle nie na sy wil luister nie.

In die Na-Eksiliese tydperk is dit duidelik dat daar streng tug is wat in die hande van die oudstes van die volk was. “Met angstvallige nauwgezetheid waakte men voor de heiligheid van de wet; wie naar haar niet wilde leven werd door den ban uitgestooten uit de gemeente.”<sup>47</sup> Dit was dus vir die volk na die Ballingskap van onuitspreekbare belang om hulle te onderhou aan die tug. Dit sien ons ook uit die feit dat die tug nog steeds in die tyd van Jesus bestaan, volgens gedeeltes soos Luk.6:22; Joh. 9:22; 12:42 en 16:2, om maar net ’n paar te noem. Dit is dus duidelik dat die tug ’n pertinente rol gespeel het in die fondasie wat gelê is in die volkslewe van Israel in die tyd van die Ou Testament. Hierna word gekyk na die impak al dan nie van die tug in die Nuwe Testament. Dit word beredeneer in die volgende paragraaf.

---

<sup>45</sup>Bouwman, (1912: 25)

<sup>46</sup>Jansen (1913:12)

<sup>47</sup>Jansen (1913:17)

## 4. 'n Nuwe-Testamentiese perspektief oor die Kerklike Tug

Nadat ons 'n blik op die tug in die Ou Testament gehad is dit nodig om ook te let na wat die Nuwe Testament aan ons bekend maak oor die tug. Alhoewel daar baie tekste gebruik kan word let ons op Matt. 16:13-20. Meer spesifiek moet daar gekyk word na vers 19 wat natuurlik die kern is waaroor ons beredeneer in die Nuwe Testament.

### 4.1. 'n Blik op Matt. 16:19

“Het Nieuwe Testament leert duidelik dat de kerkelijke tucht moet geoefend worden in de gemeente.”<sup>48</sup> Daar kan dus onomwonde gesê word dat die tug deel uitmaak van die grondlegging van die Nuwe Testament. Dit word verder bevestig deur 'n gedeelte soos Matt. 16:13-20 wat handel oor Jesus wat vir sy dissipels vra wie sê die mense is hy en Petrus wat antwoord dat Hy die Seun van God is. “Bij die belijdenis sluit Jezus nu ogenblikkelijk aan. Hij werkt er mee, nadat Hij eerst verkondigd heeft, dat Petrus op buitengewone wijze tot het inzicht gekomen is, waarvan de apostel blijk gaf, waardoor de Heiland de betekenis der belijdenis in waarde doet toenemen.”<sup>49</sup>

Dit is egter belangrik om te beseef dat daar juis in dié gedeelte van die woord van die term “*Ecclesia*” gebruik gemaak word wat gemeente of kerk beteken. Die woord kom selde in die evangelie voor waarvan een in die gedeeltes van Matt. 16 en Matt. 18. Dit is dan juis die plekke waar daar spesifiek oor die tug gepraat word. In die Handeling sowel as in die Briewe kom 'n mens die term “*Ecclesia*” onophoudelik teë. Die verskil is dus baie duidelik en daar kan aangeneem word dat die woord “*Ecclesia*” in die Nuwe Testament uitsluitlik gebruik vir die georganiseerde kerk.

Met die belydenis wat Petrus aflê is daar 'n vastigheid en grondslag waarop gebou kan word - “En de Heiland bouwt er op; Hij grondt er zijn ecclesia op, een eigen ecclesiesia, onderscheiden

---

<sup>48</sup>Bouwman (1912:29)

<sup>49</sup>Grosheide (1952: 35)

van alle andere die er misschien mochten zijn, in de eerste plaats onderscheiden van de Joodse. Hier begint de kerk der nuwe bedeling voor het eerst naar voren te komen en daaruit volgt, het geen we later vinden en waaraan we herinnerden met verwijzing naar de Handelingen en de apostolische brieven.”<sup>50</sup> Ook later in die Nuwe Testament kom die georganiseerde karakter van die kerk duidelik na vore in gedeeltes soos, Hand 14:23; Ef. 4:11; Tit. 1:5 ens. Dit is dus van onskatbare waarde hoe belangrik ’n georganiseerde “Ecclesia” vir die uitoefening van die Kerklike Tug is. Sonder die kerk wat dit rugsteun is die tug dus nie moontlik nie. Die kerk kan nie sonder die tug geskied nie en ook nie andersom nie.

Alhoewel daar nie van die woorde “kerklike tug” in die Nuwe Testament sprake is nie word daar tog in die nuwe bedeling Tug uitgeoefen. ““Kerklike tug’ is ’n kerkordelike begrip; dit is logies dat sekere aspekte van die kerkorde sterk in die gesigsveld sal kom. Aan die ander kant is ‘Die sleutels van die Koninkryk van die hemele’ weer meer ’n skriftuurlike (Mattheus 16:19) en konfessionele (Heidelbergse Kategismus, Sondag 31) begrip.”<sup>51</sup> Die gevolg is egter dat dieselfde saak deur albei begrippe aangedui word.

In die volgende paragraaf word spesifiek gelet op wat die verhouding tussen Christus en die kerklike tug is; en of daar enige noemenswaardige rede is waarom dit in twyfel getrek kan word dat die tug nie ’n deel moet uitmaak van die ware kerk se pilare nie.

## **4.2. Christus en die Kerklike tug**

Wat sterk in die Nuwe Testament na vore kom is die feit dat Christus die hoof van sy Kerk is soos wat dit ook in die Heidelbergse Kategismus Vraag en Antwoord 54 as volg gestel word:

“Vraag 54: Wat glo jy van die heilige, algemene Christelike kerk?

Antwoord: Dat die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom ’n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof van die

---

<sup>50</sup>Grosheide(1952: 36-37 ).

<sup>51</sup>Visser, J. (1979: 8)

begin van die wêreld af tot die einde toe vergader, beskerm en onderhou en dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly.”<sup>52</sup>

Die gevolg hiervan is dat Christus die Hoof van sy Kerk is, want Hy is die een wat vir Hom 'n gemeente vergader, beskerm en ook onderhou. Juis as gevolg van dié feit word die mag tot tuguitoefening in die kerk afgelei. Soos wat ook blyk uit die Vraag en Antwoord wat hierbo vermeld is, is dit duidelik dat Christus deur sy Woord en Gees regeer. Juis as gevolg hiervan is die toepassing van die tug die handhawing van die heerskappy van God in die kerk.

Christus regeer deur sy Gees en Woord in sy kerk deur die implementering van die tug. Dit is dus fataal om Christus van die kerklike tug te skei. Die rede is dat die kerklike tug nie sonder die feit dat Christus sy kerk regeer kan plaasvind nie. “Die Nuwe Testament maak in verskillende boeke melding van kerklike opsig en tug. Dit word deur ampsdraers uitgeoefen oor alle lidmate. Deur die ampsdraers, in samewerking met die gemeente, moet maatreëls getref word wanneer 'n lidmaat van die gemeente uitgeoefende toesig oor hom verontagsaam.”<sup>53</sup>

Christus as Hoof van sy Kerk is die absolute en soewereine Subjek van die kerklike tug. Hy is ook die een wat nooit sy mag aan mense oordra nie. Christus maak van mense as instrumente gebruik om die tug uit te oefen. Dit doen Hy deur die ampte van Ouderling, Diaken sowel as Leraar. Die mense staan dan in besondere ampte wat aan die kerk gegee word en wat ingestel is deur die drie-enige God.

## **5. Samevatting**

Die tug word deur Christus moontlik gemaak wat sy kerk deur sy Woord en Gees regeer. Sonder die feit dat Christus sy Kerk regeer is iets soos die kerklike tug nie moontlik nie. Die rede hiervoor is dat die tug nie kan geskied sonder Christus wat oor sy kerk regeer nie, want Hy is die een wat sy kerk regeer. Dit is dus van onskatbare belang om tot die besef te kom dat Christus in beheer is van sy kerk. Hy is die een soos wat die Heidelbergse Kategismus bely wat sy kerk

---

<sup>52</sup> Ons glo (2008:53)

<sup>53</sup> Kleynhans (1988: 141)

vergader, beskerm en ook onderhou. Die tug is dus 'n uitvloeisel van Christus se gesag in die kerk.

In die Ou Testament kom 'n mens tot die besef dat daar egter nooit pertinent van tug gepraat word nie. Alhoewel die term tug nie voorkom in die Ou Testament nie ontken dit nie die toepassing daarvan in die Ou Testament nie. Wat dus in die eerste paragraaf van die tug in die Ou Testament opmerklik is, is die feit dat tug voortdurend nodig is. In die volgende paragraaf wat handel oor die tug in die Ou Testament is dit duidelik dat die tug in die geskiedenis van die volk nog 'n duideliker vorm aanneem. Die tug word gesien as God wat sy volk terugroep na Hom toe; God wat sy volk aanmoedig om Hom as enigste Here na te volg.

In die Nuwe Testament word die grondlegging van die tug nog duideliker en dit word veral in 'n gedeelte soos Matt. 16 gesien waar daar oor kerkwees gepraat word. Dit stop egter nie net hier nie, maar die belang van 'n georganiseerde *Ecclesia* vir die uitoefening van die tug is onpeilbaar. Wat egter nog ook in die Nuwe Testament duidelik na vore kom is die feit dat die kerk nie sonder die tug kan nie en die tug ook nie sonder die kerk kan geskied nie. Dit was ook nodig om te kyk na wat die verhouding tussen Christus en die kerklike tug is. Die gevolgtrekking hiervan is dat Christus wat sy kerk vergader, beskerm en ook onderhou, dit ook doen deur die implementering van die kerklike tug. Christus is dus die absolute soewereine subjek van die kerklike tug.

Hieruit kom dit na vore dat die tug nie net iets is wat uit die lug gegryp is, waaraan daar geen waarde geheg kan word nie, maar dit is 'n fundamentele deel van kerkwees. Die tug is deur ons drie-enige God self gebruik om sy uitverkorenes na Hom te lei. Dat die tug gebruik word om in liefde mense na God terug te lei is onteenseglik.

Die volgende hoofstuk handel oor eienskappe van die tug. In dié hoofstuk gaan dit spesifiek oor wat die doel van die tug is en ook hoe dit op die ou einde toegepas word.

# EIENSKAPPE VAN DIE TUG

## HOOFSTUK 2

### 1. Inleiding

In hierdie hoofstuk word die vraag gevra wat die eienskappe en die spesifieke karakter van die kerklike tug is. Alhoewel dit duidelik is dat die karakter van die tug eintlik geestelik van aard is, moet die vraag gevra word of die uitoefening daarvan altyd met die karakter verband hou al dan nie. Verder moet daar ook aandag geskenk word aan die eienskappe van die kerklike tug en meer spesifiek oor wát die implikasie van die eienskappe behels. Dit is verder ook belangrik om te besef dat die tug uit liefde moet geskied.

Die hoofstuk val dan uiteen in twee paragrawe. Die eerste is die feit dat die tug uit liefde geskied en die tweede is 'n paragraaf wat handel oor die feit dat die kerklike tug geestelik van aard is. Laastens word daar net verwys na nog ander eienskappe wat die kerklike tug ook het, maar dit word net kortliks bespreek.

### 2. Die tug kom deur liefde tot uitvoering

Hier is dit weer noodsaaklik om klem te lê op die Bybelse grondlegging en om die saak vanuit die Bybel as kernbron te beredeneer. Dit is veral belangrik om te let op die grondwaarheid dat God sy kinders lief het. Dit word gesien in die gedeeltes soos Johannes 13:1: “Voor die viering van die Paasfees het Jesus reeds geweet dat die tyd vir Hom gekom het om van hierdie wêreld af na die Vader oor te gaan. Hy het sy eie mense wat in die wêreld is, liefgehad, Hy het hulle tot die uiterste toe liefgehad.”<sup>54</sup> Ander gedeeltes wat genoem kan word, is Johannes 14:21-23; Efesiërs 2:4; 5:2; 5:25; 2 Tessalonisense 2:16 ens. Dit is dus hieruit duidelik dat die Skrif herhaaldelik bely dat God sy kinders liefhet.

---

<sup>54</sup>Die Bybel (1983)

Verder word God se liefde ook geopenbaar in die tugting van sy kinders. Dit word ook helder gestel in Hebr. 12:6 wat soos volg gestel word: “want die Here tug hom wat Hy lief het, Hy straf elkeen wat Hy as kind aanneem.”<sup>55</sup> ’n Gedeelte wat nie ongenoemd verby kan gaan nie is Openbaring 3:19 wat soos volg lui: “Ek bestraf en tug elkeen wat Ek lief het. Laat dit dan vir julle erns wees en bekeer julle.”<sup>56</sup> Hieruit is dit duidelik dat God ook sy kinders uit liefde tug. Die feit dat God uit liefde met die mens omgaan is voor-die-hand-liggend sowel as ’n Bybelse grondslag. Die tug het ten doel om die mens terug te bring en te lei na God toe. Die gevolg van die tug is om die sondaar tot bekering te bring - “Daarom moet zeer het recht bij de tuchtoefening betracht worden, maar het recht, dat zijn hoogtepunt en verzoening vindt in de liefde.”<sup>57</sup> As ’n mens na die wêreldse geregtigheid kyk is dit tog belangrik om tog te besef dat dit ’n wrekende geregtigheid is wat heers. As ons egter terugkom na die kerk heers die liefde van Christus; deur die liefde word daar vir die sondaar vergifnis en toegang tot die genadetroon van God bewerkstellig.

Dit is dus hieruit duidelik dat daar iets soos vermaning en kerklike tug moet wees. Albei moet geskied in ’n gees van soekende liefde en moet ook ’n vergestaltung wees van die liefde wat Christus vir sy kerk het. Handeling 20:28 verwys na die beeld van die herder en kudde wat ook verwys na die liefdesverhouding tussen Christus en sy volgelinge. Dit is egter ook belangrik om saam met dié gedeelte ook die gelykenis van die goeie herder te vergelyk met gedeeltes soos Hebr. 12:6 en is dit duidelik dat die tug nie net in liefde geskied nie, maar dit is verder duidelik dat tug ook ten diepste self die betoning van liefde is.

Verder is dit van deurslaggewende belang om te besef dat ’n Kerk wat die hele aspek rondom die liefde van God misverstaan, ook nie die noodsaaklikheid van die Tug verstaan nie. Die gevolg hiervan is dat die kerk nie die liefde van God begryp nie. “’n Kerk wat die liefde van God en die tug nie meer met mekaar kan rym nie, verstaan nie meer die evangelie nie.”<sup>58</sup>

---

<sup>55</sup>Die Bybel (1983)

<sup>56</sup>Die Bybel (1983)

<sup>57</sup>Bouwman, H. (1934:602)

<sup>58</sup>Visser (1979:48)



Die gevolg hiervan is egter dat die kerk tot die besef moet kom dat God se liefde 'n heilige liefde is; dit is veronderstel om die kerk te dwing om tog wel die tug te beoefen. Met ander woorde, God se liefde vir sy kerk dwing ook die kerk om met liefde en vermaning met haar gemeentelede om te gaan. Die rede hiervoor is dat liefde die harde hart van mense breek.

Dit is ook belangrik om te wys na die stappe wat gevolg word in die uitoefening van die tug, want dit is 'n weerspieëling van die liefde wat na vore kom in die tug. Die gevolg hiervan is dat as daar iemand vermaan word, die persoon in liefde as broeder of suster vermaan word. "Dit brengen we met nadruk naar voren. Het zegt, hoe er tucht moet worden uitgeoefend. Het mag niet uit de hoogte gaan, niet zo, dat men zich boven de ander stelt, maar zo, da de gelijkheid wordt geoefend en de liefde wordt bewaard"<sup>59</sup>

Een van die belangrikste karaktereienskappe van die kerklike tug is liefde. Die feit dat die kerklike tug en liefde hand aan hand loop is ononderhandelbaar. Sou dit gebeur dat die liefde nie deel uitmaak van die tugondersoek nie is die tug niks anders as 'n regterlike veroordeling nie. Die tug geskied dan juis as gevolg van die liefde wat Christus vir sy kerk het en juis ook omdat Hy die een is wat sy kerk onderhou. 'n Kerk wat sonder die tug is, is 'n liefdelose kerk, want die tug gaan juis daarvoor om mens in liefde te vermaan om terug te keer na God.

Die volgende gedeelte handel dan oor die geestelike karakter van die kerklike tug.

### **3. Die geestelike karakter van die kerklike tug**

Die tug het 'n karakter van liefde waarin dit geskied, maar nog 'n karaktereienskap waarsonder die tug nie kan nie, is die feit dat die tug 'n geestelike karakter het. Die geestelike karakter is egter juis noodsaaklik omdat dit daartoe bydra om die tug in sy doel te laat slag - "Van het oogenblik van de formatie der kerken af is het geestelijk karakter der tucht met nadruk op den voorgrond gesteld."<sup>60</sup> Die tug is dus in oorsprong geestelik juis omdat dit direk van God as Vader, van ons Heer Jesus Christus, wat deur die Heilige Gees die mag aan die kerk gee om die

---

<sup>59</sup>Grosheide (1952:12)

<sup>60</sup>Jansen (1913: 129-130)

Woord sakrament sowel as die tug te bedien. Dit word ook duidelik gesien in 'n gedeelte soos Hand 20:28: “Pas julle self op en die hele kudde wat die Heilige Gees onder julle sorg gestel het. Soos wagers 'n kudde versorg, so moet julle die gemeente van God versorg wat Hy vir Hom verkry het deur die bloed van sy eie Seun.”<sup>61</sup>

Dit is ook belangrik om te besef dat die kerklike tug en die burgerlike straf reeds van vroeg af erken is deur Gereformeerde Kerke en ook sodoende geformuleer is in die handeling en kerkordes. Dit word gesien in artikel 92 van die “Acta” van die Nasionale Sinode van Dordrecht 1618-1619 wat soos volg lees: “Ouermidts de Heere Christus behaluen den dienst des woordts ende der Sacramenten oock de Kerckelicke vermaninghen ende straffinghen inghestelt heeft, so sullen de Dienaren niet alleen openbaerlick leeren straffen vermanen ende wederlegghen, maer sullen oock een yeghelick int bysonder vermanen tot syn behoorlicke plicht, maer ghelyck de Christelicke straffe geestelick is, ende niemant van de straffe der Ouericheyt en bevrydt, alsoo worden oock bouen de borgherlicke straffinghe de Kerckelicke straffinghen nootsakelicken vereyscht, om den Sondaer met God ende synen naesten te versoenen, ende de erghernisse wat der ghemeynte Christi wech te nemen.”<sup>62</sup>

As 'n mens let op gedeeltes soos Matt. 18:15-17; 1 Kor. 5; 1 Thess. 5:14 ens. is dit hieruit duidelik dat die tug geestelik van aard is. Dit tug het dan juis vermaning, opskorting, en by uiterste gevalle van verharding, uitbanning uit die gemeente ten doel. “En in bedoeling is zij geestelijk, omdat zij niet alleen als de burgerlijke mact straft, opdat het recht zijnen loop hebbe, maar ook gegevenis tot behoudenis der zielen, tot stichting en niet tot nederwerping, tot volmaking der heiligen en tot opbouwing des lichaams van Christus.”<sup>63</sup>

Dit is veral belangrik om tot die besef te kom dat die kerklike tug geestelik is en geestelik figureer juis in die manier hoe dit omgaan met die Woord van God, en in watter gees die tughandeling plaasvind, verder ook hoe die sake en persone wat deur die tug beïnvloed word reageer of optree. By evangelieprediking en vermaning is daar ook geen verskil nie; die rede

---

<sup>61</sup>Die Bybel (1983)

<sup>62</sup> Biesterveld (1905: 130)

<sup>63</sup>Jansen (1913: 132)

hiervoor is omdat vermaning deel uitmaak van die verkondiging van die evangelie. Hierdeur word die geestelike karakter van die kerklike tug bevestig.

Die kerklike tug het dus ook 'n geestelike karaktereienskap. Die geestelike eienskap is juis vir die rede dat tug deur die Drie-Enige God daargestel word. Die twee karaktereenskappe van die tug kan nie sonder mekaar geskied nie omdat die kerk deur die Drie-Enige God onderhou, beskerm en ook bewaar word. Noodgedwonge kan die tug sonder die geestelike karakter 'n minimaliserende of maksimaliserende gevolg hê. Eersgenoemde wat tot gevolg het dat die mens hom nie aan die tugoefening steur nie omdat dit deur mense gesien kan word as veroordeling van jou naaste; die gevolg is dat die mens losgemaak word van die oordeel van Christus. Die tweede aspek handel oor die maksimaliserende gevolg wat tot gevolg het dat die kerklike tug 'n verdoemende handeling is wat 'n finale oordeel fel oor die mens.

Dit is veral dus duidelik dat deur die toenemende intensiteit van die tugproses, afsnyding voorafgegaan moet word deur verskeie vermanings en sensuur, wat die feit beklemtoon dat die tug geestelik van aard is.

Wat na vore tree is die gesindheid waarin die tug geskied en wat uitstaan is dat persone wat die tug uitoefen die trant van 'n burgerlike hof moet vermy en hulle self nooit as regters moet beskou nie, maar eerder as “vaderlike opsieners wat met diepte ootmoed voor God en met ter liefde en belangstelling moet poog om die oortreders terug te bring van hulle dwaalweë.”<sup>64</sup> Wat dan gebeur is dat die tug onderskei word van 'n koud kliniese verhoor, omrede dit met en in die gesindheid van liefde plaasvind, wat 'n integrale deel vorm van die geestelike karakter van die tug. Die kerk moet onder geen omstandighede die kerklike of geestelike aard van die tughandeling prysgee “om aan 'n hersiening deur die burgerlike hof te ontkom nie, solank hierdie aard nie die algemene vereistes vir geregtigheid uitsluit nie.”<sup>65</sup>

Alhoewel daar net oor die twee groot karaktertrekke gepraat word, is daar ook ander wat in die volgende paragraaf kortliks genoem en bespreek gaan word. Die belangrikheid van die

---

<sup>64</sup> Sadler (1979:12)

<sup>65</sup> Strauss (2010:112)

eienskappe moet egter nie onderskat word nie, want dit vorm ook 'n kardinale grondslag vir die kerklike tug.

#### **4. Ander karaktereienskappe wat die kerklike tug beïnvloed**

Hierdie karaktereienskappe word net kortliks bespreek. Die karaktereienskappe is die regtelike karakter, die pedagogiese karakter en laastens die genesende karakter van die kerklike tug.

##### **4.1. Regtelike karakter**

Volgens iemand soos Jansen het die kerklike tug eerstens 'n *regtelike karakter* - "God heeft in zijn Woordbeginselen voor het kerklijkleven neergelegde. Het moet naar Goddelijke rechtsordening worden ingericht."<sup>66</sup> Die gevolg hiervan is dat die kerklike tug as gevolg hiervan 'n pastorale karakter met 'n regtelike kant het omdat dit die Goddelike regsorde vir die kerklike lewe handhaaf. Aan die ander kant word die karaktereienskap sterk teengegaan omdat die tug alleen uit liefde moet geskied. Maar wat egter onbetwyfelbaar is, is dat die reg ook uit God is, "en wel het recht voor heel de schepping, voor hemel en aarde, voor engel en mensch, voor staat en maatschappij, voor huisgesin en kerk."<sup>67</sup> God self verorden dat sy reg wat Hy vir sy kerk daarstel gehandhaaf word. Daarmee tree ons nie op wêreldse vlak nie, maar bly ons suiwer op kerklike terrein. Die gevolg is dat die regtelike karakter van die kerk onbetwisbaar is.

##### **4.2. Pedagogiese karakter**

Tweedens het die kerklike tug ook 'n *pedagogiese karakter*. Die tug opsigself is geen pedagogiek nie, en pedagogiek opsigself is nie tug nie, maar die tug is wel pedagogies van karakter juis omdat dit saam ten doel het om die gemeentelede te leer. "Dat komt vooral daarin uit, dat God in de tucht niet alleen as Rechter optreedt, om de kerklijke rechtsorde te handhaven, maar ook en bovenal als Vader, die zijne kinderen vermaant en waarschuwt, kastijdt en

---

<sup>66</sup>Jansen (1913: 127)

<sup>67</sup> Jansen(1913: 129)

bestraft.”<sup>68</sup> So is God dan ook ons regter en Vader. Hy alleen het reg op sy kinders en soos ’n vader sy kinders deur middel van vermaning en straf opvoed, so word daar ook deur die kerklike tug ’n opvoedkundige of pedagogiese karakter gedra.

### 4.3. Genesende karakter

Nog ’n karaktereienskap wat die kerklike tug besit is ’n *genesende karakter sowel as ’n pastorale karakter*. “Zij dient, om van de geestelijke krankheid te verlossen.”<sup>69</sup> Juis omdat die tug genesend van aard is genees dit die mens en red dit die mens van die dood. Die tug het wel ook ’n pastoraal-kerkregtelike eienskap. So lees ’n mens dit ook in Spreuke van Salomo in hoofstuk 23 vers 13 en 14 wat soos volg gestel word: “Moenie huiwer om ’n kind te straf nie, want as jy hom slaan, red jy sy lewe. Jy moet hom juis slaan om hom van die dood te red.”<sup>70</sup> Die gevolg hiervan is soos wat Strauss dit stel dat die tug “’n Liefdeshandeling is wat wil nadertrek en terselfdertyd ‘billik en regverdig’ toegepas moet word.”<sup>71</sup>

## 5. Samevatting

Die tug is soos ’n veelsydige diamant wat verskeie karaktereenskappe het. So is die tug ook een van die fundamentele boustene waarsonder die kerk nie kan nie. Dit is juis uit die gedeelte bevestigend dat die kerk nie sonder die tug kan bestaan nie.

Met die eerste paragraaf is dit duidelik dat een van die grootste karaktereenskappe van die tug die liefde is. Die tug geskied in liefde. Die gevolg hiervan is dat juis die liefde wat God vir die mens het, ons as volgelinge ook aan mekaar moet bewys en oordra. Hierna volg dat juis wanneer jou broer struikel jy nie die ander pad kan kyk nie. Die gevolg is dat die kerk wat nie die tug toepas nie ’n liefdelose kerk is.

---

<sup>68</sup> Jansen (1913: 132)

<sup>69</sup> Jansen (1913: 133)

<sup>70</sup> Die Bybel (1983)

<sup>71</sup> Strauss (2010:110)

Dit tug beskik ook oor 'n geestelik karakter. Hiermee word bedoel dat die tug op 'n ander wyse geskied vanweë die feit dat dit juis deur God ingestel is. Die tug is juis geestelik vanweë die feit dat dit op die Woord van God gebaseer is en daarvolgens toegepas word; verder is die gees waarin dit plaasvind ook belangrik. Die tug kan nie sonder die twee aspekte geskied nie. Die rede hiervoor is dat die tug niks meer word as menslike veroordeling as die twee karaktereienskappe agterweë gelaat word nie.

Ander aspekte wat bloot net genoem kan word is die feit dat die tug 'n regtelike, pedagogiese, sowel as 'n genesende of pastorale karakter het.

Dit is dus duidelik dat die Tug meer is as net 'n verkeerde opvatting van veroordeling van mense, maar dat die tug hom juis ten doel stel om mense te lei en ook te begelei na God. Dit is egter baie keer ook moeilik en dus ook belangrik om tot die besef te kom dat dit juis nie die mens self is wat die tug uitoefen nie, maar dat dit deur Christus uitgeoefen word. Dit is dan ook wat in die volgende hoofstuk bespreek gaan word: Hoe Christus die Tug uitoefen?

# HOE CHRISTUS DIE TUG UITOEFEN?

## HOOFSTUK 3

### 1. Inleiding

In hierdie hoofstuk word daar gelet op hoe Christus betrokke is by die kerklike tug. Dit is veral nodig om te let op die tema omdat dit die klimaks van die kerklike tug is, juis omdat dit deur Christus gedoen word. Dit is veral nodig om ook spesifiek te kyk na die betrokkenheid van Christus by die kerklike tug. Die tug geskied omdat Christus oor sy kerk regeer en dus is die betrokkenheid van Christus vanselfsprekend en ook ononderhandelbaar. Na gelang van bogenoemde moet die vraag wat aan die begin gevra word in diepte bespreek word.

### 2. Christus as subjek van die kerklike tug

Efesiërs 1:22 word soos volg gestel: “Ja, aan Hom het God alles onderwerp, Hom bo alles verhef en Hom aangestel as hoof van die kerk.”<sup>72</sup> Dit is veral ook belangrik om te let op verdere gedeeltes soos Kolossense 1:18 wat as volg lui: “Hy is die hoof van die liggaam, van die kerk. Hy is die oorsprong daarvan, Hy is die Eerste, die Een wat uit die dood opgestaan het, sodat Hy die eerste plek in die heelal inneem.”<sup>73</sup>

Dit is hieruit duidelik dat Christus ’n absolute gesagsposisie in die kerk beklee. Christus is die een wat self oor sy kerk regeer; dit is verder ook belangrik om tot die besef te kom dat Christus nooit sy outoriteit oordra aan ’n mens nie. Dit is duidelik dat geen mens die titel van “Hoof van die kerk” toekom nie, juis omdat Christus die enigste Hoof is van sy kerk.

Alle mag in die kerk berus by Christus. God is die een wat die ampte in die gemeente instel en sodoende kom dit nie uit die gemeente op nie; Christus gee dit aan die gemeente en die Heilige Gees stel die opsieners aan oor die gemeente. Die handeling aangaande die ampte is nie ’n

---

<sup>72</sup>Die Bybel (1983)

<sup>73</sup>Die Bybel (1983)

ligtelike verrigting nie, maar die handeling gaan uit van die drie-enige God. Die diens van die mens word deur Christus gebruik om sy werk te volbring. In die kerk is dit duidelik dat Christus die absolute gesagsposisie beklee, juis as gevolg van die feit is dit broodnodig om te beklemtoon dat dit juis ook die tughandeling insluit.

“Die bedienaars van die kerklike tug moet vanuit die Koningsheerskappy van Jesus Christus afgelei word. Dit sou dus volkome korrek wees om te sê dat die eintlike bedienaar van die tug Hyself, die Hoof van die kerk is.”<sup>74</sup> Christus oefen sy soewereine en absolute gesag uit deur sy Woord en Gees. Daar is geen ander owerheid in die kerk as Jesus Christus, die Here en Koning nie. Na aanleiding hiervan is alle gesag wat deur mense uitgeoefen word, bedienend, waarby die Koning alles is en die dienaar niks nie. Na aanleiding hiervan is die uitgeoefende gesag van Christus heilig.

Christus is die een wat die tug uitoefen omdat dit ook deur Hom ingestel is. Dit is verder belangrik om te beseef dat Hy in diepte betrokke is by die kerklike tug; alhoewel dit deur die mens uitgevoer word, is en bly Christus die subjek van die kerklike tughandeling. Sonder Christus se betrokkenheid by die kerklike tug is die tug niks anders as menslike veroordeling nie. Die tug moet vir die gemeente wees asof dit Christus is wat deur die amp spreek.

Die tug is egter nie net die taak van ’n spesifieke amp nie, maar die broederlike vermaninge is die taak sowel as die roeping van elke gemeentelid. Christus staan as hoof van sy kerk as eerste bedienaar van die kerklike tug. Christus werk ook deur sy apostels. “Nou weet ons ook dat die ouderlinge die opvolgers van die apostels is. Ten derde is die gemeente self die bedienaars van die tug.”<sup>75</sup>

Na aanleiding van bogenoemde is Christus die subjek van die kerklike tug. Dit is hieruit duidelik dat die tug nie tot sy volle reg kan kom sonder dat Christus die uitvoerende mag daarvan is nie. Omdat Christus die hoof van die kerk is en so ook die hoof van die tug, is dit tog belangrik om te

---

<sup>74</sup> Van Rensburg (1971:11)

<sup>75</sup> Kruger (1957:8)



let waarom die tug 'n saak van soveel erns was en ook is vir Christus, dit word in die volgende paragraaf behandel.

### **3. Christus en die kerklike tug; 'n saak van erns**

Tug is 'n handeling wat plaasvind omdat Christus oor sy kerk regeer. Wanneer Christus met sy dissipels praat oor hoe jy moet handel wanneer jou broer sondig soos opgeteken in Matt. 18:15-20, is Hy besig om voorskrifte te gee rakende die handhawing van tug in die gemeente. Die tug kom dan deur die handeling van Christus met sy gemeente tot volle uiting deur die feit dat Hy die een is wat oor sy kerk regeer.

“Indien die kerk hom immers bemoei met die sonde van sy lidmate en daarby ten doel het om die lidmate te help om van sonde af te sien, daarvan weg te vlug en ten volle uit genade van Christus te lewe, is die kerk besig met tug.”<sup>76</sup> Dit is duidelik dat die tug 'n fundamentele deel uitmaak van die kenmerke van die ware kerk, maar dit is tog belangrik om te vra waarom die tug so 'n saak van erns was vir Christus dat Hy herhaaldelik met sy dissipels daaroor gekommunikeer het.

Volgens iemand soos Jonker is daar verskeie redes wat 'n antwoord bied op die bogenoemde vraag. Die redes lui as volg:

#### **3.1. Christus verorden die tug omdat Hy barmhartig is**

'n Gemeente waar die tug ontbreek is 'n gemeente wat nie aangemoedig word om in Christus te bly nie. So 'n gemeente blyk 'n liefdelose gemeente te wees omdat dit nie omgee oor die welstand van die ander gelowiges in die gemeente nie. “In sy teerheid en liefde wil Christus nie so 'n gemeente hê nie. Christus kan nie genoeg daarmee neem dat sy lede onversorg blootgestel word aan verminking deur die wêreld nie.”<sup>77</sup>

---

<sup>76</sup>Jonker (1978:6)

<sup>77</sup>Jonker (1978:6)

Christus wil nie die dood van die sondaar nie, maar wil eerder hê dat daar bekering en lewe moet plaasvind en daarom maak Hy die gemeentelede vir mekaar mede-verantwoordelik. Die gevolg is dat die tug deur Christus ingestel is sodat medegelowiges mekaar bystaan as hul broeder of suster sondig. Hieruit spruit dit dan voort dat die tug verorden is omdat Christus barmhartig is en sodoende sy kerk ten doel het.

### **3.2. Die tug raak die heiligheid van die gemeente aan**

“De rechtelijke handhaving van de heiligheid van de gemeente Gods tegenover de destructieve macht van het kwade in het leven van hen die zich binne de gemeente door de zonde laten beheersen.”<sup>78</sup> Die kerk is die bruid van die lam; as gevolg hiervan moet die kerk afgesonder word van die wêreld en heilig wees vir die koms van die bruidegom. Dit is een van die redes waarom Christus Homself aan die kruis laat hang het.

Dit is veral ook nodig om te let op ’n gedeelte soos Kolossense 1:21 wat soos volg gestel word: “Maar nou het Hy ook julle met Homself versoen deurdat sy Seun as mens gesterwe het om julle heilig, sonder smet en onberispelik voor Hom te stel.”<sup>79</sup> Dit is dus nodig vir die tug juis om die heilige karakter van die kerk te bewaar. Sou die kerk sonder die tug wees, sonder onderlinge sorg, sonder die voortdurende vermaning aan die wat sondig is, sou die heilige karakter van die kerk in die slag wees.

### **3.3. Die tug raak ook die getuienis van die kerk en haar invloed op die wêreld aan**

Die kerk is nie net ter wille van haarself in die wêreld nie, maar ter wille van die wêreld. Christus is die een wat sy kerk in die wêreld ’n getuienis laat word van sy liefde vir die mens. Die kerk het dus ’n roeping in die wêreld. Die kerk is ’n leesbare brief wat Christus aan die wêreld rig. Sonder die tug in die kerk word daar nie naarstigelik gewaak teen die sonde nie. Die gevolg

---

<sup>78</sup> Kamphuis (1981:95)

<sup>79</sup>Die Bybel (1983)

hiervan is dat daar egter geen sprake van die doeltreffende uitoefening van die apostolaat van die kerk is nie.

“Christus het die kerk die lig van die wêreld en die sout van die aarde genoem, maar dit is tog duidelik dat die kerk slegs die lig van die wêreld kan wees, as hy so naby Christus lewe dat die lig van Christus deur hom kan skyn; dat die kerk slegs die sout van die aarde kan wees, as Christus self in die kerk lewe en smaak aan die kerk gee.”<sup>80</sup> Wat gebeur is dat die kerk ’n roeping in die wêreld en met betrekking tot die wêreld het. Hieruit kom dit na vore dat die kerk teenoor die wêreld moet getuig van die redding wat daar in Christus is.

### **3.4. Die tug is laastens deur Christus verorden omdat dit die eer van God aanraak**

Hierdie is seker die hoofrede waarom tug in die kerk toegepas moet word. “Daarin kulmineer al drie die ander motiewe vir die uitoefening van die tug. Immers, alle sonde is ’n aanranding van God’s eer.”<sup>81</sup> Die gevolg van die sonde is dan vertrapping van God se eer. Sou dit blyk dat die sondige mens so op die pad van sonde gelaat word, word hierdeur beklemtoon dat God se eer niksseggend vir die kerk is.

Die tug word deur die gemeente beoefen ter wille van die heiligheid van die gemeente en die behoud van die sondaar. Dit is van onuitspreekbare belang dat die tug tot sy volle potensiaal ontsluit word in die gemeente omdat die tug vir die gemeente is. Sou die kerk egter tugloos wees, is die gevolg dat die kerk nie getuienis in die kerk sowel as in die wêreld kan lewer nie. Die broeder wat sondig kan dan nie gekonfronteer word met die verlossende krag van Christus nie.

“Die bewering dat die tug nie straf is nie, moet tot op groot hoogte gesien word as ’n reaksie teen die Roomse tugstelsel, waarin daar van burgerlike strawwe, soos geldboetes, gebruik gemaak word.”<sup>82</sup> Die tug is ingestel tot eer van God, ter wille van die sondaar sowel as die heiligheid van

---

<sup>80</sup>Jonker (1978:8)

<sup>81</sup>Jonker (1978:8)

<sup>82</sup> Sadler (1979:16)

die gemeente; dis nie net sommer 'n kerklike aangeleentheid nie, maar dit is 'n handeling wat te doen het met die eer van God, juis dít maak die tug 'n besondere aangeleentheid. Hieruit is dit duidelik dat die tug 'n saak van erns is omdat dit verder deur Christus verorden is.

#### **4. Samevatting**

Christus is die Hoof van die kerk. Hy is die een wat die absolute gesag en magsposisie in die kerk beklee en juis na aanleiding hiervan is Hy die een wat in en oor sy kerk regeer. Hy is die een wat sy kerk vergader, beskerm en onderhou. Dit is duidelik dat alle mag dus by Christus berus. Na aanleiding hiervan is dit ook duidelik dat juis Hý ook die een is wat die subjek van die tug is. Christus self is die een wat die tug uitoefen. Dit doen Hy omdat Hy die een is wat die algehele gesagsposisie in die kerk beklee.

Die gesag oor die kerk berus by Jesus Christus wat die Koning en Here van die kerk is. Die gesag word deur God drie-enig aan Christus gegee. Verder is dit duidelik dat Hy ook sy gesag en mag uitoefen in die kerk deur sy Woord en Gees. Na aanleiding hiervan en die bogenoemde is dit duidelik dat Christus intiem betrokke was, is en ook bly by die regering van sy kerk.

By die tug is dit duidelik dat soos wat genoem is, is Christus die Subjek van die tug. Juis omdat Hy die hoof van die kerk is, is die tug niksseggend sonder Hom wat die uitvoerende mag daarvan is.

Behalwe vir die feit dat die tug geskied met Christus as subjek, is die tug ook 'n saak van erns vir Christus. Dit word gesien in die volgende punte:

- i. Christus verorden die tug omdat hy barmhartig is;
- ii. Die tug raak die heiligheid van die gemeente aan;
- iii. Die tug raak ook die getuienis van die kerk en haar invloed in die wêreld aan;
- iv. Die tug is laastens deur Christus verorden omdat dit die eer van God aanraak.

Hieruit is dit duidelik dat Christus die een is wat die tug uitoefen. Dat Christus die een is wat die hoof is van sy kerk is ononderhandelbaar. Die gevolg hiervan is dat omdat Hy die hoof is van die kerk, die tug nie sonder sy uitvoerende mag, Christus self, kan en mag plaasvind nie.

Noudat dit duidelik is dat Christus die subjek van die tug is, is dit nodig om te let op die noodsaaklikheid van die kerklike tug. Die noodsaaklikheid van die tug is al gedeeltelik aangeraak maar word in diepte in die volgende hoofstuk beredeneer.

# DIE NOODSAAKLIKHEID VAN DIE TUG

## HOOFSTUK 4

### 1. Inleiding

Soos in die vorige hoofstukke verduidelik is, is dit broodnodig vir die kerk van Christus as ware kerk om die drie *Notae Ecclesiae* uit te leef. Die kenmerk word ook soos volg beskryf in Artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis: “Die kenmerke waaraan ons die ware kerk kan uitken, is die volgende: Wanneer die kerk die evangelie suiwer preek, die sakramente suiwer bedien soos Christus dit ingestel het en die kerklike tug gebruik om die sondes te straf—kortom, wanneer almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is, verwerp en Jesus Christus as die enigste Hoof erken.”<sup>83</sup> Soos blyk uit die vorige hoofstukke - waar een van die *Notae Ecclesiae* ontbreek, verbeur die kerk dit om ’n suiwer kerk van Christus te wees.

Dit is dus hieruit duidelik dat iets soos die tug ’n prominente rol in die kerk speel en ook meer spesifiek in die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Voorts is dit ook duidelik dat die kerk sonder die tug iets van sy kerklike eienskappe verloor, meer spesifiek van kerkwees verloor. Dit is dus nodig om die noodsaaklikheid van die kerklike tug in die kerk te beredeneer en dit is waarna gegaan sal word in die volgende paragrawe.

### 2. Teenkanting teen die tug

“Die kerklike tugoefening is vroeg reeds met teenkanting begroet. Teenstanders van die tug wys gewoonlik op die voorbeelde van hardvogtigheid by die toepassing van tug in die eerste eeu.”<sup>84</sup> In die verlede het die tug redelik teenkanting gekry by die mens vanweë magismisbruik en die tug wat as veroordeling deur medegelowiges gesien word. Die tug moet vanuit God Drie-enig

---

<sup>83</sup> Ons glo (2008:29)

<sup>84</sup> Kleynhans (1988:144)

verstaan word. Die tug is nie regspraak van een persoon oor 'n ander nie, maar dit vloei juis voort vanuit die handhawing van die koningsheerskappy van Christus - in sowel as oor die kerk. Dit is nodig om spesifiek te kyk of die tug nog noodsaaklik is vir die kerk, in die volgende paragrawe word daarna gepoog.

### **3. Die noodsaaklikheid van die tug in die kerk**

Die vraag word nou gevra oor of die tug werklik noodsaaklik is vir die kerk al dan nie. Sodoende is dit nodig om te kyk na die noodsaaklikheid van die tug in die Skrif, so ook na die noodsaaklikheid van die tug in die kerk sowel as die noodsaaklikheid van die tug vir die lidmate. Al drie die punte word in die volgende paragrawe afsonderlik bespreek.

#### **3.1. Die noodsaaklikheid van die Tug in die Skrif**

Dit is nodig om eerstens te kyk of die tug noodsaaklik is in en vir die kerk al dan nie. As 'n mens let op die vorige hoofstukke, is dit duidelik dat die tug vanuit die Heilige Skrif 'n bewaakte saak is. Die Skrif is die kernbron van Waarheid waaruit ons die beginsels aangaande die tug moet put. Soos reeds vermeld in die vorige hoofstukke is die tug 'n hoogtepunt in die Ou Testament vanaf Adam tot by Konings en profete. “Bo alles gee tug uitdrukking aan die onderwerping en erkenning van Israel se kant ten opsigte van Jahwe: daarom is die tug heilsaam.”<sup>85</sup>

In die Nuwe Testament kom die woord tug soos reeds vermeld nie voor nie, maar die tug is wel in prinsiep uitgeoefen en toegepas. Sonder die Evangelie is die tug 'n leë handeling. Verder is dit duidelik dat die tug sekere stadia deurloop en dit kan spesifiek gesien word in 'n gedeelte soos Matt. 18:15-18 wat soos volg gestel word: “As jou broer verkeerd opgetree het teen jou, gaan wys hom tereg waar julle eenkant alleen is. As hy na jou luister, het jy jou broer teruggewen. Maar as hy nie luister nie, neem nog een of twee met jou saam, sodat alles wat gesê word, deur die woord van twee of drie getuies bevestig kan word. En as hy na hulle nie luister nie, sê dit vir die gemeente. As hy ook na die gemeente nie luister nie, moet jy hom as 'n heiden en 'n

---

<sup>85</sup> Van Rensburg (1971:19)

tollenaar behandel. “Dit verseker Ek julle: Wat julle ook al op die aarde toesluit, sal in die hemel toegesluit bly; en wat julle ook al op die aarde oopsluit, sal in die hemel oopgesluit bly.”<sup>86</sup>

Die tug moet vanuit die Skrif beredeneer kan word. Verder is die tug ook noodsaaklik omdat dit ’n grondige deel uitmaak van die Skrif en ook verorden is deur Christus.

### **3.2. Die tug is noodsaaklik vir die kerk**

“Nêrens op aarde is daar ’n plek te vinde waar die sonde en die vloek nie die spontane en gesonde ontwikkeling en groei verbreek het nie.”<sup>87</sup> Die tug is ’n element waarsonder die kerk nie die eise van die tyd kan oorkom nie. Tog is dit duidelik dat die handhawing van die tug mildelike seën bewerk. Hierbenewens het die verwaarlosing daarvan vloek en ontbinding tot gevolg.

Polman stel dat “Ook die kerk van Jesus Christus heeft voortdurend tuch van node en het verwaarlosing daarvan bracht steeds grote schade en verderf mede.”<sup>88</sup> Die kerk is deur Christus tot stand gebring en is ook tot sy eer daar. Die gevolg is dat die tug juis nodig is om die getuienis van God’s genade te verkondig aan die volke. Die tug word hier geminag, soos wat ook in die vorige hoofstukke genoem is, is die gevolg dat die eer van God in gedrang gebring word. Met die minagting word daar dus ’n bespotting van God’s eer en Christus se Koningskap gemaak.

Omdat die kerk telkens met heiligheid teen kwaad kies, is dit duidelik dat die kerk die tug nodig het omdat sy koning Heilig is en sodoende self ’n heilige instansie is. Deur die handhawing van die tug in ’n gemeente, word die goeie orde in die gemeente gehandhaaf. “Gods wese verpersoonlik die grondbeginsels van liefde en geregtigheid, maar ook kom die geregtigheid van Hom af.”<sup>89</sup> Omdat God sodanig heilig is vereis Hy ook vir sy kerk, wat ook die vergestaltung van God se liefde op aarde is, die strengste handhawing van sy reg en geregtigheid. Hieruit volg dat kerklike dissiplines in die gemeenskap van gelowiges nie verwaarloos moet word nie.

---

<sup>86</sup>Die Bybel (1983)

<sup>87</sup>Van Rensburg (1971:23)

<sup>88</sup>Polman (1957:222)

<sup>89</sup>Van Rensburg (1971:25)



Calvyn maak die volgende stelling: “En ongetwyfeld, hoe groot de noodzakelijkheid daarvan is, zal uit het menigvuldig nut beter door zien worden.”<sup>90</sup> Calvyn het sterk gestry vir die instelling sowel as die handhawing van die tug in die kerk. Die kerk is soos hierbo genoem en ook soos wat bely word in die woorde van die Twaalf Artikels (soos volg gestel: “ek glo aan ’n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges”<sup>91</sup>) heilig omdat dit God se vergestaltung op aarde is Sonder die kerklike tug het die kerk iets van sy heiligheid verloor. Die rede is dat die eer van God en Koningskap van Christus in gedrang kom.

Selfs as ’n mens let op die woord tug is dit afkomstig van “tichen of ziechen”<sup>92</sup> waarvan die betekenis is “om te trek.” Die tug het dus nie ten doel om as wêreldse regbank te straf nie, maar het ten doel om te kasty of terug te bring en terug te lei na God toe. Dit is hier waar die eenheid van die kerk voorop gestel word. Omdat ons een in geloof is moet ons ook die eenheid versterk deur die tug.

### **3.3. Die tug is noodsaaklik vir die lidmate**

Artikel 28 van die Nederlandse Geloofsbelydenis lui as volg:

“Elkeen is verplig om by die ware kerk aan te sluit”

“Ons glo aangesien hierdie heilige vergadering ’n versameling is van hulle wat verlos word en daarbuite geen saligheid is nie dat niemand, wat sy stand of status ookal is, hom in selftevreedenheid van hierdie vergadering afsydig mag hou nie; intendeel, almal is verplig om daarby aan te sluit en hulle daarmee te verenig om die eenheid van die kerk te bewaar deur hulle almal as lede van een en dieselfde liggaam aan sy leer en tug te onderwerp, die nek onder die juk van Jesus Christus te buig en volgens die gawes wat God aan elkeen gegee het, die broers in die opbou van hulle geloof te dien. Om dit beter te kan doen, is dit volgens die Woord van God die plig van alle gelowiges om hulle af te skei van hulle wat nie aan die kerk behoort nie, en hulle by die vergadering aan te sluit, waar God dit ook al gevestig het, selfs al sou regerings en wette van

---

<sup>90</sup> Sizoo (1956:4-5)

<sup>91</sup> Ons Glo (2008:118)

<sup>92</sup> Sizoo (1956:4-5)

regeerders daarteen wees en daarvoor die doodstraf of lyfstraf oplê. Daarom handel almal wat hulle van hierdie ware kerk afskei of nie daarby aansluit nie, in stryd met die bevel van God.”<sup>93</sup>

Die belydenisskrifte self stel dit dat die tug noodsaaklik is vir die mens, juis om die mens terug te lei na God toe. Juis omdat ons deur Christus vergader is, is ons heilig. Die gevolg hiervan is dat ons as verlostes deel is van God se kerk en dat ons ook as gevolg van die feit dat ons deur God vergader is, verplig is om by die vergadering aan te sluit soos vermeld deur Artikel 28 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Dit stop egter nie net hier nie; Artikel 28 van die Nederlandse Geloofsbelydenis vermeld verder die volgende: “om die eenheid van die kerk te bewaar deur hulle almal as lede van een en dieselfde liggaam aan sy leer en tug te onderwerp.”<sup>94</sup> Hieruit is dit duidelik dat die tug noodsaaklik is vir die gemeentelede. Die eerste rede hiervoor is omdat dit deur Christus ingestel word; tweedens is die tug noodsaaklik vir die gemeentelede omdat die verwaarlosing daarvan die eer van God in gedrang bring; en derdens is die tug ook noodsaaklik omdat dit die gemeentelede terug lei na God toe.

“Discipline is dus as te ware ’n toom waardeur diegene wat teen Christus se leer woed, teruggehou en getem kan word. Of dit is soos ’n prikkel om diegene aan te por wat te min gewillig is. Soms is dit selfs soos ’n vader se pakslae om diegene wat ernstiger afgedwaal het, met sagmoedigheid en die vriendelikheid van Christus se Gees te tug.”<sup>95</sup> Die lidmaat self word dan bemoedig en teruggebring en gelei deur liefde en sagmoedigheid. Uit bogenoemde is dit duidelik dat die lidmaat se lewenswandel voor God en sy gemeente ’n getuienis sal wees van ’n lewe gebaseer op God se genade. Elke lidmaat en dus die gemeente self moet hul aan Christus onderwerp wat tot gevolg het dat die gemeente haarself aan die Woord en Gees van God onderwerp omdat dit die manier is hoe Christus in sy kerk regeer. Juis as gevolg van die feit dat die gemeente hul aan die regering van Christus oor sy kerk onderwerp is die gevolg dat die Hoof van die kerk, Christus self, juis ook daar is om die plaaslike gemeente te ondersteun en te onderrig.

---

<sup>93</sup>Ons glo (2008:28)

<sup>94</sup>Ons glo (2008:28)

<sup>95</sup>Simpson (1980: IV, XII, 1)

Die tug is hiervolgens noodsaaklik vir die gemeente sowel as elke lidmaat omdat dit God se stok en staf is om sy gemeente terug te lei na Hom toe. Die kerk self is God se verteenwoordiger op aarde en juis daarom is dit noodsaaklik dat diegene wat God verteenwoordig, daar waar hulle afdwaal, teruggebring en gelei kan word na God toe. Sou die tug onderhou word, is die gevolg hiervan dat die kerk nader groei aan God, juis omdat die tug die manier is hoe God sy kerk onderhou.

Die lidmate en gemeente het die tug nodig omdat dit uitdrukking gee aan hul besorgdheid teenoor mede-geloofsgenote. Hier gaan dit oor die liefde, liefde teenoor God en ook teenoor ons naaste. Die gevolg van die nakoming van die wet van God is dat dit ook beteken om die tug toe te pas, want as jy jou broeder of suster sien struikel moet jy hulle in liefde kan terug lei na God toe. Met die minagting van die tug gaan daar ook iets van die wet van God verlore. omdat dit juis is waaroor die wet gaan. en dit is om mekaar in liefde te ondersteun en te bemoedig. Daar gaan ook iets verlore van die eenheid van die geloof. Die rede is dat daar nie liefde in die gemeente is nie en dit is dan wat die eenheid van geloof versterk.

#### **4. Samevatting**

Alhoewel daar baie teenkating teen die kerklike tughandeling is, moet die tug gesien word vanuit die heerskappy van Christus oor sy kerk en dat dit nodig is om sy heerskappy en gesag ten volle in die kerk te bewerkstellig, maar om ook sy gesag te bevestig. Die vraag is gevra of die tug noodsaaklik is al dan nie. Uit die bogenoemde kan dit beredeneer word na aanleiding van wat in die Heilige Skrif geleer word aangaande die tug dat dit wel noodsaaklik is. Uit die Skrif is dit duidelik dat die tug regdeur die Ou Testament sowel as die Nuwe Testament na vore kom. Die prinsiep van die tug word deur Christus self aan sy dissipels geleer. Christus self het die tug verorden en dus is dit ook noodsaaklik om die tug as kerklike handeling te onderhou.

Die tug is noodsaaklik, juis ook vir die kerk, omdat God heiligheid in sy kerk vereis. Hy vereis dit omdat Hy heilig is en ook van sy gemeente verwag om heilig te wees. Die tug is die manier om heiligheid in die gemeente te bewerkstellig deur die wat afdwaal het weer terug te lei na God deur die tug. Die tug is nodig vir die kerk, want die kerk het ook te doen met die eer van

God. Die verwaarlosing van die tug het tot gevolg dat die eer van God in gedrang kom en dit kan nie; dus is die tug nodig om die eer van God hoog op prys te stel.

Laastens is die tug ook nodig vir die lidmate omdat dit deur Christus verorden is en tot gevolg het dat verder soos wat genoem is, die verwaarlosing daarvan die eer van God in gedrang bring en laastens word van elke gemeentelid liefde vereis aan God en mens. Die versuim om die tug uit te oefen is 'n versuiming om die Goddelike wet van liefde uit te oefen. Die gevolg hiervan is dat ons toekyk hoe ons broers en susters weg dwaal van die Goddelike liefde en genade en ons ook iets van die eenheid van ons geloof verloor.

Dit is dus duidelik dat die tug nodig is in die kerk. Dit word deur die Skrif bevestig, deur die kerk gebruik, en laastens, deur die lidmate aangevra ter wille van die heiligheid van die gemeente, die eer van God en die behoud van die sondaar.

In die volgende afdeling word daar gelet op die kerkorde - artikels 59 en 60. Die twee artikels word in die volgende afdeling geanaliseer.

## **DIE ANALISE VAN DIE KERKORDE - ARTIKELS 59 EN 60**

### **AFDELING 2**

Die afdeling val uiteen in twee onderskeie hoofstukke wat handel oor die analise van die Nederduitse-Gereformeerde kerk se kerkorde. Die twee hoofstukke word as volg bespreek:

- Hoofstuk 5: Die analise van Artikel 59 van die NGK-Ko;
- Hoofstuk 6: Die analise van Artikel 60 van die NGK-Ko.

Die rede waarom die hoofstukke saamval is juis omdat dit in die afdeling handel oor die analise van die artikels van die NGK-Ko. In die hoofstukke is dit veral belangrik om te beredeneer wat die impak van die onderskeie artikels is en of dit nog 'n bydraende faktor kan lewer tot 'n dieper verstaan van die kerklike tug.

# DIE ANALISE VAN ARTIKEL 59 VAN DIE NGK-KO

## HOOFSTUK 5

### 1. Inleiding

In hierdie hoofstuk word meer lig gewerp op artikel 59 van die NGK-Ko. In die hoofstuk word gepoog om by die spesifieke betekenis van die artikel uit te kom. Om sodoende 'n duideliker verstaan van die artikel te bewerkstellig en spesifiek die impak van die Artikel op die kerk en ook die kerklike tradisie te beredeneer.

As 'n mens let op Artikel 59 van die NGK-Ko val die Artikel in twee kleiner Artikels uiteen. Die twee Artikels handel onderskeidelik oor die onderhouding en uitoefening van die kerklike tug, asook dat die tug geskied vanuit spesifieke voorskrifte. Die hoofstuk word ook in dié twee onderskeie paragrawe verdeel om sodoende nie die kohesie van die bestaande kerkorde artikel te verbreek nie.

### 2. 'n Analise van Artikel 59

Artikel 59 in die NGK-Ko lui as volg:

*9.1 Kerklike opsig word gehou en kerklike tug uitgeoefen*

*59.1.1 tot eer van God;*

*59.1.2 tot heil van die Kerk;*

*59.1.3 tot behoud van die sondaar;*

*59.2 volgens voorskrifte van*

*59.2.1 die Woord van God;*

*59.2.2 die Belydenisskrifte;*

*59.2.3 die Kerkorde en ander bepalinge van die Kerk.<sup>96</sup>*

---

<sup>96</sup>NGK-KO (2007:50-51).

#### 59.2.4 die diensooreenkoms.<sup>97</sup>

Soos wat ook in die inleiding genoem word, word die artikel in twee afsonderlike paragrawe verdeel. Daar word dus eerstens gelet op artikel 59.1 en daarna op artikel 59.2.

### **2.1. Die Kerklike opsig word gehou en kerklike tug uitgeoefen**

Die kerklike opsig en tug is soos wat ons in die vorige hoofstukke gesien het, iets wat in prinsiep uitgeoefen is in die Heilige Skrif. Alhoewel dit nie pertinent in die Skrif genoem word nie is die deurtrapte spore daarvan sigbaar in 'n gedeelte soos 1 Kor. 5:12-13 wat soos volg gestel word: “Per slot van rekening is dit nie vir my om oor mense buite die gemeente te oordeel nie. God sal oor hulle oordeel. Maar julle moet oor julle eie mense oordeel: ‘Verwyder die slegte mens onder julle uit!’”<sup>98</sup> Die skrywer stel sy bedoeling duidelik en dit word as volg verduidelik: dat wanneer daar besluit word om die bande met iemand te verbreek, die persoon beoordeel word. Die vraag is egter of die apostels en sodoende die kerk die reg het om enkelinge te oordeel. “Hier moet onderskei word tussen die wêreld daarbuite en die gemeente hierbinne. Die apostel het geen bevoegdheid om 'n oordeel uit te spreek oor diegene buite die gemeente nie. Wat hulle betref, moet die oordeel aan God oorgelaat word.”<sup>99</sup> Die plig van die gemeente is immers om toesig te hou, en sou iemand strydig optree in verband met norme wat hier van toepassing is, moet die persoon uitgeskakel word.

Dit is verder ook duidelik dat die tug ook in die Ou Testament figureer na aanleiding van Deut. 19:9-10 wat soos volg lui: “Maar as die Here jou God die grondgebied uitbrei soos Hy met 'n eed aan jou voorvaders beloof het en Hy gee die hele land wat Hy aan hulle beloof het aan jou, moet jy nog drie stede by die eerste drie voeg. Die Here sal jou gebied uitbrei omdat jy hierdie hele wet wat ek jou vandag gee, gehoorsaam deurdag jy die Here jou God liefhet en altyd volgens

---

<sup>97</sup> NGK-KO (2011:17)

<sup>98</sup> Die Bybel (1983)

<sup>99</sup> Groenewald (1967: 71)

sy wil lewe.”<sup>100</sup> Hieruit is dit duidelik dat die gemeente aan God getrou moet bly omdat jy die Here jou God liefhet en dus ook sy wil uitvoer en volgens sy wil lewe.

Die gevolg hiervan is dat die kerklike tug in die plaaslike gemeente uitgeoefen sal word. Dit is duidelik dat die kerklike opsig en die uitoefening hand aan hand loop en dat die een die ander impliseer. Die rede hiervoor is as volg: sonder die kerklike opsig in die kerk kan die uitoefening van die tug nie plaasvind nie en sonder die tug in ’n gemeente is daar nie kerklike opsig in die kerk nie.

Dit is nou belangrik om die subartikels van artikel 59.1 te ontleed. Dit volg in die volgende paragrawe.

### **2.1.1. Tot eer van God**

Die tug, soos wat al beredeneer is, moet geskied tot eer van God. Die tug raak die eer van God aan. Die implikasie hiervan is dat die minagting van tug tot gevolg het dat die eer van God in gedrang kom. Die kerk is immers die liggaam van Christus en sou die kerk nie erns maak met die kerklike tug nie sou dit terugkom op die Hoof daarvan. “Om dus te voorkom dat daar iets van so ’n aard in die kerk na vore kom dat dit sy heilige Naam met skande kan brandmerk, moet diegene uit sy gesin uitgedryf word na aanleiding van wie se skandelige lewe ’n skandvlek op die Christelike naam kan oorvloeï.”<sup>101</sup> Dit is duidelik dat die naam wat die kerk onder die mense het saamhang met die naam van God.

Dit is nodig om te besef dat sonde ’n aanranding van die eer van God is. Sou die kerk hiermee ’n minagting vir die tughandeling het, sou hiermee geïmpliseer word dat die eer van God nie voorop staan vir die kerk nie. Indien die teendeel egter gedoen word, waar jy jou sondige broeder van sy dwaalweg af terugroep en hy kom tot inkeer, word God geëer.

“De eere Gods. Het is tot oneer van God als onder de christenen geteld worden, die een schandelijke goddeloos leven leiden. De gemeente is, het lichaam van Christus....Chrystostomus

---

<sup>100</sup>Die Bybel (1983)

<sup>101</sup> Simpson, (1980: IV, IIX, 16)



zegt, dat hij liever zij eigen lichaam tot den dood zou overgeven dan het lichaam des Heeren den honden voorwerpen.”<sup>102</sup> Die belangrikheid daarvan om die eer van God voorop te stel in die kerk is onbetwisbaar en dus vorm die tug ’n pertinente deel daarvan om by hierdie mylpaal uit te kom. Die eer van God moet egter nie net ’n mylpaal wees nie, maar moet die doel van die kerklike tug wees; juis die spesifieke doel wat maak dat die tug nie agterweë bly nie, maar wat maak dat die tug ten volle toegepas word.

Dit is ook belangrik om rekening te hou met die nagmaal van die Here om sodoende te voorkom dat dit onheilig word deur dit sonder onderskeid aan te bied. “Want dit is heeltemal waar dat iemand aan wie dit opgedra is om dit uit te deel, net so skuldig is aan heiligs kennis asof hy die Here se liggaam aan honde prysgegee het, as hy bewustelik iemand wat dit nie waardig is nie, daartoe toelaat terwyl hy hom regtens daarvan kon weerhou.”<sup>103</sup>

Die nagmaal is dan juis ter inblywing in die verbond. Omdat die tug ten doel het om te verseker dat die eer van God voorop gestel word, is dit belangrik om tog die tug te onderhou. As die heilige geheimenis van die nagmaal onteer word, word in die uitdeling daarvan die grootste onderskeiding vereis. Dit alles kan egter nie geskied sonder die regspleging van die kerk nie.

Die tug het ten doel om die eer van God dus voorop te stel.

### **2.1.2. Tot heil van die Kerk**

Die volgende subartikel handel oor die heil van die Kerk. Die tug geskied ook tot heil van die kerk. “De goeden worden licht door den gedurigen omgang met de boozen verdorven. Kwade voorbeelden hebben een verderfelijken invloed.”<sup>104</sup> In die Skrif praat Paulus daarvan dat ’n klein stukkie suurdeeg die hele baksel deurtrek.<sup>105</sup> Dus is dit duidelik dat wanneer die sonde nie bestry

---

<sup>102</sup> Bouwman (1934:604)

<sup>103</sup> Simpson (1980: IV iix, 18)

<sup>104</sup> Bouwman (1934:604)

<sup>105</sup> Die Bybel (1983) 1 Kor. 5:6

word nie, dit voortgaan en vir die hele kerk tot nadeel is. Sonde het 'n groot uitwerking op die hele gemeente.

Sou daar 'n valse lering of sonde wees en daar word nie daarteen opgestaan nie, is dit duidelik dat dit sal wortel skiet en welig sal groei in die kerk. Sou daar kwaad in die gemeente geduld word, sou dit kon blyk dat dit eintlik geen kwaad is nie, die gevolg hiervan is dat 'n verkeerde voorbeeld spoedig navolgers vind. “En juist daarom moeten de ambtsdragers de gemeente waarschuwen voor de verleiders, het verkeerde van hun leer en wandel aantoonen, opdat de geloovigen niet gemeenschap hebben met de werken der duisternis en zij self niet bedorven worden.”<sup>106</sup>

Hierdie saak is 'n ernstige aangeleentheid, want sou 'n gemeente tekort skiet kan dit tot gevolg hê dat die gemeente ontrou is aan God. Dus moet die bediening van die Woord, Belydenisse, prediking, vermaning ens. diensbaar gemaak word omdat die gemeente hul weg na die Here vind en leer ken deur dit te onderhou en onderskeid te tref tussen die ware en die valse. Dit is egter onmoontlik om te vertrou dat die kerk sonder die tug lank staande kan bly; die wat so vertrou het hul in hul opvatting misgis. Calvin stel “Behalwe as ons miskien sonder hierdie hulpmiddel kan klaarkom hoewel die Here voorsien het dat dit vir ons noodsaaklik sal wees. En hoe groot die noodsaaklikheid daarvan is, sal in elk geval beter uit die veelvuldige toepassings daarvan raakgesien kan word.”<sup>107</sup>

Die kerk bedoel met die tug ook dat die goeie deur die gedurige omgang met die bose nie verdryf kan word soos gewoonlik eintlik nodig is om te gebeur nie. Die eintlike bedoeling van die tug wat geskied tot heil van die gemeente, geskied as die kerklike weerstand en fundamentele keuse teen sonde. “Wij worden door niets lichter van den rechten weg afgeleid dan door kwade voorbeelden.”<sup>108</sup>

---

<sup>106</sup>Bouwman (1934:606)

<sup>107</sup>Simpson (1980 : IV, iix 20)

<sup>108</sup>Jansen (1913: 185)

Dit is egter belangrik vir die kerk om die tug te onderhou, nie net omdat dit vir die heil van die kerk is nie, maar omdat die verwaarlosing of minagting daarvan die oordeel van God oor die kerk bring. “Wanneer de kerk de openbare goddelozen toelaat tot het avondmaal, dan wordt het verbond Gods onheiligt en zijn toorn over de gansche gemeente aangestoken... Het geloofsleven wordt krank.”<sup>109</sup> Met die verwaarlosing van die tug verloor die kerk haar glans en invloed na buite. Dus staan die kerk teer voor die Drie-enige God, Hy wat die kerk reinig en heilig. Daarom staan die kerk teer voor die handhawing van die heiligheid van die Here. Dit is dus duidelik dat die kerk se heil en die tug onafskeidbaar is.

### **2.1.3. Tot behoud van die sondaar**

In die gedeelte word die subartikel beredeneer dat die tug nodig is vir die behoud van die sondaar. “Het is nuttig, dat de zonde word gekastijd, opdat de zondaren door het gevoelen van het roede wakker gemaakt worden, terwijl zij andersins door toegeven meer in hardnekkigheid zouden toenemen”<sup>110</sup> Die tug is egter juis ingestel vir die behoud van die sondaar, om die sondaar terug te lei na God. Dit is egter duidelik dat die tug, juis vir die behoud van die sondaar, sy hoogtepunt in die liefde vind.

Dit is juis in die kerk dat die liefde van Christus hoog op prys gestel moet word. “Om die reden moet de kerklijke tuchtoefening het karakter dragen van kastijding, van liefdevolle terechtbrenging. Evenals een rechtgeaard en liefhebbend vader door liefde gedrongen wordt bij de kastijding van zijn kind, en de bede in zijn ziel leeft, dat God geve, dat de tuchtiging leide tot genezing, zoo moet het ook zijn bij de kerklijke tucht.”<sup>111</sup> Die tug raak eindelijk die sondaar en verder het dit die sondaar se behoud in die oog. Soos wat ook in die vorige paragrawe en hoofstukke beredeneer is, is die tug deur God verorden juis omdat Hy ’n barmhartige God is. Verder is dit ook duidelik dat hierbenewens die tug uit liefde moet geskied met die oog gevestig op die eer van God, die heil van die gemeente en laastens met die oog op die behoud van die sondaar.

---

<sup>109</sup> Bouwman (1912:174)

<sup>110</sup> Bouwman (1912:172)

<sup>111</sup> Bouwman (1912:175)

Die tug vloei uit van die wese van die evangelie, selfs al sou dit tot die uiterste vorme oorgaan. Die tug het in oog, nie die openbaring van die sonde in die boesem van die gemeente nie, maar dit het egter ten doel om die sonde te verwyder. Die tug kom ook ter sprake in Jak. 5:19-20 en word as volg gestel: “My broers, as een van julle van die waarheid afdwaal en iemand sou hom terugbring, weet dan dat hy wat ’n sondaar van sy dwaalweg terugbring, hom uit die dood red en maak dat ’n menigte sondes vergewe word.”<sup>112</sup> Die tug het immers nie ten doel om die sondaar aan die kaak te stel nie, maar het ten doel om die sondaar te red en te behou. Dit is duidelik dat die uitoefening van die tug juis ter wille van die sondaar gebeur, om die sondaar te beskerm en in liefde terug te bring na God toe.

#### **2.1.4. Kort samevatting**

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat die tug ten doel het om die eer van God te behou tot heil van die kerk en laastens het dit die behoud van die sondaar ten doel. Alhoewel dit in van die vorige kerkordes ontbreek, is dit ongetwyfeld dat die tug ’n fundamentele betekenis of doel het in die kerk. Met die uitoefening van die tug is dit belangrik om die drie doelstellings altyd in gedagte te hou en veral ook nie die een ten koste van die ander nie. Die doelstellings van die tug moet al drie op gelyke wyse gesien en ook gestel word. Al drie doelstellings is dus ewe belangrik alhoewel dit verskil in betekenis.

#### **2.2. Volgens voorskrifte van**

Die artikel wat nou bespreek word, is artikel 59.2. Uit bogenoemde is dit duidelik dat die tug sekere doelstellings het en dat dit op sekere maniere moet geskied. Die tug geskied dan verder deur sekere voorskrifte juis omdat die tug ’n magismisbruik in die kerk van Christus kan raak daarsonder. Elkeen van die elemente word in die volgende paragrawe bespreek.

---

<sup>112</sup>Die Bybel (1983)

### **2.2.1. Die Woord van God**

Die Woord van God is die eerste voorskrif wat gevolg moet word. Die rede hiervoor is omdat Christus self sy kerk deur sy Woord en Gees regeer. Dit is ook nodig om die Woord van God voorop te stel in die tugspraak, want andersins ontaard dit in 'n verhoor. “Omdat Christus die enigste Hoof van die kerk is, kan en mag alleen die Woord van God in die kerk heers. Die bediening van Woord en sakrament is die enigste vorm van regering in die kerk, die inbegrip van alle kerklike mag, die volledige sleutelmag.”<sup>113</sup> Dit is duidelik dat die Skrif *Norma Normans* (*primêre norm*) is. Dit beteken dat die Skrif eerste gestel word, nie net omdat dit reformatories korrek is nie, maar juis omdat Christus deur sy Woord en Gees regeer. Die tug kan immers nie plaasvind sonder die Woord van God wat figureer as *Norma Normans* nie.

### **2.2.2. Die Belydenisskrifte**

Soos wat die Woord van God *Norma Normans* is, is die belydenisskrifte *Norma Normata* (sekondêre norm). “Die Protestante belydenisskrifte dra die karakter van omvangryke teologies deurdagte en noukeurig geformuleerde dokumente. Dit is moontlik om die geloof in 'n doksologiese vorm te bely, waarin op 'n beknopte manier uitdrukking gegee word aan die totaliteit van die Christelike heilskennis, sonder dat die teologiese betekenis en implikasies daarvan in besonderhede uitgespel word.”<sup>114</sup> Die belydenisse soos wat gesien word vorm 'n pertinente deel van die kerklike lewe en dus is dit nodig om ook die belydenisskrifte as deel van die voorskrifte vir die kerklike tug te sien.

### **2.2.3. Die Kerkorde en ander bepalinge van die Kerk**

Laastens is ons by die kerkorde. Om dit nog duideliker te maak dat tug nie misinterpreteer word nie, is dit nodig om die kerkorde sowel as ander kerklike bepalinge as voorskrif vir die tug te gebruik. Hieruit is dit nodig om die vraag te vra: wat is die doel van die kerkorde? Dit is duidelik

---

<sup>113</sup>Jonker, W. D. (1965: 23)

<sup>114</sup> Jonker, W. D. (1994: 56)

dat God die kerk so geskep het dat die orde deel is daarvan, juis sodat God met die kerk sy volkome doel kan bereik. 'n Kerkorde word dus tot welwese van die kerk en funksionering van die kerk daargestel.

Soos uit bogenoemde gesien kan word is die kerkorde noodsaaklik vir die welwese en ook vir die funksionering van die kerk. Omdat God 'n God van orde is, is die kerkorde nodig en moet dit reg funksioneer in die kerk met samehang van die Skrif en Belydenisskrifte.

#### **2.2.4. Die diensooreenkoms**

Hierdie is 'n nuwe bepaling wat bygekom het by die Nederduitse Gereformeerde kerkorde van 2011. Deur die subafdeling deel te maak van artikel 59 van die kerkorde word die Arbeidsreg direk gekoppel aan die kerkorde. Hieruit vloei dit dat die kerkorde 'n samehangende deel uitmaak van die kerk se dag-tot-dag gebeure. Omdat die diensooreenkoms ingesluit word by die voorskrifte waaronder die tug verstaan moet word, word die diensooreenkoms deel en 'n praktiese uitvloeisel van die tug in die kerk.

### **3. Samevatting**

Soos gesien val Artikel 59 van die NGK-Ko in twee dele uiteen. Die eerste gedeelte handel oor waarom die tug nodig is, of meer spesifiek, wat die doel van die tug is. Uit die bogenoemde is dit duidelik dat die tug heel eerste ten doel het om die eer van God te beskerm. Sonder die uitoefening van die tug is die gevaar daar dat God se eer skade kan ly. Dit is verder nodig dat die tug juis toegepas moet word in die kerk vanweë die feit dat die kerk die liggaam van Christus is; hiermee kom ons ook terselfdertyd by die tweede doel van die tug uit en dit is die heil van die gemeente.

Die tug het juis ten doel om die beeld wat die kerk na buite uitstraal suiwer te hou, want as die tug nie uitgeoefen word of toegepas word nie, is dit moeilik om na die kerk as liggaam van Christus te verwys. Hierbenewens kom ons by die derde doel van die tug en dit is dat die tug uitgeoefen moet word ter wille van die behoud van die sondaar. Dit is juis waaroor die tug gaan -

om die een wat struikel of afdwaal in liefde terug te bring na God toe. Die tug is deur God verorden om die wat wegdwaal van die Lam, in liefde terug te lei na Hom toe.

Die tweede gedeelte handel oor die feit dat daar spesifieke voorskrifte is wat nodig is vir die tug om reg uitgevoer te word. Die heel eerste voorskrif is soos wat ons ook in die kerk bely dat die Heilige Skrif voorop staan, met ander woorde dat die Skrif *Norma Normans* is. Dit is juis ook nodig vanweë die feit dat Christus sy Kerk deur sy Woord en Gees regeer. Die tweede voorskrif is die belydenisskrifte wat as *Norma Normata* figureer; alhoewel dit nie stel hoe dit uitgeoefen moet word nie is die grondbeginsels van die tug vasgevang in bv. Heidelbergse Kategismus Sondag 31. Laastens is die kerkorde juis nodig om die funksionering van die kerk en welwese van die kerk te verseker. Omdat ons 'n God van orde dien is dit nodig om by die orde te hou wat Hy vir sy kerk daargestel het.

Die tug vorm 'n integrale deel van kerkwees. Al die stappe en voorskrifte gaan op die ou einde, oor die doelstelling en dit is die eer van God, die heil van die Kerk en die behoud van die sondaar. Dit word uitgevoer deur na die voorskrifte te kyk wat bestaan uit die Woord van God; die belydenisskrifte die kerkorde en laastens die diensooreenkomste.

In die Volgende Hoofstuk word daar in diepte gekyk na Artikel 60 van die Nederduitse Gereformeerde kerk se kerkorde.

# DIE ANALISE VAN ARTIKEL 60 VAN DIE NGK-KO

## HOOFSTUK 6

### 1. Inleiding

In hierdie hoofstuk word Artikel 60 van die NGK-Ko bespreek. Die rede hoekom juis dié artikel gekies is, is omdat dit deel vorm van die inleiding van die Hoofstuk in die kerkorde wat handel oor die kerklike tug. Net soos in die vorige hoofstuk is dit duidelik dat sekere artikels pertinent hier bymekaar geplaas is en verder spesifiek dat daar onderskeie artikels is wat individueel is, maar ook bymekaar geplaas is.

Die Artikel val uiteen in vier subartikels waarvan elke artikel in die volgende paragrawe individueel bespreek gaan word. Daar is dus vier onderskeie paragrawe waarmee gepoog gaan word om by die diepere betekenis van Artikel 60 van die kerkorde uit te kom.

### 2. 'n Analise van Artikel 60

Artikel 60 in die Nederduitse Gereformeerde Kerk kerkorde word as volg weergegee:

*60.1 Die kerklike opsig en tug dra 'n geestelike karakter en pas by die kerk as 'n geloofs- en 'n liefdesgemeenskap. Opsig en tug word dus op 'n kerklike wyse en met geestelike middele uitgeoefen.*

*60.2 Die amptelike uitoefening van die tug deur kerkvergaderinge of hulle gevolmagtigdes vervang nie die roeping van die gelowiges tot onderlinge vermaning nie, maar vul dit aan.*

*60.3 Amptelike kerklike opsig en tug is pastoraal-kerkregtelik van aard en moet uit 'n Bybelse en geestelike oogpunt billik en regverdig toegepas word<sup>115</sup>.*

---

<sup>115</sup>NGK-KO (2007:25)



*60.4 Die kerklike opsig gaan oor die hele lewenswandel (leer en lewe) van al die lidmate (doop en belydend) van die gemeente, ampsdraers ingesluit.<sup>116</sup>*

Dit is duidelik dat Artikel 60 uit vier kleiner artikels bestaan. Dit is na aanleiding hiervan ook nodig om die kleiner artikels afsonderlik te bespreek. Dus word die artikels in die numeriese volgorde waarin dit voorkom in die Nederduitse Gereformeerde kerkorde ook so in die onderskeie paragrawe bespreek.

## **2.1. Analise van Artikel 60.1**

*60.1 Die kerklike opsig en tug dra 'n geestelike karakter en pas by die kerk as 'n geloofs- en 'n liefdesgemeenskap. Opsig en tug word dus op 'n kerklike wyse en met geestelike middele uitgeoefen.<sup>117</sup>*

Dit is eerstens nodig om te let op die feit dat kerklike opsig en tug 'n geestelike karakter dra. Die kerklike opsig en tug is geestelik vanweë die feit dat dit geskied vanuit die Woord van God en sodoende ook deur die Gees, waardeur Christus oor sy kerk regeer. Nauta stel “Alle dwangmagteche middelen die daaraan toegevoegd zouden kunnen worden om aan het woord een uitwendige kracht bij te zetten, zijn als contabande te beschouwen.”<sup>118</sup> Slegs by die wyse van oortuiging moet daar te werk gegaan word.

Die wat die tug uitoefen moet so 'n saak met hul gewete benader, dit moet so gebeur in die verwagting dat dit die hart van die aangesprokene sal oopmaak en dat hy na die vermaning en tug werklik sal luister, dat die persoon sal breek met die sonde. Juis dit bring die pastorale karakter van die tug uit. Dit maak die tug anders as 'n wetlike veroordeling, juis omdat dit oor die behoud van die sondaar gaan. Van die ampsdraers wat so 'n saak hanteer vra dit dus 'n diep verantwoordelikebesef juis omdat die uitoefening van die tug aan hulle toevertrou is. Die kerngedagte van die tug wat as geestelik gesien en ook toegepas moet word kan saamgevat word

---

<sup>116</sup>NGK-KO (2011:18)

<sup>117</sup>NGK-KO (2007:25)

<sup>118</sup>Nauta (1971:358)

in Fil. 2:1-4 wat soos volg weergegee word: “As daar dan enige troos in Christus is, as daar enige vertroosting van die liefde, as daar enige gemeenskap van die Gees, as daar enige innige tederheid en ontferming is, maak dan my blydskap volkome deur eensgesind te wees en dieselfde liefde te hê, een van siel, een van sin. Moenie iets doen uit selfsug of uit ydele eer nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar elkeen ook na die ander s’n.”<sup>119</sup> Dit is duidelik dat die tug nie sonder die geestelike eienskap kan plaasvind nie. Verder moet die tug in ’n gesindheid van ootmoed voor God uitgeoefen word.

Die tweede gedeelte van die subartikel handel oor die tug wat op ’n kerklike wyse en met geestelike middele uitgeoefen word. Hiermee word geïmpliseer dat die tug, wat ’n kerklike saak is, op kerklike wyse moet geskied. Dit beteken dat die tug soos wat in die vorige hoofstukke genoem is, ten doel het om die eer van God, heil van die kerk en ook die behoud van die sondaar voorop te stel. Omdat dit kerklike sake op kerklike wyse is, word geregtigheid en reg hoog op prys gestel. Met die tug wat deur geestelike middele uitgeoefen moet word, is dit duidelik vanuit die vorige hoofstuk dat die tug plaasvind vanuit die voorskrifte van die Woord, Belydenisse en ook die kerkorde. Juis as die drie elemente reg gebruik word, is dit moontlik om by iets soos die stappe van die tug uit te kom wat vloei van een na die ander. Indien jy begin by die Heilige Skrif sien jy dit in Matt. 18:15-20; as jy na die belydenisskrifte kyk is dit duidelik in die Heidelbergse Kategismus Vraag en Antwoord 85 wat as volg gestel word:

*Vraag 85: Hoe word die koninkryk van die hemel deur die tug toe- en oopgesluit?*

*Antwoord: Volgens die bevel van Christus word die wat die naam Christen dra en tog ’n onchristelike leer huldig of hulle onchristelike gedra, eers herhaalde kere broederlik vermaan. As hulle egter nie van hulle dwalinge of skandelige lewe wil afsien nie, moet dit aan die gemeente of aan die wat deur die gemeente daarvoor aangewys is, gesê word. As hulle hulle ook nie aan laasgenoemde se vermaninge steur nie, word hulle nie langer tot die heilige sakramente toegelaat nie en uit die Christelike gemeente en deur God self uit die ryk van Christus uitgesluit.*

---

<sup>119</sup>Die Bybel (1933, 1953)

*Hulle word weer as lede van Christus en sy gemeente aangeneem wanneer hulle werklike verbetering beloof en bewys.*<sup>120</sup>

Dit is ook duidelik in die stappe van die tugmaatreëls wat weergegee word, in Artikel 64 van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se kerkorde, as bestraffing of vermaning, sensuur en laastens afsnyding. Die tug moet op kerklike wyse uitgevoer word met geregtigheid en reg, en vanweë dié feit is dit onmoontlik dat die tug kan plaasvind sonder om dit op geestelike vlak tot uitvoering te bring.

## **2.2. Analise van Artikel 60.2**

*60.2 Die amptelike uitoefening van die tug deur kerkvergaderinge of hulle gevolmagtigdes vervang nie die roeping van die gelowiges tot onderlinge vermaning nie, maar vul dit aan.*<sup>121</sup>

Omdat God Koning oor sy kerk is, moet die mag van die kerk om die tug uit te oefen hieruit afgelei word. Die uitoefening van die tug is in 'n besondere sin opgedra aan die kerkraad, wat die organisatoriese verteenwoordiging van die gemeente is. “Volgens Matt. 16:9 en Joh. 20:21 is hierdie opdrag oorspronklik aan die apostels gegee, maar nadat die buitengewone amp van apostel weggeval het, het die gewone amp van die ouderling in die plek daarvan getree.”<sup>122</sup> Die tug word ook by die formulier van die bevestiging van die ouderling gesien as die plig van die ouderling. Christus oefen sy Koninklike mag uit deur middel van die ampsdraers. Alhoewel die tug opgedra word aan die ampte in die kerk, stel die artikel dit duidelik dat die tug ook deel uitmaak van die roeping van die gelowiges waaruit hul onderlinge vermaning tot aanvulling vir die tug bied.

Die tug maak egter deel uit van elke gelowige se roeping. “Er moet onderscheiden worden tusschen eene broederlijke en eene kerkelijke of, zooals Voetius het uitdrukt, tusschen eene

---

<sup>120</sup>Ons glo (2008: 63)

<sup>121</sup>NGK-KO (2007:25)

<sup>122</sup>Greyvensteyn (1973:107)

private en publieke vermaning.”<sup>123</sup> Dit is duidelik dat onderlinge broederlike vermaning die eerste stap in die tughandelinge as proses is. Die broederlike vermaning is die grondslag waarop alle vorme van die kerklike tug rus en die beginsel waaruit dit voorkom. Die tug is, soos ook al in die vorige hoofstukke beredeneer, noodsaaklik vanweë die algemene sondigheid van die mens; juis hier is dit nodig vir alle gelowiges om mekaar tot die vervulling van hul roeping op te roep en sodoende mekaar teen die bose te waarsku.

Romeine 15:14 kan as volg weergegee word: “Maar ek self ook, my broeders, is oortuig aangaande julle, dat julle self ook vol van goedheid is, vervuld met alle kennis, in staat om ook mekaar te vermaan.”<sup>124</sup> Die tug kan en moet eerstens op voetsoolvlak binne die gemeente plaasvind. Verder is die tug net soveel deel van elke lidmaat se roeping as wat dit deel is van die kerkraad se plig. Daar kan gesê word as die tug geminag word, dit tot gevolg het dat die gelowiges hul van hul taak versak, dit is om meegevoel te hê vir medegelowiges.

### **2.3. Analise van Artikel 60.3**

*60.3 Amptelike kerklike opsig en tug is pastoraal-kerkregtelik van aard en moet uit 'n Bybelse en geestelike oogpunt billik en regverdig toegepas word.*<sup>125</sup>

Dit kerklike tug soos wat in die subartikel gelees word, is eerstens pastoraal-kerkregtelik van aard. Dit vereis dat die tug toegepas moet word met strengheid. Terselfdertyd moet dit nie met oormatige strengheid gepaard gaan nie. “Daar moet ’n getemperde strengheid wees, dit wil sê strengheid wat gepaard gaan met sagmoedigheid, mildheid en barmhartigheid.”<sup>126</sup> Die tug moet juis so geskied vanweë die primêre doel van die tug, en dit is veronderstel om te wees, tot die eer en verheerliking van God. Daar is in die uitoefening van die tug ook gevare van magsmisbruik verbonde en dit kan egter tot gevolg hê dat daar ’n wanpersepsie oor die tug kan wees. Die tug

---

<sup>123</sup> Jansen (1913: 194)

<sup>124</sup> Die Bybel (1933, 1953)

<sup>125</sup> NGK-KO (2007:25)

<sup>126</sup> Sadler (1979:13-14)

moet dus suiwer bedien word. Strauss stel dat die kerklike opsig en tug “’n liefdeshandeling wat wil nadertrek en terselfdertyd “billik en regverdig” toegepas moet word.”<sup>127</sup>

Die Bybelse en geestelike oogpunt van die tug is volgens die kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde kerk drieledig soos wat in die vorige hoofstuk gesien word. Dit is nl. dat die tug moet geskied tot eer van God, heil van die kerk, en laastens, tot die behoud van die sondaar. Behalwe hiervoor is dit nodig dat die tug uit ’n Bybelse en geestelike oogpunt moet geskied en dus billik en regverdig toegepas word. Dit is ook nodig om hier te let op die verskil tussen ’n hofsaak wat as koud-klinies en onpersoonlik beskou kan word, teenoor ’n tugszaak wat ’n warm liefdeshandeling is en wat die persoon ten doel het.

Dit is dan juis hier waar die reëls van natuurlike geregtigheid ter sprake kom. “Die reëls van natuurlike geregtigheid is toepaslik by alle liggame wat kwasi-judisiële handelingne waarneem, dit wil sê handelingne wat die uitoefening van ’n diskresie behels as gevolg waarvan die bevoegdhede en regte van mense aangetas kan word. Dat dit ook van toepassing is op die werksaamhede van kerkvergaderinge met betrekking tot die tughandeling, is in talle hofbeslissings reeds bevestig.”<sup>128</sup> Die reëls van natuurlike geregtigheid kom juis hier ter sprake, want alhoewel die tug deur Christus uitgeoefen word, word dit voltrek deur die ampte in die kerk en is daar dus ’n menslike aspek betrokke. Dit is dan juis waarom daar gelet moet word op die reëls van natuurlike geregtigheid. Die reëls val as volg uiteen.

### **2.3.1. Audi alteram partem**

Die betekenis van die Latynse stelling is letterlik: luister na die ander kant van die saak. Dit is dus duidelik dat geen persoon net veroordeel mag of kan word nie. Deuteronomium 1:17 word as volg weergegee: “Moenie partydig wees as julle ’n saak verhoor nie, luister na klein en groot. Moenie vir mense bang wees nie. Wie regspreek, is in diens van God. Sake wat vir julle te moeilik is, moet julle na my toe bring en ek sal hulle verhoor.”<sup>129</sup> Hier word dit gestel dat die

---

<sup>127</sup>Strauss (2010:110)

<sup>128</sup> Sadler (1979:186)

<sup>129</sup>Die Bybel (1983)

regtelike funksie sekere riglyne nodig het. Die reëls geld egter nie net vir die Israeliete nie, maar ook vir vreemdelinge. Die gedeelte van Deut. 1:17 is van toepassing op die feit dat dit in 'n tugszaak nodig is om te *Audi alteram partem*. Dié reël het ten doel dat 'n tugszaak met billikheid moet geskied.

### **2.3.2. Nemo iudex in causa sua**

Die betekenis van die Latynse term is dat niemand regter in sy eie saak is nie. Dit is vanselfsprekend dat niemand self kan besluit oor die reg of verkeerd van sy klag wat hy teen iemand ingebring het nie. “Daaroor kan alleen 'n onpartydige derde ('n iudex) 'n uitspraak lewer.”<sup>130</sup> Die betekenis is dan hierin duidelik dat 'n tugszaak regverdig moet geskied soos wat dit deur die subartikel wat onder bespreking is, weergegee word.

### **2.3.3. Onpartydigheid**

'n Tugszaak moet met onpartydigheid gepaard gaan anders ontbreek dit aan die besluite aangaande artikel 60.3 van die Kerkorde, en dit is juis om die tughandeling billik en regverdig toe te pas. “Daar moet nie by enige van die lede van die vergadering tekens van partydigheid of vooroordeel wees nie. Dit is nie genoeg dat daar by 'n vergadering ( of lede van die vergadering) geen werklike vooroordeel is nie, daar moet by hulle ook geen skyn van vooroordeel wees nie.”<sup>131</sup>

### **2.3.4. Aandagbesteding**

Dit is ook duidelik dat dit nodig is om die nodige aandag aan 'n tugszaak te skenk. Dit is die plig van die wat teenwoordig is in 'n tugszaak om seker te maak dat die ondersoekliggaam wel deeglik en op meriete ingegaan het in die saak. “As dit blyk dat 'n vergadering hom in sy beoordeling van 'n klag laat lei het, nie deur feite van die ondersoek nie, maar deur sekere irrelevante feite of oorwegings, byvoorbeeld dat hy 'n bepaalde beleid gevolg het, of hom laat lei het deur menings

---

<sup>130</sup>Sadler (1979:187)

<sup>131</sup> Sadler (1979:190)

van ander persone of liggame (byvoorbeeld dié van die ringskommissie), of hy het sy magte oorgedra op 'n ander liggaam (delegasie van bevoegdheid op byvoorbeeld 'n ondersoekkommissie), is dit duidelik dat hy nie self aandag aan die saak gegee het nie, en dit is 'n grond vir hersiening.’<sup>132</sup> Dit is verpligtend vir die vergadering om genoegsame aandag aan 'n betrokke tugsak te spandeer. Al dan nie is daar gronde vir hersiening omdat daar nie voldoen word aan billikheid en geregtigheid in die ondersoek van 'n spesifieke tugsak nie.

## 2.4. Analise van Artikel 60.4

*60.4 Die kerklike opsig gaan oor die hele lewenswandel (leer en lewe) van al die lidmate (doop en belydend) van die gemeente, ampsdraers ingesluit.*<sup>133</sup>

Die tug handel oor 'n mens, 'n lewende lidmaat van die kerk van Christus, en dit het juis ook die behoud van die mens in gedagte. In 1 Kor. 5:11-13 lees ons “Wat ek geskryf het, was dat julle nie moet omgaan met iemand wat homself 'n gelowige noem, maar wat onsedelik of geldgierig of 'n afgodsdienaar of kwaadprater of dronkaard of bedrieër is nie. Met so iemand moet julle nie eens saam eet nie. Per slot van rekening is dit nie vir my om oor mense buite die gemeente te oordeel nie. God sal oor hulle oordeel. Maar julle moet oor julle eie mense oordeel: ‘Verwyder die slegte mens onder julle uit!’”<sup>134</sup> Hieruit sien ons dat die tug geskied en toegepas word, net op diegene wat deel is van 'n gemeente. Ons sien dit ook in die Artikel wat hierbo vermeld is.

Die artikel breek dit ook op in kleiner dele deur te onderskei tussen doop en belydend, wat albei onder die toesig van die kerk geplaas word en sodoende ook 'n belofte aflê voor God en sy gemeente om hulleself te verbind en te onderwerp aan die kerklike tug. As daar gekyk word na die *Formulier vir die Openbare Belydenis van Geloof*, word die laaste vraag as volg gestel: “Ten slotte: Beloof jy dat jy jou onderwerp aan die kerklike opsig en tug?”<sup>135</sup> Hierdeur onderwerp die

---

<sup>132</sup>Sadler (1979:192)

<sup>133</sup>NGK-KO (2011:18)

<sup>134</sup>Die Bybel (1983)

<sup>135</sup>Handboek vir die Erediens van die NGK (1988:101)

lidmaat hom- of haarself aan die kerklike opsig en tug en ook die prosesse wat daarmee verband hou.

Die artikel gaan nog verder en sluit ook die ampsdraers in wat hulleself ook, soos die belydende en dooplidmate, onderwerp aan die kerklike opsig en tug. Deur bloot die *Formulier vir die Bevestiging van Ouderlinge en Diakens* ter hand te neem, lees ons die vierde vraag wat soos volg gestel word: Ten vierde: Beloof u om tot eer van God te lewe, en onderwerp u u aan die kerklike opsig en tug?<sup>136</sup> Hierdeur word al die ampsdraers aan die kerklike opsig en tug onderwerp.

### 3. Samevatting

Die kerklike opsig en tug dra 'n geestelike karakter. Dit word eerstens gesien in die feit dat Christus die hoof van die kerk is en self die tug uitoefen. Verder is die tug geestelik vanweë die manier hoe dit toegepas word in die gemeente. Die tug is geestelik, juis omdat dit ten doel het om die sondaar terug te lei na God toe. Die tug het dus ten doel dat die sondaar behoue moet bly. Dus geskied die tug in 'n geloofs- en liefdesgemeenskap om sodoende jou broeder of suster wat wegdwaal in liefde terug te roep of te lei na God toe.

Die tug geskied verder op kerklike wyse en word deur geestelike middele tot uitvoering gebring. Omdat die tug 'n kerklike saak is, moet dit geskied op kerklike wyse. Juis hiër is God se eer, die heil van die Kerk, en laastens, die behoud van die sondaar ter sprake. Verder is dit ook nodig dat die tug moet plaasvind deur die uitoefening van geestelike middele. Hier word dit voorop gestel dat die tug nie kan plaasvind sonder die teenwoordigheid van God's Woord, Belydenisskrifte en die kerkorde nie. Die rede is dat die ontbreking hiervan tot gevolg het dat daar nie voldoen word aan die eerste gedeelte, dat kerklike sake op kerklike wyse moet geskied nie.

Die tug word uitgevoer deur die kerklike ampte omdat dié die organisatoriese verteenwoordigers van God se liggaam op aarde is. Alhoewel die tug in 'n besondere sin opgedra word aan die kerklike ampte, is dit net soveel ook die roeping van die gelowige. Die rede hiervoor is dat die

---

<sup>136</sup>Handboek vir die Erediens van die NGK (1988:109)



tug juis hier sy grondslag vind, waar ons as medegelowiges mekaar aanmoedig en bemoedig om Christus nie te verloën nie.

Die tug is na aanleiding van bogenoemde pastoraal-kerkregtelik van aard. Dit is dus nodig dat die tug uit 'n Bybelse en geestelike oogpunt, billik en regverdig toegepas word. Hier is word dit belangrik om te kyk na die verskil tussen 'n hof- en tugszaak soos reeds vermeld. Dit is juis ook hier waar die reëls van natuurlike geregtigheid ter sprake kom om te voorsien aan die billikheid en regverdigheid waarin die tug tot uitvoer gebring word. Die reëls lui as volg:

- Audi alteram partem,
- Nemo iudex in causa sua,
- Onpartydigheid,
- Aandagbesteding.

Die tug word ook deel van die alledaagse leer en lewe van elke lidmaat van die kerk van Christus. Hieruit word dit sigbaar dat die tug nie sonder Bybelse en geestelike waarhede kan geskied, wat uitgeoefen word deur die ampte sowel as die gelowiges, in billikheid en regverdigheid nie. Verder is dit duidelik dat die tug toegepas moet word in liefde, maar ook met 'n sekere sin van strengheid, waarsonder die tug nie kan nie.

## **DIE PRAKTIESE TOEPASSING VAN DIE TUG**

### **AFDELING 3**

Die afdeling word ontsluit in twee onderskeie hoofstukke wat handel oor die siening van gemeentes oord die tug en die praktiese toepassing daarvan in die kerk. Die twee hoofstukke word as volg bespreek:

- Hoofstuk 7: Menseregte, gemeentes en teenkanting oor die kerklike tughandeling;
- Hoofstuk 8: Die beoefening van die tug in die Praktyk.

Die rede waarom die Hoofstukke saamval is omdat dit juis hier gaan oor wat die impak van die tug op die kerk is. Dit is juis nodig om die hoofstukke deel te maak van die werk omdat dit te doen het met die praktiese kant van die tug, die beoefening van en siening van gemeentes oor die tug.

# **MENSEREGTE, GEMEENTES EN TEENKANTING OOR DIE KERKLIKE TUGHANDELING HOOFSTUK 7**

## **1. Inleiding**

Die hoofstuk handel oor wat die gevoel van gemeentes oor die kerklike tug is, verder is dit nodig om te kyk of die tug nog relevant is al dan nie. Die tug word baie in die kerk as magmisbruik gesien en sodoende word die tug nie toegepas nie. Baie keer is daar 'n minagting van die tug. Die rede hiervoor is dat wanneer iemand vandag getug word, die persoon net bloot die tug verwerp en oorgaan na 'n ander denominasie. Die rede hiervoor is dat die postmoderne era sterk na vore tree. Behalwe hiervoor is die siening daar dat dit tug toegepas word deur sondaars, daarom is dit ook ongewens. Dit is dus nodig om die vraag te vra of die tug nog relevant is vir die kerk vandag.

Hoewel dit teoreties duidelik is dat die kerk nie sonder die tug kan funksioneer nie, is dit nodig om te kyk wat die gevoel van gemeentes oor die saak is. Die tug word baie deur gelowiges verwerp, maar wat is die siening van die verskeie gemeentes oor die saak? Die ondersoek word verder gedoen deur ook te kyk na 'n gevallestudie wat in 1996 deur Kruisgewys gedoen is. Die studie word verder beredeneer in die volgende paragrafe. Voordat daarna gelet word, is dit nodig om eers te let op die impak van die grondwet van menseregte teenoor die uitoefening van die kerklike tug. Die siening is dat die uitoefening daarvan die skending van menseregte tot gevolg het. Dus dwing dit ook 'n diepere ondersoek af. Die hoofstuk val dus in twee paragrafe uiteen.

## **2. Die tug en menseregte**

As daar gelet word op onlangse tuggevalle, het dit die aandag baie gevestig op 'n konflik tussen die menseregte wat weergegee word in die Grondwet van Suid-Afrika. Die grondwet verbied egter diskriminasie oor baie redes bv. op grond van geslag en seksuele oriëntasie. Die vraag moet gevra word of die kerk nog die tug kan toepas, of meer spesifiek: mag dit lede of

predikante ban wat sy morele leerstellings oortree? “By way of an analysis of a recent judgment of the Witwatersrand Division of the South African High Court dealing with an order of ex communication (cherem) under Jewish law, it is shown that the joint effect of the constitutional rights to freedom of religion, freedom of association and free participation in religious communities creates sufficient institutional autonomy for churches in these matters, subject to minimal standards of justice and fairness and provided churches have clear teachings on doctrinal issues.”<sup>137</sup> Dit is duidelik dat die Grondwet van 1996 (artikel 9(3)) die staat verbied om regstreeks of onregstreeks teen iemand te diskrimineer op grond van onder andere geslag, ras, taal, geboorte sowel as “seksuele georiënteerdheid”. Die Grondwet van 1996 van Vryheid van godsdiens, oortuiging en mening (Artikel 15 ( 1-2)) lui soos volg “

(1) Elkeen het die reg op vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en mening.

(2) Godsdiensbeoefening kan by staats- of staatsondersteunde instellings geskied, mits–

(a) daardie beoefening reëls nakom wat deur die tersaaklike openbare gesag gemaak is;

(b) dit op billike grondslag geskied; en

(c) bywoning daarvan vry en vrywillig is.”<sup>138</sup>

Die vraag is wat die betekenis van die artikel van die Grondwet is vir nie-staatlike lewensvorme.

Wat is die implikasie van die grondwet op bv. iemand wat nie as leraar georden word vanweë sy homoseksualiteit nie, teenoor ’n getroude leraar wat owerspel pleeg en uit die gelede geskors word. Aan die ander kant bepaal die Grondwet self dat daar vryheid van assosiasie is van, sowel as, godsdiensvryheid. Die gevolg hiervan is dat elke persoon ook die reg het om saam met ander hul godsdiens te beoefen.

“Reeds in die vorige bedeling het die howe dit duidelik gemaak dat sowel inhoudelike as prosedurele besluite van godsdienstige groepe deur die howe hersien kan word indien daardie

---

<sup>137</sup>Van Wyk (2006:214)

<sup>138</sup> Die Grondwet (1996:7)

besluite nie aan die minimum vereistes van geregtigheid voldoen nie.”<sup>139</sup> Dit is duidelik dat die geregshof sal intree waar ‘n betrokke party se reëls geskend is tydens ’n verhoor, en veral as so ’n skending die veroordeelde werklik benadeel het.

Na aanleiding van bogenoemde is en bly die kerk in beheer van sy uitlegte van Bybelse tekste. Oor wat reg of verkeerd is, word daar erken dat hulle outonomie as vrywillige verenigings gesien behoort te word. Hieruit word dit duidelik gestel dat die kerk self moet besluit oor wat sy leerstelling en siening oor verskeie sake is. “Solank die NG Kerk basiese prosedurele billikheid nakom in die toepassing van kerklike tug teen lidmate wat sy leerstellings oortree, sal die Suid-Afrikaanse howe hulle ook nie daarby laat betrek nie.”<sup>140</sup> Dit is belangrik dat die kerk geen twyfel moet laat oor leerstellings wat met die uitoefening van die reg op godsdienstvryheid verband hou nie. Die kerk moet met sy optrede teenoor sy lidmate billik en regverdig wees, om sodoende te verseker dat daar nie ’n gevaar is van ’n hersiening deur die hof nie. Die slotsom is dat die kerk in beheer bly en is van die uitoefening van die tug in die kerk.

### **3. Die toepassing van die tug in die kerk**

Alhoewel dit duidelik is dat die kerk wel die tug kan toepas is daar in die kerk tog nie die vrymoedigheid om dit toe te pas nie. Dit is nie net as gevolg van die wanpersepsie dat die kerk met die toepassing van die tug, tot gevolg het dat die kerk menseregte skending pleeg nie. Dit is nodig om spesifiek te kyk na wat die siening van die kerk oor die tug self is. Soos wat aan die begin genoem is, kan die tug gesien word as magsmisbruik, maar dit is egter nie die doel van die tug nie. Die eintlike doel van die tug is die eer van God, die heil van die kerk en die behoud van die sondaar. Dit is belangrik om ook die tug in die kerk te onderhou en ook toe te pas. Dit behoort op ’n amptelike sowel as ’n nie-amptelike wyse grondslag te vind in ’n gemeente se funksionering.

---

<sup>139</sup> Van Wyk (2006:218)

<sup>140</sup> Van Wyk (2006:219)

In Beeld het daar 'n artikel oor die tug verskyn. Die artikel se opskrif is “Die kerke wil nie wegjaag, maar behou die tug as teken”. In die artikel word dit gestel dat die merktekens van die kerk, die *notae ecclesiae* kerneienskappe is, waaroor 'n ware kerk moet beskik en wat ook die valse kerk daarvan onderskei. In die artikel word dit verder gestel “Me. Rinel Hugo van die NG Kerk het gesê as lidmaat was sy geskok om te besef dís die merktekens van die kerk. Sy meen die kerk behoort die instelling te wees wat vir armes en gemarginaliseerdes sorg.”<sup>141</sup> Dit is tog hieruit voor die handliggend dat daar 'n wanpersepsie rakende die tug in die kerk is. Na aanleiding hiervan dwing dit 'n mens om te kyk na wat die gevoel rondom die uitoefening van die tug in die kerk is. Dit word dan gedoen deur te kyk na die opnames wat gedoen is deur Kruisgewys.

Die opnames is in 1996 gedoen en juis oor hoeveel tuggevalle in 1994/1995 deur die kerkrade hanteer is. Die gevallestudie resultaat word weergegee in die volgende tabel.<sup>142</sup>

<b>Tabel 210: Amptelike tuggevalle in 1994/95</b>				
<b>Sinode</b>	<b>Geen</b>	<b>Een</b>	<b>2 tot 4</b>	<b>5+</b>
<b>W-Kaap</b>	76.5	6.6	15.3	1.6
<b>O-Kaap</b>	81.8	10.2	5.7	2.3
<b>N-Kaap</b>	80.6	11.3	6.5	1.6
<b>Natal</b>	76.6	8.5	10.6	4.3
<b>OVS</b>	68.9	11.5	14.8	4.9
<b>W-Tvl</b>	80.4	10.3	6.2	3.1
<b>N-Tvl</b>	77.5	7.0	11.3	4.2
<b>S-Tvl</b>	68.8	7.8	14.3	9.1
<b>O-Tvl</b>	75.5	1.9	18.9	3.8
<b>Namibië</b>	75.0	7.1	14.3	3.6
<b>Midde-A</b>	85.7	14.3	0.0	0.0
<b>Totaal</b>	76.0	8.5	11.9	3.6

<sup>141</sup> Jackson (2010)

<sup>142</sup> Die tabel kom uit die volgende artikel: Kruisgewys.(8/3). (2006: 32)

Uit die bostaande tabel is dit duidelik dat daar gedurende die jare 1994-1995, 76% van die tyd, geen tuggevalle was nie. Vier-en-twintig persent van die tyd was daar wel sprake van tuggevalle, in van die gemeentes was daar slegs een tuggeval wat 8.5% uitmaak van die 24%. In van die gemeentes was daar 2 tot 4 tuggevalle gedurende bogenoemde tydperk en dit maak 11.9% van die algehele 24% uit, en laastens, is daar 3.6% van die gemeentes waar daar meer as 5 tuggevalle was. Dit is tog duidelik dat die tug in baie gemeentes nie tot uitvoering kom nie. Meer spesifiek is dit duidelik dat daar nie voldoen word aan die kerklike tughandeling nie. Daar is verskeie redes waarom die tug nie tot uitvoering kom nie, die mees algemeenste is dat die tug nie toegepas word nie omdat lidmate die tug verwerp en na ander denominasies oorgaan. Die wanpersepsie wat daar rondom die tug is maak dat die tug nie tot uitvoering kom nie en sodoende die kerk ook sy roeping en God se wil en doel vir die kerk mis. Alhoewel die tughandeling as negatief beleef word, is dit tog nodig om te vra of die tugproses moet plaasvind. Wat egter benewens die negatiewe beleef word, is dat die tug moet plaasvind in en deur liefde, want anders word die tug net 'n menslike veroordeling. “Zij vergissen zich, zeg ik, in hun mening, die vertrouwen, dat de kerken lange tijd staande kunnen blijven zonder deze band der tucht: of we moeten ongestraft dat hulpmiddel kunnen missen, waarvan de Here voorzien heeft, dat het nodig is voor ons. En ongetwijfeld, hoe groot de noodzakelijkheid daarvan is, zal uit het menigvuldig nut beter doorzien worden.”

#### **4. Teenkanting**

“Die kerklike tug oefening is vroeg reeds met teenkanting begroet. Teenstanders van die tug wys gewoonlik op die hardvogtigheid by die toepassing van die tug by die eerste eeue.”<sup>143</sup> In die navorsingsartikel van Kleynhans wat handel oor die pastorale begeleiding van predikante van die N.G Kerk tydens die kerklike tughandeling, is daar 'n gedeelte oor hoe persone wat deur 'n tugproses gegaan het, dit ervaar het. Die tug word op verskeie maniere toegepas, maar diegene op wie die tug van toepassing is, beleef dit anders of soms negatief. Hulle was geskok:

---

<sup>143</sup> Kleynhans (1988:144)

- dat die tughandeling plaasgevind het (het nooit gedink dat dit met hulle sal gebeur nie);
- dat die kerkordelike prosedures nie nagekom is nie;
- dat hulle beleef het dat die kerke geen hulp, bystand of begeleiding verleen het nie, maar dat hulle eerder isolasie en verwerping ervaar het; en
- dat die ervaring van die tughandeling die van liefdeloosheid was.<sup>144</sup>

Alhoewel die tug toegepas was op die verskeie partye, was die tughandeling as uiters negatief beleef. Die proses is beleef as koud, onpersoonlik, gestroop van eerlikheid, onbillik, onredelik, manipulerend sowel as onchristelik.

## 5. Samevatting

Na aanleiding van die bogenoemde is dit duidelik dat die tug op die praktiese sy nie tot uitvoering kom nie omdat die samelewing verander het. Die gevolg hiervan is dat die tug agterweë gelaat word en dat daar in die kerk nie voldoen word aan die *Notae Ecclesiae* (kenmerke van die kerk) nie. Alhoewel dit gebeur is dit nog steeds duidelik dat die kerk nie die tug tot uitvoering bring nie omdat sy lidmate nie hulself aan God se tughandeling onderwerp nie.

Daar moet aan sekere vereistes voldoen word om die tug reg te laat funksioneer, ook volgens die grondwet. Al dan nie sal daar tot by 'n hof 'n saak van menseregteskending gemaak kan word. Die tug is egter 'n kerklike saak wat op kerklike wyse moet geskied en dit is ook nodig dat die gereghof sal intree as daar sprake is van skending of benadeling van die veroordeelde. Wanneer dit kom by die uitleg van Bybeltekste sowel as morele kwessies, is dit belangrik om te besef dat die kerk so na aan die Bybel behoort te bly as wat menslik moontlik is. Hierdeur word ook die outonomie as vrywillige verenigings gesien.

Dit is tog ook belangrik om tot die besef te kom dat die tug in die gemeentes self op die agtergrond geskuif word. In die empiriese navorsing wat gedoen is handel dit oor die

---

<sup>144</sup> Kleynhans (2013:2)



toepassing van die kerklike tug in die Nederduitse Gereformeerde kerk. In die navorsing kom dit duidelik na vore dat die tug nie meer ten volle toegepas word nie vanweë die vrees dat die kerk sy lidmate kan verloor. Die gevolg hiervan is dat die tug nie toegepas word nie omdat lidmate hul kerklike belydenis om hulself te onderwerp aan die kerklike tug minag en ook verwerp.

Uit die hoofstuk is dit duidelik dat daar in die kerk baie teenkating teen die tug is. Alhoewel dit nodig is vir die tug om tot uitvoering te kom, geskied dit nie omdat die kerk sowel as die lidmate 'n minagting daarvoor het vanweë die feit dat dit aan vroeëre magismisbruik gekoppel word. Die gevolg is dat die tug nie meer toegepas word nie, maar opsy geskuif word om gemeentede te behou in plaas daarvan om mense terug te lei na God toe. Die slotsom waartoe gekom word, is dat 'n kerk wat nie die tug uitoefen nie, 'n kerk is wat nie die roeping van God uitleef nie; en dit is die roeping dat die kerk daargestel word as God se liefdesgemeenskap in die wêreld. Dit is egter broodnodig vir die kerk om die tug toe te pas, juis om die eer van God, die heil van die gemeente, sowel as die behoud van die sondaar te verseker en te bewaar.

Soos wat in die vorige hoofstuk bespreek is hierdie drie elemente van die tug rigtingwysers wat nie die een sonder die ander of die een ten koste van die ander kan funksioneer nie. Sonder hierdie drie elemente gaan daar iets van die aard van die tug verlore. Daarom moet die tug toegepas word tot eer van God, anders maak ons hom tot bespotting. Dit moet plaasvind tot heil van die gemeente, anders verloor die kerk iets van haar invloed en glans na buite. En laastens moet dit plaasvind tot die behoud van die sondaar. Anders het die kerk 'n liefdelose plek geword wat toekyk hoe hulle broers en susters in die geloof verlore gaan.

# **DIE BEOEFENING VAN DIE TUG IN DIE PRAKTYK**

## **HOOFSTUK 8**

### **1. Inleiding**

In hierdie hoofstuk word die praktiese toepassing van die tug beredeneer. Dit is belangrik om te kyk na hoe die tug veronderstel is om toegepas te word, en meer spesifiek, of die teoretiese kant van die tug wat in die vorige afdelings na vore gekom het, ten volle toegepas word.

Daar word dus in die volgende paragrawe veral beredeneer hoe die tug prakties tot uitvoering sal kom in 'n gemeente. Hiervoor word veral gekyk na die stappe wat gevolg word in 'n tugszaak na aanleiding van die NGK-KO. Om dit meer konkreet te verduidelik, word daar verwys na 'n tugszaak wat afgespeel het in 'n gemeente in die Sinode van die Noord-Kaap. Bloot net om te wys dat enige tugszaak 'n geslote vergadering is, moes daar ook toestemming van die kerkraad en die betrokke ringe verkry word om die betrokke inligting te bekom. Hiermee saam word daar ook gekyk na 'n tugszaak wat afgespeel het in die Algemene Sinode van 2007. Dit word in die volgende paragrawe gebruik om te beredeneer hoe die tug tot uitvoering moet kom.

### **2. Die stappe van 'n tugondersoek**

Die tug word uitgeoefen in die kerk en is dus 'n kerklike saak wat op kerklike wyse toegepas word. Voordat daar 'n tugondersoek kan wees, is dit nodig dat daar sekere stappe gevolg moet word, en so ook terwyl die ondersoek aan die gang is. Die stappe word in die volgende paragrawe kortliks uiteengesit en lui as volg:

- Tugwaardige sonde;
- Aanmelding van 'n tugszaak;
- Stappe om geldigheid van tugondersoek te verseker;

- Die uitslag van die ondersoek.

## **2.1. Tugwaardige sonde**

Voordat daar begin kan word, is dit nodig dat daar eers tugwaardige sonde is waarteen daar opgetree kan word. Tugwaardige sonde behoort aan sekere vereistes te voldoen. Artikel 61 van die NGK-KO stel dit duidelik dat 'n tugwaardige sonde die volgende inhoud:

- Dit druis in teen die Woord van God en belydenis van die kerk;
- Sondes wat openbare aanstoot gee;
- Wangedrag van werknemers kragtens diensverhoudinge kan ook gesien word as 'n tugwaardige sonde;
- Die kerklike opsig gaan oor hele lewenswandel van al die lidmate en dit sluit ook die hele gemeente in.<sup>145</sup>

Die tugwaardige sondes is dan wat 'n tugondersoek laat begin. Dit is nodig om te let op die tug as 'n liefdeshandeling en dit is dus nodig om tot die besef te kom dat die tug van toepassing is op alle lidmate - doop- sowel as belydende, ouderlinge, diakens en predikante (insluitend Proponente en Emeriti). Laasgenoemde staan onder die opsig en tug van die ring binne wie se gebied hulle lidmaatskap val.

## **2.2. Aanmelding van 'n tugszaak**

Soos vroeër reeds genoem is dit belangrik dat daar aan sekere voorvereistes voldoen word. Vir 'n tugszaak of aanmelding van 'n tugszaak moet daar sprake wees van 'n tugwaardige sonde waaraan die sondaar blootgestel is. Nadat daar dus 'n tugwaardige sonde is, volg die volgende stappe wat spesifiek gaan oor die aanmelding van die klag, gerug of verslag. Klagtes, gerugte

---

<sup>145</sup>NGK-KO (2007:51)

of 'n verslag dien volgens die NGK-KO op een van die volgende maniere voor die betrokke kerkvergaderings:

- Deur 'n nadelige gerug;
- 'n Skriftelike verslag;
- 'n Verslag aan die kerkvergadering wat voortvloei uit amptelike werksaamhede.<sup>146</sup>

Nadat die aanmelding plaasgevind het, is dit nodig dat die klag of gerug hanteer en ook op skrif gestel moet word. Nadat dit egter gedoen is, moet dit ook skriftelik besorg word aan die aangeklaagde of geïmpliseerde. Die voorskrifte hier rondom word deur Artikel 63.2 tot artikel 63.5 van die NGK-KO bespreek en word ook bygevoeg as Addendum 1 van die werkstuk.

### **2.3. Stappe om geldigheid van tugondersoek te verseker**

“Vir die kerklike tughandeling om geldig te wees, vereis dit dat die kerklike vergadering wat die handeling waarneem regsgeldig moet wees.”<sup>147</sup> Soos wat ook blyk uit die kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde kerk moet die samekomste van die verskillende kerkvergaderinge uit die kerkorde en bepalinge afgelees word. Verder word die reëls ook bepaal deur reëls en beginsels van die gemene reg, tensy dit deur die kerkorde en bepalinge, uitdruklik of by noodsaaklike implikasie, uitgesluit word.

“Kerkvergaderings wat tugondersoek doen vergader in camera of is geslote. Die rede is dat ongesifte of ongetoetsde getuies wat in so 'n ondersoek na vore kom sake in die gemeente onnodig kan bemoeilik.”<sup>148</sup> Verder is dit nodig dat daar aan die audi alterem partem-reël (luister na die ander kant), juis ook by die tugondersoek, gehoor gegee moet word. Die stappe wat gevolg moet word, word kortliks bespreek en lui as volg:

---

<sup>146</sup>NGK-KO (2007:52)

<sup>147</sup> Sadler (1979:84)

<sup>148</sup> Strauss (2010:115)

- Kennisgewing

Die amptenare wat volgens die reëls van 'n organisasie verantwoordelik is om kennis te gee aan elke lid wat geregtig is om die tugondersoek by te woon.

- Opening en kleding

Omdat dit 'n kerklike saak is, moet dit op kerklike wyse geskied. Die gevolg is dat die vergaderings met Skriflesing en gebed geopen en met danksegging afgesluit word.

- Konstituering en samestelling

“Om te konstitueer beteken letterlik om saam te stel of om juridiese vorm aan 'n vergadering te gee. Die konstituering van 'n vergadering is dus die samestelling daarvan op so 'n wyse dat dit aan die geldigheidsvereistes deur die reg gestel, beantwoord.”<sup>149</sup>

- Kworum en suiwering

'n Kworum is die minimum aantal lede wat teenwoordig moet wees, tydens nie net die konstituering daarvan nie, maar ook die hele verloop van die vergadering. Dit is verder die voorsitter se plig om die vergadering te suiwer voordat die tugszaak in behandeling geneem word. “Sekere genoemde persone byvoorbeeld partye, verwante van partye, getuies, lede wat reeds as lede van 'n mindere vergadering oor dieselfde saak gesit het, mag nie sitting neem nie.”<sup>150</sup>

---

<sup>149</sup> Sadler (1979:87)

<sup>150</sup> Sadler (1979:89)

- Rekusering

Hier is dit nodig om te noem wat rekusering behels. Daaronder word verstaan dat “’n regsprekende amptenaar se onttrekking van homself aan ’n saak of ondersoek op grond daarvan dat sy onpartydigheid nie bo twyfel is nie. Die onttrekking kan plaasvind op grond daarvan dat die amptenaar (of lid van ’n vergadering) deur ’n party tot die saak gevra word om hom te onttrek.”<sup>151</sup>

- Afwesigheid en vakature

Hier is dit belangrik dat dieselfde persoon of persone wat met die ondersoek begin, dit ook moet voltooi. Dus, sou daar ’n vakature ontstaan, bly die vakature vakant. Verder is dit ook belangrik dat, sou ’n persoon lank afwesig wees tydens die tugondersoek, so ’n persoon sy sittingsreg verloor.

- Geslotenheid van die vergadering

Waar tugsake of sake van persoonlike aard na vore kom, kan die vergadering in komitee gaan, die gevolg is dat die vergadering gesluit is vir alle persone wat nie wettige lede van die vergadering is nie.

## **2.4. Die Tugondersoek**

Die ondersoek begin wanneer die vergadering ‘n klag in ontvangs neem. Met die verloop van die ondersoek moet die klag ook duidelik met die aangeklaagde meegedeel word. “Dit is wel moontlik dat verskillende dokumente aan die aangeklaagde voorgelê kan word en wat saam gelees moet word om vas te stel wat die klag dan duidelik en maklik vasstelbaar is.”<sup>152</sup> Sou daar egter beslis word dat die besonderhede verstrek of nie genoegsaam geformuleer is nie,

---

<sup>151</sup> Sadler (1979:90)

<sup>152</sup> Sadler (1979:103)

met die gevolg dat aangeklaagde nie sekerheid het waarvoor hy hom moet voorberei nie, kan daar 'n aanvulling van besonderhede kom deur die beginsel van nader besonderhede. “Indien hy egter rede het om te vrees dat sy belange deur die vertraging benadeel sal word, kan hy onmiddellik 'n interdik by die Hooggeregshof aanvra om die kommissie of enige kerkvergadering te verbied om met die tughandeling voort te gaan tot tyd en wyl sodanige besonderhede versterk is.”<sup>153</sup> Die aangeklaagde mag ook afstand doen van sy reg op 'n behoorlike klagskrif en ook om nadere besonderhede te vra. Sou dit egter so vasstaan kan so 'n aangeklaagde nie agterna daarop terugkom nie. Dit is belangrik om ook te besef dat die bevinding net mag plaasvind op die uitdruklike klagtes wat teen die aangeklaagde ingebring is. Die gevolg is dat sou daar nuwe klagtes tydens die ondersoek wees, dit tog nodig is om by die standpunt te bly dat daar behoorlike kennis vir die aangeklaagde gegee word rondom dit waaroor die klag gaan.

Die voorlopige ondersoek vind plaas by getuienisse se afnemings en die beredenering in albei partye se teenwoordigheid, terwyl hulle ook die reg het om mekaar se getuies te toets. So ook mag die vergadering aan die betrokke partye vraestel. Na die voorlopige ondersoek moet die vergadering sy bevinding maak. “Oordeel hy dat die klag of gerug ongegrond is, kan hy dit voorlopig van die hand wys met kennisgewing aan albei partye.”<sup>154</sup> Die bevinding word deur die ring by die volgende vergadering bekragtig. Sou daar egter bevind word dat daar gronde is vir die ondersoek, word die bevinding opskrif gestel, met die gevolg dat die ring binne redelike tyd 'n vergadering roep om die klag te ondersoek.

Die ondersoek bly 'n tugondersoek en word nie 'n verhoor nie en dit bly van kardinale belang. Hierdie ondersoek word ingestel deur 'n kerkvergadering met die oog op die eer van God, die heil van die Kerk en die behoud van die sondaar. Die ondersoek vind plaas met die eise van natuurlike geregtigheid wat bestaan uit vier aspekte eerstens: Audi alteram partem (luister na die ander kant van die saak) Tweedens Nemo iudex in causa sua (niemand is regter in sy eie saak is nie). Derdens: onpartydigheid. Laastens is dit dat genoeg tyd bestee word aan die

---

<sup>153</sup> Sadler (1979:104)

<sup>154</sup> Sadler (1979:114)

tugondersoek dus die begrip aandagbesteding. Die vier begrippe is alreeds bespreek dus word dit bet genoem.

Elke kerkvergadering moet genotuleer word. Die gevolg is dat die sake wat dien op die vergadering vermeld word en die besluite moet woordeliks opgeteken word. “Dit moet duidelik wees dat die notule van ’n tugondersoek, anders as die notule van ’n gewone kerkvergadering, nie net die voorstelle en besluite kan behels nie, maar ’n taamlike volledige verslag van die getuienis wat gly is, moet wees.”<sup>155</sup>

Tydens die ondersoek bly prosedure self ook belangrik. Hierdie prosedure handel oor die orde waarvolgens die ondersoek verloop. Dit beteken dat daar gelet word op hoe en wanneer partye toegelaat word om hulle saak te stel, getuienis te lei en dit te beredeneer. Weereens bly dit belangrik om te besef dat ons met ’n kerklike ondersoek te doen het en nie ’n verhoor nie. Wat duidelik is dat die ondersoek plaasvind in die trant van ’n onderhoud of ’n geestelike gesprek moet verloop. Dus bly die pastorale karakter sowel as die geregtigheid waarin die tug plaasvind onomwonde.

Hierop volg die bewyslewering. Die uitgangspunt is en moet bly dat aangeklaagde onskuldig is totdat sy skuldbewys word. Sou daar ’n beswaar wees teen die prosedure van die ondersoek moet dit dadelik plaasvind. Sou dit nie gebeur nie kan dit beskou word dat die aangeklaagde die prosedure stilswyend aanvaar, met die gevolg dat daar nie beswaar hierteen gemaak kan word nie.

## **2.5. Die uitslag**

Nadat die bogenoemde stappe gevolg is, word daar eerstens ’n *Bevinding* gelewer. “In die Ned. Geref. Kerk se bepaling het dit mettertyd gebruiklik geword om te praat van “bevindinge en uitspraak” wat die kerkvergadering in die saak moet lewer.”<sup>156</sup> Dit is belangrik dat die

---

<sup>155</sup> Sadler (1979:126)

<sup>156</sup> Sadler (1979:140)



bevinding, sowel die feite wat as bewese of onbewese beskou kan word asook die skuldigbevinding of onskuldigbevinding wat daarop gebaseer is, insluit.

Tweedens is *Diskresie* belangrik. Dit handel oor die regsbevoegdheid om 'n sekere handeling te verrig. “Hierdie diskresionêre bevoegdheid veronderstel 'n sekere vryheid om volgens eie insig in die omstandighede op te tree.”<sup>157</sup>

Derdens volg die *Tugmaatreëls*. Daar is verskeie tugmaatreëls, eerstens word die tugmaatreëls wat van toepassing is op die lidmate genoem:

- Vermaning,
- Sensuur.

Dit sluit afhouding van die sakramente in.

- Afsnyding van die gemeente

Die volgende tugmaatreëls is dit wat van toepassing is op ampsdraers en lui as volg:

- Bestraffing,
- Skorsing (*Suspensio*),
- Afsetting (*Depositio*).

Dit is duidelik dat daar ook in die tugstappe iets van die doel van die tug te sien is en dit is om in liefde die sondaar terug te lei na God toe, sonder die liefde waarmee die tug toegepas moet word, word dit 'n koue-kliniese veroordeling van medegelowiges. Om dit duideliker te stel word dit nou prakties gedemonstreer in die volgende paragrawe.

---

<sup>157</sup> Sadler (1979:143)

### **3. Die tugondersoek**

In hierdie gedeelte word daar na twee onderskeie tugsake gekyk om sodoende vas te stel hoe die tugproses prakties moet plaasvind ten einde die kernwaarhede van die tug te laat seëvier. Vanweë die sensitiwiteit van die tug word die betrokke persone nie genoem nie.

#### **3.1. Tugondersoek een**

Hier word gewys op 'n tugondersoek wat afgespeel het in die Noord-Kaapse Sinode in die Ring van Deben en Kimberley. Slegs die hoofpunte wat 'n invloed het op die vloeï van 'n tugondersoek word behandel om ook hierdeur te wys hoe 'n tugondersoek veronderstel is om te verloop.

Vanuit die notule van die 22ste vergadering van Deben gemeente is daar 'n spesiale ondersoekkommissie saamgestel. Hieruit is ook voorgestel dat die ongelukkige groep lidmate van die betrokke gemeente die korrekte prosedure ten aansien van besware teen die optrede van 'n leraar en kerkraad verduidelik en ook 'n skrywe gerig moet word. Verder bied die ring ook geleentheid aan die betrokke gemeente om die huidige stand van sake in die gemeente te stel.

In November 2001 hou die kerkraad 'n vergadering waarin daar na die situasie in die kerk verwys word. 'n Skrywe van ontevrede lidmate is ontvang en word tydens die vergadering bespreek. Daar word ook besluit om af te stap van die ou sake wat alreeds voor die ring gedien het. Alhoewel daar afgestap word van die sake, is daar nog steeds beswaardes in die gemeente.

Op 11 Maart 2002 rig die gemeente 'n appèl aan die Ring van Deben omdat hulle oortuig is dat die vercharismatisering van dienste hulle ontstaan te danke het aan die interkerklike kampe wat deur die Noord-Kaapse Sinode verbied is, maar afgesien van die verbod steeds plaasvind.

Behalwe hiervoor word daar ook in die appèl aangevoer dat ongelegitimeerdes genooi word om dienste te lei en as gevolg hiervan word die samewerking van die ring gevra.

Op 23 April 2002 rig die gemeente 'n appèl aan die Ring van Deben. Die sake van appèl is dan as volg; die liefdelose hantering van lidmate wat met kerkraad en leraar verskil; leersuiwerheid van die leraar word bevraagteken; gesag van die ring word uitgedaag; nadelige gerugte van oordoop; samewerking met ander kerkgroepe; eredienste wat gelei is deur ongelegitimeerdes ens. Dit is duidelik dat daar wel sprake is, soos wat hierbo genoem is, van tugwaardige sondes. Dus is die gronde wel daar vir 'n tugondersoek.

Op 23 April 2002 word die appèl voorgelees, daar word ook bevestig dat die persoon onder bespreking die inligting ontvang het. Die skrywer sal ook ingelig word dat die klag ontvang is.

Op 7 Mei 2002 reageer die ring en as ringskommissie besluit hulle om 'n ringsitting te belê, waartydens besluit sal word oor die hantering van beide die appèlle. Die aanbeveling van die ringskommissie is dat beide appèlle deur 'n ander ring ondersoek moet word. Op 7 Mei word daar ook 'n brief gerig aan die betrokke persoon waarin daar vermeld word dat die onderskeie ringe die appèlle in ontvangs geneem het. Die betrokke ring voel ook dat dit beter sal wees dat 'n ander kerkvergadering nou hierdie appèlle moet hanteer. Hierop volg dat die ringskommissie 'n vergadering van die ring belê om hiervoor magtiging te verleen. Daar word ook 'n datum weergegee van 10 Junie 2002 waartydens prosedures bepaal sal word.

Op 10 Junie 2002 word daar 'n spesiale ringsvergadering gehou waar die verslag van die ringskommissie met betrekking tot die hantering van die appèlle van die betrokke lidmate in ontvangs geneem word. Op dié vergadering word die ontvangs van appèlle van 11 Maart sowel as 23 April in ontvangs geneem en ook so goedgekeur. Die ringskommissie stel ook voor dat beide die appèlle beskikbaar gestel word vir die betrokke vergadering, dit word so goedgekeur. Die appèlle word ook verwys na die Ring van Kimberley vir 'n volledige ondersoek van die inhoud daarvan, dit word ook so goedgekeur.

Daar word ook voorgestel dat indien die Ring van Kimberley volmag verleen word om met betrekking tot beide die appèlle namens die Ring van Deben te besluit op enige maatreëls of remedie wat na goeddunke van die Ring van Kimberley of sy appèlliggaam nodig mag wees om die saak te hanteer. Dit word ook goedgekeur. Die Ring van Deben stel ook voor dat daar volmag verleen word aan die Ring van Kimberley of sy appèlliggaam om te eniger tyd te onttrek aan die ondersoek, en dat 'n ander ring dan genader sal word met die versoek om te help met die ondersoek, ook dit word goedgekeur. Dit word ook goedgekeur dat die Ring van Deben verantwoordelik sal wees vir kostes aangegaan deur die Ring van Kimberley, sowel as die ondersoekkommissie van die ring van Kimberley, in hierdie ondersoek.

Die tweede bylae wat op die betrokke vergadering dien is die verslag deur die persoon wat bespreek word is wat die vergadering oordeel as argumentasie sou wees wat nie die doel van die vergadering is nie

Daar word ook deur die gemeente 'n appèl ingedien en gevra dat die Ring van Kimberley die betrokke ondersoek sal waarneem. Wat egter die probleem was, is dat die tydperk van appèl verstryk het. Hierna word daar deur die Ring van Kimberley tydens sy gewone vergadering kennis geneem van die versoek om namens die Ring van Deben 'n nadelige gerug in die betrokke ring te hanteer. Die Ring van Kimberley sal die betrokke partye besoek met die oog op die inwin of verheldering van inligting.

Daar word 'n kennisgewing uitgestuur aan die betrokke partye soos hierbo genoem. Inligting rakende die datum, tyd en die saak waaroor dit handel word in die kennisgewing vervat. Bylae ter verduideliking van dit waaroor die tugondersoek handel is aangeheg. Daar word ook in die bylae gestel, dat sou daar iemand hom of haar aan die drie sake skuldig maak soos uiteengesit hierbo, dit aanleiding kan gee tot 'n tugondersoek. Die leraar sowel as 'n groot gedeelte van die kerkraad is van hul amp onthef, omdat hul, hul skuldig gemaak het aan tugwaardige sondes.

Hieruit is dit duidelik dat daar sekere stappe gevolg moet word vir die tug om korrek toegepas te word. Sou die tugstappe soos vervat in die Kerkorde van die Ned. Geref. Kerk nie tot uitvoering kom nie, is daar 'n gevaar dat die tugondersoek ongeldig verklaar kan word. Verder is dit duidelik dat liefde, regverdigheid en billikheid 'n pertinente deel uitmaak van die tug, en ook meer spesifiek, die tugondersoek.

### **3.2. Tugondersoek twee**

Die ondersoek word gerig aan die sinode wat in 2007 vergader het. Daar word volgens die handeling aangedui, dat in oorleg met 'n advokaat, die persoon wat ondersoek word, 'n ooreenkoms sal opstel oor die stukke wat aan die Algemene Sinode beskikbaar gestel sal word as appèlrekord.

Die vergadering neem kennis dat die appèlrekord en die ATR se reaksie daarop op gekontroleerde basis aan die afgevaardigdes gestuur word, sowel as dat die streng vertroulike aard van die dokumentasie en vergadering hoog op prys gestel word. Daar word ook 'n tydelike appèlkommissie aangewys wat die Sinodale kommissie adviseer oor hoe om die saak te hanteer. Daar word ook besluit dat die stukke weer ingehandig moet word by die Algemene Sekretaris na afhandeling van appèl. Met dié stappe word die appèl ter tafel geneem.

By die hantering van die appèl word daar 'n tydelike kommissie goedgekeur soos bepaal deur die Agendakommissie wat die vergadering goed aanvul. Die kommissie word ook gesuiwer deur dit pertinent te stel tydens die samestelling van die kommissie dat geeneen van die lede betrokke mag hê by die saak nie.

By die betrokke appèlkommissie word die vergadering gesuiwer. Daar word verduidelik dat enige persoon wat op enige wyse geprejudisieer sou wees, in hierdie vergadering die vergadering sal verlaat, so ook alle besoekers en waarnemers. Daar word ook verwys na Miga 6:8 om te wys met watter gesindheid die vergadering hanteer word.

Die gronde vir ontvanklikheid van die appèl na die Algemene Sinode word aan die vergadering voorgehou en ook goedgekeur met 'n tweederde-meerderheid. Die besluit wat goedgekeur word, is dat die Algemene Sinode in sitting besluit om die appèllant se reg op appèl na die Algemene Sinode in sitting te handhaaf en bevind dat die appèllant se appèl vir die Algemene Sinode in sitting ontvanklik is.

Tydens die vergadering word daar besluit dat die Algemene Sinode nie die bevoegdheid het om te beslis oor die skuldigbevinding van 'n tugwaardige sonde nie. Die gevolg is dat die appèllant geen reg het om diensooreenkomstig daarop aan te dring nie. Tweedens, dat die Algemene Sinode nie die bevoegdheid het om te beslis oor die vraag of ontslag uit die diens van 'n gemeente 'n gepaste tugmaatreël is nie. Derdens is die volledige gronde van appèl van die appèllant dus ook relevant en moet dit deur die Algemene Sinode in sitting in ag geneem word voordat hulle tot 'n bevinding kan kom. Vierdens berus die appèllant se appèlgronde op leergronde, merietegronde sowel as prosedurele gronde. Vyfdens sluit die sake van belang vir die appèllant in, vergoeding en die sinvolle beëindiging van die appèllant se verbintenis met die betrokke gemeente soos bespreek. Laastens word bykomend tot die appèllant se appèlgronde geoordeel dat die tydelike appèlkommissie en/of die Algemene Sinode geregtig en verplig is om gronde of aangeleenthede wat nie deur die partye geopper is nie, maar wat in belang vir geregtigheid is, te opper en te oorweeg.

Die voorstel van die Appèlkommissie word aan die Algemene Sinode in sitting voorgehou. Eerstens, dat die Algemene Sinode die appèllant se appèl handhaaf. Tweedens, dat die Algemene Sinode die koste dra van die verspreiding van die appèlrekord.

### **3.3. Opsomming**

Uit albei die tugondersoeke word daar gewys hoe die tugondersoek aangepak moet word. Die stappe van die tug word bloot weergegee om sodoende te kyk na hoe die tugondersoek moet plaasvind.

## 4. Samevatting

Daar is verskeie stappe waaraan aandag gegee moet word voordat 'n tugondersoek geloods kan word. Dit is eerstens belangrik dat die tugondersoek vooraf gegaan word deur 'n tugwaardige sonde. Dit is iets wat indruis teen die Woord van God en belydenis van die kerk; dit is sondes wat openbare aanstoot gee. Verder kan wangedrag van werknemers kragtens diensverhoudinge ook gesien word as 'n tugwaardige sonde. Laastens gaan kerklike opsig oor die hele lewenswandel van al die lidmate en dit sluit ook die hele gemeente in.

Nadat daar bepaal is dat daar sprake van tugwaardige sonde is, soos wat ook in die gevallestudie genoem is, volg hieruit dat daar gronde is vir 'n tugondersoek. Die stappe wat gevolg moet word in die vergadering van 'n tugondersoek is al bespreek en word hier net kortliks genoem:

- Kennisgewing;
- Opening en kleding;
- Konstituering en samestelling;
- Kworum en suiwering;
- Rekusering;
- Afwesigheid en vakature;
- Geslotenheid van die vergadering.

Hierna volg die uitslag van die ondersoek soos wat ook gesien word in die tugondersoek van die ring van Deben. Die uitslag volg op die volgende wyses wat reeds bespreek is en nou net kortliks genoem word:

1. Bevinding;
2. Diskresie;
3. Tug oor lidmate;
  - 3.1 Vermaning;

3.2 Sensuur;

3.3 Afsnyding van die gemeente;

4. Tug oor amptenare;

4.1 Bestraffing;

4.2 Skorsing (*Suspensio*);

4.3 Afsetting (*Depositio*).

Dit is duidelik dat die tug ten doel het om die eer van God, die heil van die Kerk en ook die behoud van die sondaar te bewerk. Dat die tug in liefde moet geskied is nie onderhandelbaar nie, so nie, kan die gevolg wees dat die tug ontaard in 'n koue-kliniese veroordeling. Gevolglik moet die doel van die tug altyd in die agterkop gehou word wanneer daar 'n ondersoek geloods word, en dit is dat die tug die sondaar moet terug lei na God toe.

Indien nie, moet daar weer probeer word, met meer persone wat die sondaar bemoedig. Die laaste uitweg van die tug is afsnyding van die gemeente, maar dit gebeur net as daar volhard word in die sonde. Dus is liefde, billikheid en ook regverdigheid ononderhandelbaar in die uitoefening van die kerklike tug.



## **SAMEVATTING**

### **AFDELING 4**

Die vorige afdelings bestaan almal uit verskeie hoofstukke wat onderskeie temas hanteer. Dié afdeling is juis die een waarin die vorige afdelings en hoofstukke tot 'n klimaks kom. Hierdie hoofstuk is die negende hoofstuk en is ook die samevatting van die skrywe. Dit is dus ook die algehele samevatting en die slotsom van die studie. Die samevatting van die skrywe volg hieronder.

# SAMEVATTING

## 1. Inleiding

Die tug maak 'n komplekse deel uit van kerkwees. Soos wat aan die begin gesê is, is die tug deel van die *notae ecclesiae* (kenmerke van die kerk) en dus ook broodnodig vir die optimale funksionering van die kerk. Alhoewel die tug nodig is, in en ook vir die kerk, is dit duidelik dat die tug nie optimaal in die kerk funksioneer nie en veral ook omdat daar 'n wanpersepsie is oor die tug, wat hierdie skrywe noodsaak. Hier volg nou 'n uiteensetting van die bevinding wat in die skrywe en analise van die kerklike tug na vore gekom het. In die samevatting word eers individueel op elke afdeling gelet en daarna volg 'n algehele samevatting.

## 2. Die oorsprong van die tug

Die tug word in die kerk geïmplementeer deur Christus wat oor en in sy kerk deur sy Woord en Gees regeer. Die feit dat Christus oor sy Kerk regeer maak iets soos die kerklike tug moontlik. Sonder dat Christus oor sy kerk regeer is die tug nie moontlik nie. Dit is en bly die kern van die tug wat vloei vanuit die koningskap van Christus oor sy kerk. Alhoewel daar nie pertinent in die Ou Testament oor die tug gepraat is nie, is dit tog duidelik dat die tug en toepassing daarvan nie ontken kan word nie. Die tug is dus God se terugroep van sy volk na Hom toe, meer spesifiek God wat sy volk aanmoedig om Hom as enigste Here na te volg.

In die Nuwe Testament word die grondlegging van die tug nog duideliker aangesien hier oor kerkwees gepraat word. Die impak van die tug op die ecclesia is egter onpeilbaar, juis omdat die tug nie sonder die kerk kan nie en ook aan die ander kant dat die kerk nie sonder Christus kan nie. Juis omdat Christus die enigste Koning van sy kerk is en Hy sy kerk vergader, beskerm en ook onderhou, is dit duidelik dat dit ook geskied deur die implementering van die tug in God se kerk. Dit is dus onbetwisbaar dat Christus self die absolute soewereine subjek van die kerklike tug is.

Dit is duidelik dat Christus die subjek van die tug is, maar behalwe hiervoor is dit tog nodig om te beseef dat die tug ook verskeie karaktereienskappe het. Die eerste karaktereienskap van die tug is die liefde. Hierdie is seker die mees fundamentele karaktereienskap van die tug, iets waarsonder die tug nie kan nie. Dit is een van die belangrikste eienskappe, juis omdat ons hierdeur God se roeping vir sy kerk en ook die kerk se lidmate uitoefen, en dit is om eerstens vir God en tweedens ons naaste lief te hê. Omdat die tug deur Christus verorden is, is die tug geestelik van aard. Die tug moet vanuit die Woord van God verstaan en ook toegepas word; dit maak die uitoefening daarvan anders as 'n hofspraak of selfs menslike veroordeling. Die tug het egter ook ander eienskappe soos regterlike, pedagogiese, sowel as 'n genesende karakter. Die tug is egter nie net iets wat deur mense toegepas word nie, maar is juis iets wat geskied en ook verorden is deur Christus.

Dit is ononderhandelbaar dat Christus die Hoof van sy kerk is. Na aanleiding hiervan is hy die een wat in en oor sy kerk regeer en dus ook die subjek van die tug. Hy doen dit omdat Hy die een is wat die algehele gesagsposisie in die kerk bekleed. Daar kan egter nie getwyfel word in die intense betrokkenheid van Christus by die tug nie. Christus is die subjek van die tug. Die gevolg is dat die tug ook deur Hom verorden word om 'n op sekere aard te geskied en dit lui as volg:

- i. Christus verorden die tug omdat hy barmhartig is;
- ii. Die tug raak die heiligheid van die gemeente aan;
- iii. Die tug raak ook die getuie van die kerk en haar invloed in die wêreld aan;
- iv. Die tug raak die eenheid van die kerk aan;
- v. Die tug is laastens deur Christus verorden omdat dit die eer van God aanraak.

Dit is duidelik dat Christus die subjek van die tug is en as gevolg hiervan kan en mag die tug nie sonder haar uitvoerende mag, Christus self, plaasvind nie. Alhoewel Christus die subjek van die tug is, is dit tog nodig om te let op die noodsaaklikheid daarvan. Daar is egter baie teenkanting teen die tug, veral om die rede dat dit gesien word as magsmisbruik ens.

Die tug, gesien vanuit die heerskappy van Christus oor sy kerk, is nodig om ten volle sy heerskappy en gesag in die kerk te bewerkstellig, maar ook om sy gesag te bevestig. Die Skrif self bepleit die feit dat alhoewel daar nie direkte sprake van die tug is nie, dit die tug nie ongeldig maak nie, omdat die implementering daarvan regdeur die Bybel tot uiting kom. Verder is dit belangrik om te besef dat Christus self die tug verorden het. Hy vereis dus van sy kerk om heilig te wees omdat Hy Heilig is.

Dit is hier waar die tug ter sprake kom, want dit is die manier hoe ons die wat weg dwaal van God weer terug lei na Hom toe en sodoende heiligheid in die gemeente bewerkstellig. Waar die heiligheid van God ter sprake kom, moet sy eer ook ter sprake kom, omdat dit hand aan hand loop. Die gevolg van die verwaarlosing van die tug is dat die gemeente nie die Heiligheid van God nastreef nie en dit kan daartoe aanleiding lei gee dat die eer van God in gedrang kom.

Dit is vanselfsprekend dat dit nodig is vir die kerk om ook die eer van God hoog op prys te stel, deur die uitoefening van die tug. Laastens is die tug ook nodig vir die lidmate; omdat God liefde is, vra Hy ook dat ons lief sal wees vir Hom en ook ons naaste. Dit impliseer dat as ons naaste struikel of as jou broeder of suster sondig, die lidmaat wat dit sien gebeur, hom of haar kan terug lei na God toe. Dus is dit duidelik dat 'n versuim om die tug uit te oefen, 'n versuim is om God se wet van liefde uit te leef.

### **3. 'n Analise van die kerkordes van die Nederduitse Gereformeerde kerk**

Artikel 59 van die Nederduitse Gereformeerde kerk se kerkorde kan in twee afdelings verdeel word. Eerstens handel dit oor wat die doel van die kerklike tug is. Wat eerste na vore kom is dat die tug ten doel het om die eer van God te beskerm. Sonder die tug blyk dit dat daar 'n vertrapping van God se eer kan wees. Die tug moet toegepas word, juis om die beeld wat die kerk na buite uitstraal, so helder en duidelik as moontlik oor te bring. Hier is dit duidelik dat die tug die heil van die kerk ten doel het. Die laaste doel van die tug is dat dit toegepas moet word, juis vir die behoud van die sondaar. Die rede hiervoor is omdat die tug ten doel het om die wat weggedwaal het van die Lam af, in liefde terug te lei na Hom toe.

Tweedens handel die artikel oor spesifieke voorskrifte oor wat nodig is vir die regte uitoefening van tug. Die eerste voorskrif is die Heilige Skrif wat *Norma Normans* is. Dit is die eerste voorskrif omdat Christus sy kerk deur sy Woord en Gees regeer. Die tweede voorskrif is die Belydenisskrifte wat as *Norma Normata* figureer. Dit is ook nodig vir die kerkorde om as derde voorskrif te figureer, juis om die regte funksionering en welwese van die kerk te verseker. Die tug het ten: doel die eer van God, die heil van die gemeente, en laastens, die behoud van die sondaar, wat moet voldoen aan die voorskrifte van die Woord van God, die belydenisskrifte, en laastens, die kerkorde.

Artikel 60 van die kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde kerk is egter 'n verdere uitbreiding van artikel 59. Die tug dra 'n geestelike karakter omdat dit deur Christus, wat die Hoof van sy kerk is, verorden word. Die tug is ook geestelik vanweë die manier hoe dit toegepas word. Omdat die tug geestelik van aard is, impliseer dit ook dat die tug plaasvind in 'n liefdes- en geloofsgemeenskap. Die rede hiervoor is dat die tug plaasvind in God se kerk en juis toegepas word in liefde omdat hy dit verorden.

Omdat die tug in die kerk geskied, moet dit op kerklike wyse sowel as deur geestelike middele tot uitvoering kom. Dit is hier waar die doel van die tug duidelik bevestig word - dat dit God se eer, die heil van die kerk, en laastens, die behoud van die sondaar, ten doel het. Die ampte is ook die organisatoriese verteenwoordigers van God se liggaam op aarde en dus ook diegene wat tug uitoefen. Behalwe hiervoor is die tug ook die roeping van elke gemeentelid omdat dit ook die uitvoering van God se wet impliseer. Dit is hier waar ons as medegelowiges mekaar aanmoedig en bemoedig om nie die liefde van Christus te verloën nie. Na aanleiding hiervan moet die tug juis plaasvind in 'n gesindheid van liefde, maar ook strengheid. Die strengheid moet egter nie die genade en liefde van God oorskadu nie, maar dit juis bevestig.

Dit is ook hier waar die gesindhede van 'n tugondersoek en 'n hofsaak duidelik verstaan moet word. Laasgenoemde is 'n koud-kliniese handeling waar dit gaan om by die uitslag uit te kom. Ten eerste gaan meer spesifiek God se eer, die heil van die kerk, en laastens, die behoud van die sondaar. Dit is ook na aanleiding hiervan dat die reëls van natuurlike geregtigheid hier na

vore kom, juis om die billikheid en regverdigheid wat dit veronderstel is, tot uitvoering te bring. Vervolgens word die reëls wat in die betrokke hoofstuk bespreek is kortliks genoem. Dit lui as volg:

- Audi alteram partem;
- Nemo iudex in causa sua;
- Onpartydigheid;
- Aandagbesteding.

Die tug kan immers nie sonder Bybelse sowel as geestelik waarhede geskied nie. Die gevolg is dat hierdie vier reëls voortvloei vanuit die Bybelse beginsels van liefde en geestelikheid. Dit moet uitgeoefen word deur die ampte sowel as alle gelowiges, juis om die liefde van Christus vir sy kerk te bevestig. Die toepassing hiervan moet dan geskied met strengheid, maar veral in liefde, juis om die tug billik en regverdig toe te pas.

#### **4. Impak en praktiese toepassing van die tug**

Alhoewel die tug toegepas moet word geskied dit nie aldag nie. Die rede hiervoor is dat die samelewing verander en die tug agterweë bly omdat die tug gesien word as magmisbruik of menseregte skending ens. Die tug moet aan sekere vereistes voldoen volgens die Skrif sowel as die kerkordes. Sou daar egter nie aan die vereistes voldoen word nie, sou dit kan vorder tot by 'n hof. Alhoewel die saak na die hof toe geneem kan word, bly dit die kerk se reg sowel as voorreg, om sy leerstellings daar te stel en ook sodoende die tug te kan uitoefen.

Op kerklike vlak word die tug ook op die agtergrond geskuif in gemeentes. Na aanleiding van navorsing wat gedoen is deur Kruisgewys is dit duidelik dat die tug amptelik of nie-amptelik figureer in baie van die Nederduitse Gereformeerde kerke. Hier is grootliks die vrees, eerstens van die kerk, dat sou die tug toegepas word, dit tot gevolg sou hê dat die kerk leegloop. Tweedens is daar die vraag wat by gemeentede ontstaan, van waarom hulle hulself moet onderwerp aan die kerklike tug, as hul bloot net kan oorgaan na 'n ander denominasie. Soos wat genoem is, is dit die kerk en ook elke gelowige se christelike voorveronderstelling om

hom of haar te onderwerp aan die kerklike tug, juis omdat dit deur haar Koning, Priester en Profeet, onse Here Christus Jesus, verorden is. Die tug is dan na aanleiding hiervan 'n ononderhandelbare handeling, en dus een van die *Notae Ecclesiae* (kenmerke van die kerk), waarsonder die kerk nie kan nie.

Alhoewel dit nodig is vir die tug om uitgeoefen te word in die gemeente, is dit nodig dat daar aan sekere vereistes voldoen moet word, vir die tug om reg en ordelik in die kerk tot uitvoering te kom. Die stappe begin dan by die tugwaardige sonde waarsonder daar nie 'n tugondersoek geloods kan word nie. Hierna volg dat 'n tugondersoek geloods kan word, maar dat die tugondersoek deur 'n kennisgewing voorafgegaan moet word. Tydens die ondersoek is dit noodsaaklik dat die volgende elemente teenwoordig moet wees op die vergadering:

- Opening en kleding;
- Konstituering en samestelling;
- Kworum en suiwering;
- Rekusering;
- Afwesigheid en vakature;
- Geslotenheid van die vergadering.

Na die aangeleentheid moet daar tot 'n konklusie gekom word en dit is dan juis hier waar die uitslag van die tugondersoek tot uiting kom. Die eer van God, heil van die kerk en die behoud van die sondaar bly dus die hoogste doel van die tug.

## **5. Samevatting**

Uit die studie word daar tot die gevolgtrekking gekom dat die tug sy ontstaan vind in die Heilige Skrif. Verder beskik die tug oor sekere eienskappe, wat insluit dat die tug geestelik van aard is en ook 'n liefdeseienskap het. Uit die studie is dit ook duidelik dat die tug verorden word deur Christus self en dit is ook nog meer rede hoekom die tug deel uitmaak van die *Notae Ecclesiae*. Dit is na aanleiding hiervan duidelik dat die tug noodsaaklik is vir die kerk,

sowel as lidmate, asook elke gemeente, want dit word deur Christus verorden om die wat wegdwaal van Hom af ook terug te lei na hom toe.

Die tug word toegepas vanuit die verstaan van die Skrif, Belydenis en ook die kerkorde. Hieruit is dit ook duidelik dat die tug ten doel het om die eer van God, die heil van die kerk, en laastens, die behoud van die sondaar, te verseker. Verder word die tug toegepas in 'n liefdes- en geloofsgemeenskap waar Christus aan die Hoof van sy kerk staan.

Verder is dit belangrik om te besef dat die tug nie 'n koud-kliniese verhoor is nie, maar dat dit 'n handeling is wat in liefde geskied en wat ook gepaard gaan met billikheid en regverdigheid. Alhoewel die tughandeling bevraagteken word, is dit duidelik dat dit juis toegepas moet word, omdat dit verorden is deur Christus wat al die gesag, heerskappy en mag in die kerk het. Verder is dit belangrik dat daar sekere voorvereistes is waaraan 'n tugondersoek moet voldoen.

Na aanleiding van die studie is dit duidelik dat die tug 'n pertinente deel uitmaak van kerkwees. Die tug moet ook nie opsy geskuif word ter wille van menslike gevoelens nie, maar dit moet uitgevoer word, omdat dit verorden is deur Christus self.

Die aard van die tug moet na aanleiding hiervan vanuit Christus verstaan word, wat oor die kerk en ook in die kerk, sy mag en heerskappy ontbloot deur sy Woord en Gees. Verder, dat daar met die uitoefening van die tug, tot die slotsom gekom word dat die kenmerke van die kerk (notae ecclesia) - die Woord, Sakrament en Tug - behoue moet bly, anders word daar iets prysgegee van kerkwees.

Die studie word beëindig deur te stel dat die aard van die tug verstaan moet word vanuit Christus wat dit verorden het. Na aanleiding hiervan moet die tug in sy kerk geskied by wyse van liefde, billikheid en regverdigheid, anders gee ons, ons roeping as God se kerk prys vir menslike aanvaarding.



## OPSOMMING

Die tug word deur Christus moontlik gemaak wat sy kerk deur sy Woord en Gees regeer. Hy is die een wat sy kerk regeer. En so word die tug 'n uitvloeisel van Christus se gesag in die kerk. Die lyne van die tug kom voor in die Woord van God. Hieruit kom dit na vore dat die tug nie net iets is wat uit die lug gegryp is, waaraan daar geen waarde geheg kan word nie, maar dit is 'n fundamentele deel van kerkwees. Die tug is deur ons drie-enige God self gebruik om sy uitverkorenes na Hom te lei. Die tug is soos 'n veelsydige diamant wat verskeie karaktereienskappe het soos liefde. Die gevolg hiervan is dat juis die liefde wat God vir die mens het, ons as volgelingen ook aan mekaar moet bewys en oordra. Die tug beskik ook oor 'n geestelike karakter. Ander karaktereienskappe van die tug is die regtelike, pedagogiese, sowel as 'n genesende of pastorale karakter waaroor die tug beskik. Christus is die een wat die tug uitoefen. Hy is die Subjek van die tug.

Die noodsaaklikheid van die tug kan beredeneer word vanuit die Ou Testament sowel as die Nuwe Testament. Die prinsiep van die tug word deur Christus self aan sy dissipels geleer. Christus self het die tug verorden en dus is dit ook noodsaaklik om die tug as kerklike handeling te onderhou. Die tug is noodsaaklik, juis ook vir die kerk, omdat God heiligheid in sy kerk vereis. Hy vereis dit omdat Hy heilig is en ook van sy gemeente verwag om heilig te wees.

In die NGK-Ko artikel 59 blyk dit dat die tug die eer van God, die heil van die kerk en die behoud van die sondaars ten doel het. Die tug is deur God verorden om die wat weg dwaal van die Lam, in liefde terug te lei na Hom toe. Die artikel gaan ook verder en wys dat daar sekere voorskrifte is wat nodig is vir die tug om reg uitgevoer te word. Die voorskrifte is dat die tug moet geskied deur die Woord van God, die Belydenisskrifte, die kerkorde en ander bepalings van die kerk sowel as die diensooreenkomste.

Die tug word ook deel van die alledaagse leer en lewe van elke lidmaat van die kerk van Christus. Hieruit word dit sigbaar dat die tug nie sonder Bybelse en geestelike waarhede kan geskied, wat uitgeoefen word deur die ampte sowel as die gelowiges, in billikheid en regverdigheid nie. Verder is dit duidelik dat die tug toegepas moet word in liefde, maar ook met 'n sekere sin van strengheid, waarsonder die tug nie kan nie.

Tog as 'n mens na die praktiese sy van die tug uitoefening kyk word dit agterweë gelaat vanweë die vrees dat die kerk sy lidmate kan verloor. Die slotsom waartoe gekom word, is dat 'n kerk wat nie die tug uitoefen nie, 'n kerk is wat nie die roeping van God uitleef nie; en dit is die roeping dat die kerk daargestel word as God se liefdesgemeenskap in die wêreld.

Christus is die een wat die tug verorden en daarom moet die tug geskied by wyse van liefde, billikheid en regverdigheid, anders gee ons ons roeping as God se kerk prys vir menslike aanvaarding.

## SUMMARY

The church discipline is made possible by Christ that governs his church through his Word and Spirit. He is the one that governs his church. Thus the church discipline becomes a result of Christ's authority in the church. The lines of the church discipline are visible in God's Word. From this it emerges that the church discipline is not something that is unfounded, but something that is fundamental in the life of the church. The church discipline is used by the Triune God to lead his chosen ones to Him. The church discipline is just like multifaceted diamond that has many characteristics like love. The result is that the love that God has for man, we as his followers have to prove and convey to each other. The church discipline also has a spiritual character. Other characteristics of the church discipline are the judicial, pedagogical, as well as a healing and pastoral character that the church discipline has. Christ is the one that applies the church discipline. He is the Subject of the church discipline.

The necessity of the church discipline can be argued from the Old Testament as well as the New Testament. The principle of the church discipline is taught to the disciples by Christ Himself. Christ self has ordained the church discipline and thus it is necessary to maintain the church discipline as a church action. The church discipline is necessary, particularly for the church, because God requires holiness in his church. He requires this because He is holy and He also expects his assembly to be holy.

In the Dutch Reformed Church-Church order article 59 it seems that church discipline seeks the glory of God, the salvation of the church and the preservation of sinners. The church discipline is ordained by God to lead those who wander from the Lamb back to him in love. The article goes further to show that there are certain requirements needed for the church discipline to be carried out correctly. The requirements are that the church discipline should be by the Word of God, the Creeds, the church order and other stipulations of the church as well as the service agreements.

The church discipline also becomes part of the everyday doctrine and life of each member of the church of Christ. From this it is evident that the church discipline cannot take place without Biblical or spiritual truths, which is exercised by the offices and the believers, in

equity and justice. Furthermore it is clear that the church discipline should be applied in love, but also with a certain sense of rigor, without which the church discipline cannot be applied.

Yet, if one looks at the practical side of the execution of the church discipline, it is neglected because of the fear that the church could lose its members. The conclusion is that a church that does not exercise the church discipline is a church that does not fulfil its calling from God, and that is the calling that the church is established as God's love fellowship in the world.

Christ is the one that ordains the church discipline and therefore the church discipline must be applied through love, equity and justice, otherwise we abandon our calling as God's church for worldly acceptance.

## **KERNBEGRIPE**

Skrif	Scripture
Kerkorde	Church order
Kerklike tug	Church discipline
Karakter van die kerklike tug	Character of the church law
Christus as subjek	Christ as subject
Noodsaaklikheid van die tug	Necessity of the law
Tot eer van God	The glory of God
Tot heil van die Kerk	Salvation of the Church
Behoud van die sondaar	Preservation of sinners
Tugondersoek	Disciplinary investigation

## BIBLIOGRAFIE

- 1933, 1953. *Die Bybel*. Kaapstad, Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- 1983. *Die Bybel*. Kaapstad, Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- 1988. *Handboek vir die Erediens van die NG Kerk*. Kaapstad, NG Kerk Uitgewers.
- 1996. *Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Soos op 8 Mei 1996 aangeneem en op 11 Oktober 1996 gewysig deur die Grondwetlike Vergadering*. Kaapstad: Grondwetlike Vergadering.
- 2006. *Kruisgewys (8/3)*.
- 2007. *Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*.
- 2008. *Ons glo; Die drie formuliere van eenheid en ekumeniese belydenisse*. Wellington, Lux Verbi.BM.
- 2009. Addendum van *Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die OVS*.
- 2011. *Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*.
- Biesterveld, P. Kuyper, H.H. 1905. *Kerklyk Handboekje (...) der Ned. Synoden [1568-1619]*. Kampen, J.H. Bos.
- Bouwman, H. 1912. *De Kerkelijke Tucht*. Kampen, J.H. Kok.
- Bouwman, H. 1934. *Gereformeerde kerkrecht; Het recht der Kerken in de Practijk*. Kampen, J.H. Kok N.V.
- Celliers, A. 2003. *Skrif en Kerkorde; Enkele konstantes vanuit n veelkantige beeld*. Ekklesiologie, Universiteit van die Vrystaat. Doctor Theologiae.
- De Gier, K. 1989. *De Dordtse Kerkorde*. Houten, Den Hertog.
- De Villiers, D.E. 2008. "Postmodernisme" in *Christelike Kernensiklopedie*, eds Gaum, F. e.a. Wellington, Lux Verbi.BM.
- Greyvensteyn, J. 1973. *Die Kerklike Tug; 'n Prinsipiële beskouing en praktiese ondersoek daarna in die Nederduitse Gereformeerde Kerk van die Noord-Transvaal*. Pretoria, Universiteit van Pretoria. Doctor Divinitatis.
- Groenewald, E. P. 1967. *Die Eerste Brief aan die Korinthiërs*. Kaapstad, Lux Verbi.

- Grosheide, F. W. 1952. "Wat Leert het Nieuwe Testament inzake de Tucht?" Exegetica; Oud-en Nuwe- Testamentiese Studiën 3(1).
- Hooijer, C. 1809. *Oude Kerkordeningen der Nederlandsche Hervormde gemeenten (1562-1638)*. Zalt-Bommel, Noman en Zoon.
- Jackson, N. 2010. "Kerke wil nie wegjaag, maar behou tug as teken", Beeld 8 Maart.
- Jansen, J. 1913. *De Kerkelijke Tucht; Handleiding ten dienste der Gereformeerde Kerken*. Nijverdal, E.J. Bosch JBZN.
- Jansen, J. 1952. *Korte verklaring van de Kerkorde der Gereformeerde Kerken*. Kampen, Kok.
- Jonker, W. D. 1965. *Om die regering van Christus in sy Kerk*. Pretoria.
- Jonker, W. D. 1978. *En as jou broeder Sondig; Enkele aspekte van die kerklike tug*. Kaapstad, N.G. Kerk-Uitgewers.
- Jonker, W. D. 1994. *Bevrydende Waarheid; Die karakter van die Gereformeerde belydenis*. Wellington, Hugenate-Uitgewers.
- Kamphuis, J. 1981. *Om de Heiligheid van de gemeente*. Kampen.
- Kleynhans, C.T. 2013. *Die pastorale begeleiding van predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk tydens die kerklike tughandeling*. HTS Teologiese Studies; Vol 69, No 2.
- Kleynhans, E. P. J. 1973. *Die Kerkregtelike ontwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde kerk in Suid-Afrika 1795-1962*. Ekklesiologie. Stellenbosch, Stellenbosch. DTh.
- Kleynhans, E. P. J. 1988. *Gereformeerde Kerkreg; Die arbeid en betrekkinge van die kerk*. Pretoria, N.G. Kerkboekhandel
- Kruger, L. S. 1957. *Die praktiese toepassing van die Kerklike Tug. Deur Christus Alleen*, Dr. A.H. Bogaards.
- Loggerenberg, J. H. v. 1972. *Kerklike opsig en Tug in die Nederduitse Gereformeerde Gemeente 1848-1948*. Stellenbosch, Stellenbosch. MTH.
- McGrath, A.E. 2007. *Christian Theology, An Introduction*. Oxford, Blackwell Publishing.

- Nauta, D. 1971. *Verklaring van de kerkorde van die Gereformeerde Kerken in Nederland*. Kampen, J.H. KOK N.V.
- Polman, A.D.R. 1957. *Woord en Belijdenis – eenvoudige verklaring van de Nederlandse Geloofsbelijdenis*, deel 1 en 2. Franeker, T. Wever.
- Pont, A. D. 1981. *Die historiese agtergronde van ons Kerklike Reg*. Pretoria, Kaapstad, HAUM Uitgewery.
- Sadler, T. H. N. 1979. *Die Kerklike Tughandeling*. Pretoria, N.G. Kerkboekhandel.
- Simpson, H. W. 1980. *Institusie van die Christelike godsdiens*. J. Calvyn. Potchefstroom, Calvyn-Jubileum. IV.
- Sizoo, A. 1956. *Johannes Calvijn Institusie of onderwysing in de christelike godsdiens, derde deel*. Delft, Naamlose Vennootschap W.D. Meinema.
- Strauss, P.J. 2010. *Kerk en Orde Vandag. Met die klem op die NG Kerk*. Bloemfontein, Sun Media.
- Van Rensburg, G. M. R. J. 1971. *Tug in die plaaslike gemeente*. Stellenbosch, Stellenbosch.
- Van Wyk, A. V. 2006. "Die akte van menseregte en kerklike tug: 'n potensiële dilemma." N. G. Teologiese Tydskrif Deel 47(Nommer 1 en 2).
- Visser, J. 1979. *Kerklike Tug; Wat sê die Nuwe Testament*. Potchefstroom, Teologiese Skool.
- Vorster, J. D. 1956. *Die Kerkregtelike ontwikkeling van die Kaapse kerk onder die Kompanjie 1652-1792*. Potchefstroom, Pro Rege-Pers Beperk.
- Vorster, J. D. 1960. "Die Kerkorde vir die Ned. Geref. Kerke: Die besware daarteen en die betekenis daarvan." N. G. Teologiese Tydskrif(1/4): 12-18.



## ADDENDUM

### Artikel 63.3 tot 63.5 van die NG Kerk Kerkorde 2009 lui as volg:

#### 63.3. Aanvanklike hantering van 'n klag, gerug of verslag

- 63.3.1. By ontvangs van 'n klag, gerug of verslag en vóórdat besluit word om dit amptelik in behandeling te neem:
- 63.3.1.1. Word die kerkvergadering of die gevolmagtigde kommissie gesuiwer van die persone oor wie die klag, gerug of verslag gaan asook van die klaer of aanbringer van die gerug of verslag;
- 63.3.1.2. Stel die kerkvergadering of sy gevolmagtigde kommissie eers vas of die klag, gerug of verslag tot 'n amptelike ondersoek van beweerde tugwaardige sonde sou kon lei;
- 63.3.1.3. 'n Kerkvergadering of sy gevolmagtigde kommissie kan eers probeer om, waar toepaslik, die saak deur herderlike sorg, versoeningsaksie, of die hantering daarvan as 'n geskil, op te los. Indien so 'n proses nie die gewenste resultaat lewer nie, gaan die ondersoek amptelik voort;
- 63.3.1.4. Indien besluit word om 'n beweerde tugwaardige sonde nie amptelik te ondersoek nie, moet die klaer of aanbringer van die gerug of verslag, asook die persoon oor wie die klag of gerug gaan, waar nodig skriftelik in kennis gestel word;
- 63.3.1.5. 'n Klag, gerug of verslag wat ontvang word, word nadat dit ter tafel geneem is, die besit van die betrokke kerkvergadering of sy gevolmagtigde kommissie en kan nie sonder toestemming van die betrokke kerkvergadering of sy gevolmagtigde kommissie teruggetrek word nie.
- 63.3.1.6. Indien besluit word om die beweerde tugwaardige sonde amptelik te ondersoek, word die inhoud op skrif gestel.
- 63.3.1.7. Indien 'n ampsdraer voor of tydens 'n ondersoek na aanleiding van 'n tugklag of gerug teen hom/haar bedank, gaan die bevoegde kerkvergadering voort om die ondersoek te hanteer en die nodige besluit(e) te neem.

#### **63.4. Opskrifstelling van 'n klag, gerug of verslag**

- 63.4.1. Die aangewese ondersoekliggaam is verantwoordelik vir die opskrifstelling van die gerug.
- 63.4.2. In die geval van 'n klag kan die ondersoekliggaam die klaer adviseer met betrekking tot die formulering van die klag. Dit geskied met goedkeuring van die klaer.
- 63.4.3. In die geval van 'n verslag formuleer die ondersoekliggaam self die beweerde sonde wat ondersoek moet word.
- 63.4.4. 'n Geformuleerde klag wat ondersoek word moet skriftelik die aard, plek en tyd van die beweerde sonde vermeld.

#### **63.5. Besorging van klag of gerug**

Die inhoud van die geformuleerde klag of gerug moet 'n redelike tyd vóór die ondersoek daarvan, skriftelik aan die aangeklaagde of geïmpliseerde besorg word.